

# Inhoudsopgawe

Opsomming

Abstract

<b>Inleiding .....</b>	<b>2</b>
<b>Hoofstuk 1: Vertaalteorie.....</b>	<b>4</b>
1.1 Agtergrond .....	4
1.2 Ekwivalensie .....	6
1.3 Funkisionalisme .....	7
1.4 Die definisie van die vertaalopdrag en die belangrikheid van koherensie.....	11
<b>Hoofstuk 2: Vertaalopdrag .....</b>	<b>13</b>
Analise van die vertaalopdrag.....	13
2.1 Bronteksoriëntasie.....	13
2.2 Doeltaallesers .....	14
2.3 Die eindproduk.....	14
2.4 Werkswyse .....	15
<b>Hoofstuk 3: Catulli Carmina .....</b>	<b>16</b>
<b>Hoofstuk 4: Kommentaar .....</b>	<b>101</b>
4.1 Miser .....	102
4.2 Seksueel vulgêre woordeskat.....	107
4.3 deliciae .....	113
4.4 lepidus en venustus .....	117
4.5 Enkele frases wat kommentaar vereis.....	121
<b>Slot.....</b>	<b>129</b>
<b>Bronnelys .....</b>	<b>131</b>

## Inleiding

Daar is byna 'n oorvloed van Catullus-vertalings beskikbaar in die prominente Westerse tale en jaarliks kom nuwes te voorskyn. Tog publiseer uitgewers geen teks sonder 'n goeie motivering nie; die behoefte aan 'n betrokke publikasie moet duidelik uitgespel word om die finansiering te regverdig. Daarom moet elke vertaler voldoen aan 'n spesifieke behoefte wat hy/sy vooraf geïdentifiseer het as motivering vir nog 'n nuwe vertaling.

Die behoefte aan 'n brontekstgeoriënteerde vertaling in kontemporêre Afrikaans van Catullus se volledige oeuvre spreek vanself. Tot op hede bestaan daar net een Afrikaanse vertaling van Catullus wat dateer uit 1937 en geensins 'n volledige vertaling is nie – van die 113 gedigte het T.J. Haarhoff (*Die liefde van Catullus*) slegs 21 vertaal. Haarhoff se gedigte is esteties, maar ouderwets en 'n vrye weergawe van die Latyn in 'n poging om dit te laat rym. Hy het dus 'n benadering soortgelyk aan dinamiese ekwivalensie (soos later gedefinieer deur Eugene Nida in die 1960's) gevolg in sy strewe na ekwivalente *effek* in die doeltaal en die oorspronklike *teks* ondergeskik daaraan gestel. Hy regverdig egter sy benadering in 'n voetnota by sy eerste vertaling (Haarhoff, 1937:32):

“Die kursief-gedrukte verse in wat daar volg, weerspieël die gemoedstemming van Catullus. Hulle is nie letterlike vertalings nie.”

Haarhoff plaas vertalings van Catullus, in kursief, tussen sy eie gedigte om op die ouend 'n aaneenlopende verhaal te skep. Sy vertalings is dus geensins filologies van aard nie, maar probeer iets van die oorspronklike inhoud oordra in 'n esteties bevredigende geheel. Sy teikengroep is lesers van Afrikaanse poësie en nie noodwendig akademici of liefhebbers van die Klassieke nie. (Haarhoff is, buiten 'n klassikus, 'n digter in eie reg met meer as een bundel agter sy naam.)

Binne die veld van vertaling is dit die funksionalisme wat fokus op die kommunikatiewe funksie van vertaling, veral as 'n aktiwiteit wat in 'n spesifieke kulturomgewing plaasvind. Die beoogde funksie of doel van 'n vertaling staan sentraal. Hand aan hand met die funksie gaan die beoogde teikengroep en saam bepaal hulle die aard van die vertaling en die metodes wat gevolg gaan word.

Funksionalisme, soos gedefinieer deur Christiane Nord, lê klem op lojaliteit aan die bronteks as etiese beperking op die andersins onbeperkte aantal moontlike doeleindes vir die vertaling van 'n spesifieke teks. Dit is juis daarom Nord se funksionalistiese model wat gevolg word in my strewende na bronteksgeoriënteerde vertalings van Catullus in Afrikaans; iets wat nie nog nie voorheen gedoen is nie.

My vertalings van Catullus is gemik op filoloë en liefhebbers van die Klassieke wat beskik oor die nodige kennis van die Romeinse wêreld om die gedigte te kan waardeer binne die konteks waarin dit geskryf is. Die doel van die vertalings is daarom om 'n getroue weergawe van die Latynse teks te skep in helder, idiomatiese Afrikaans wat die beeldspraak, stylfigure en unieke karakter van die oorspronklike (soos gesien in die tipografie, woordkeuses ensovoorts) weerspieël.

Hoewel daar 'n groot verskeidenheid van denkrigtings binne die veld van vertaling bestaan, word in hoofstuk een slegs dié bespreek wat betrekking het op hierdie tesis. Daar word ook kortliks verwys na die agtergrond van die veld, veral omdat prominente tydgenote van Catullus reeds in die voor-Christelike era opinies oor vertaling uitgespreek het. Die vertaalopdrag waarin die funksie, doellesers en metodologie duidelik uiteengesit word, maak hoofstuk twee uit.



My eie vertalings van Catullus vorm die sentrale gedeelte van die tesis (hoofstuk drie).

Ten slotte word my vertalings in hoofstuk vier vergelyk en regverdig aan die hand van Haarhoff en ses relatief onlangse vertalings in die Germaanse tale wat ek magtig is. Uitgesoekte passasies en woorde uit die verskillende vertalings word vergelyk ten einde te besluit watter vertalings meer gepas is as ander in die lig van 'n bronteksgeoriënteerde funksionalistiese model.

# Hoofstuk 1: Vertaalteorie

## 1.1 Agtergrond

Tot en met die tweede helfte van die twintigste eeu het vertaalteorie hoofsaaklik bestaan uit die onderskeid tussen en debat rondom 'n letterlike, woord-vir-woord vertaling en 'n vrye, betekenis-vir-betekenis vertaling. Catullus se tydgenoot Cicero (106-43 v.C.) het in sy werk *De optimo genere oratorum*, 'n vertaling uit die Grieks van die toesprake van Aeschines en Demosthenes, sy voorkeure vir 'n betekenis-vir-betekenis vertaling uitgespreek (Munday, 2001:7, 19).

*Nec converti ut interpres, sed ut orator, sententiis isdem et earum formis tamquam figuris, verbis ad nostram consuetudinem aptis. In quibus non verbum pro verbo necesse habui reddere, sed genus omne verborum vimque servavi* (Hubbell, 1949:364).

“En ek het dit nie vertaal as tolk nie, maar as redenaar deur dieselfde gedagtes en vorme te behou, die stylfigure van die oorspronklike as't ware, maar in die taal van ons alledaagse gebruik. Hierin het ek dit nie nodig geag om woord vir woord te vertaal nie, maar ek het die algemene styl en dryfkrag van die woorde behou.” (eie vertaling)

Ook die latere digter Horatius (65-8 v.C.) het in sy bekende *Ars Poetica* die doel van die vertaler onderstreep om 'n esteties bevredigende teks in die doeltaal te skep (Munday, 2001:20).


*Publica materies privati iuris erit, si non circa vilem patulumque moraberis orbem, nec verbo verbum curabis reddere fidus interpres...*(Fairclough, 1966:460).

“'n Bekende tema sal vir jou 'n eie reg bring, indien jy nie aankarring langs die gewone, breë weg en nie poog om woord vir woord weer te gee soos 'n slaafse vertaler nie...(eie vertaling)

Hierdie sienings het inslag gevind in Bybelvertaling by Hieronimus in die vierde eeu na Christus en Martin Luther in die sestende eeu. Met sy eie Latynse vertaling van die Griekse Ou Testament haal Hieronimus Cicero aan om sy betekenis-vir-betekenis benadering te regverdig. Ironies genoeg was die grootste voorstander van letterlike vertaling, die Rooms-Katolieke Kerk, steeds vir meer as 'n duisend jaar na Hieronimus behep met die vertaling van die “korrekte” betekenis van die Bybel aangesien enige afwykings as godslaster beskou is. Nie-letterlike vertalings is gesien as 'n wapen teen die Kerk. Hiervan is Martin Luther die bekendste voorbeeld. Hoewel Luther nie werklik uitgebrei het op Hieronimus se teorie nie, was sy vertaling van die Bybel in die taal (Duits) van die gewone mens, met die aandag gevestig op die doelteks en die behoeftes van sy lesers, deurslaggewend (Basson, 2002:15; Munday, 2001:20, 22-23).

Soos Hieronimus dui Luther op die feit dat 'n woord-vir-woord vertaling nie dieselfde betekenis as die brontaal kan oordra nie en soms onverstaanbaar kan wees in die doelteks. Hy illustreer hierdie siening met 'n aanhaling van Matteus 12:34 (Munday, 2001:23) [aangepas vir 'n Afrikaanse konteks]:

*Ex abuntia cordis os loquitur.*



Die 1933 Afrikaanse vertaling volg 'n letterlike benadering:

“Want uit die oorfloed van die hart praat die mond.”

Luther vertaal dit met 'n algemene Duitse idioom:

“Wes der Herz voll ist, des geht der mund über.”

Ons gebruik dieselfde idioom in Afrikaans: “waar die hart van vol is, loop die mond van oor”. Dit is dan ook hierdie idioom wat in 1983 gebruik is vir die nuwe Afrikaanse vertaling.

Die vyftig jaar wat verbygegaan het tussen bogenoemde Afrikaanse vertalings van die Bybel het uiteindelik die eerste ontwikkeling op die gebied van vertaalteorie gesien en 'n wegbeweeg van die eng debat tussen “letterlik” en “vry”.

## 1.2 Ekwivalensie

Teoretici het in die 1950s en 1960s 'n meer sistematiese analise van vertaling begin volg. Die nuwe debat het gefokus op kernvraagpunte waarvan die mees prominente “ekwivalensie” was. Vir 'n tydperk van ongeveer twintig jaar is verskeie pogings aangewend om die aard van ekwivalensie te definieer. Eugene Nida se beginsels van formele en dinamiese ekwivalensie en ekwivalente effek het die grootste invloed uitgeoefen (Munday, 2001:35-36).

Nida poog om vertaling wetenskaplik te begrond deur onlangse insigte in die veld van taalwetenskap te inkorporeer. Na aanleiding van Noam Chomsky se werk beskou hy taal as 'n sisteem van oppervlakstrukture en dieptestrukture of kerne. Kerne is die basiese strukturele elemente waartoe oppervlakstrukture, wat sintakties meer kompleks is, afgebreek kan word. Die beste manier om te vertaal is daarom vir Nida om die bronteks af te breek tot kernsinne, die kernsinne oor te sit in die doeltaal en dan aan te pas om natuurlik te klink in die doeltaal. Sentraal tot Nida se werk is 'n beweging weg van die ou idee dat 'n woord 'n vaste betekenis het tot 'n funksionele definisie van betekenis waar 'n woord betekenis kry in sy betrokke konteks en verskeie reaksies kan uitlok (Basson, 2002:16; Hatim, 2001:22; Munday, 2001:38).

Nida verwerp die ou konsepte van “letterlike” en “vrye” vertaling ten gunste van twee basiese tipes ekwivalensie: **formele ekwivalensie** en **dinamiese ekwivalensie**. Formele ekwivalensie is geskoei op die bronteks in terme van sowel struktuur as inhoud om vir die leser maklike toegang te bied tot die taal en gebruike van die bronkultuur. Die gevolg is dus hoofsaaklik vertalings vir akademiese gebruik en dikwels vergesel van voetnotas (Munday, 2001:41).

Dinamiese ekwivalensie is gebaseer op Nida se beginsel van “ekwivalente effek” waar die verhouding tussen die ontvanger en die boodskap van die vertaling dieselfde

moet wees as in die geval van die oorspronklike ontvanger en boodskap. Die boodskap moet toegespits wees op die ontvanger se taal en kulturele behoeftes en streef na volkome natuurlike uitdrukking; met ander woorde die naaste natuurlike ekwivalent aan die bronteks-boodskap (Munday, 2001:42).

Nida se grootste bydra was om die fokus te verskuif weg van 'n streng woord-vir-woord ekwivalensie. Deur die beginsels van formele en dinamiese ekwivalensie daar te stel, het hy 'n deurslaggewende rol gespeel om 'n ontvanger-geörienteerde benadering tot vertaalteorie te vestig. Die beginsel van ekwivalente effek en die konsep "ekwivalensie" is egter skerp gekritiseer in daaropvolgende jare: hoe kan ekwivalente effek gemeet word en hoe kan een teks dieselfde effek uitoefen en dieselfde reaksies uitlok op twee verskillende kulture, in verskillende tye? Ekwivalensie behels op sigself 'n onvermydelike subjektiwiteit van die vertaler (Munday, 2001:42-43).

### 1.3 *Funksionalisme*

In die 1970s en 1980s het vertaalteoretici wegbeweeg van die statiese linguistiese benadering tot vertaling en gefokus op die kommunikatiewe funksie daarvan, veral as 'n aktiwiteit wat in 'n spesifieke kulturomgewing plaasvind. Hierdie beweging het veral in Duitsland gefloreer onder Katharina Reiss en Hans Vermeer met hul ontwikkeling van die **skoposteorie** van vertaling. Vermeer het "skopos" (Grieks vir "doel") as tegniese term aangewend om die doel van 'n vertaling en die proses self te beskryf (Basson, 2002:19, 21).

Skoposteorie het te make met 'n vertaalaksie wat gebaseer is op die bronteks, maar bowenal fokus op die **doel** van die vertaling. Die doel bepaal die vertaalmetodes wat gevolg gaan word om 'n funksioneel voldoende resultaat te verkry. Hierdie resultaat is die doelteks. Daarom is dit binne skoposteorie vir die vertaler noodsaaklik om te weet wat die funksie van die doelteks gaan wees. Om hierdie rede voer Vermeer aan dat die funksie en die voorwaardes waaronder vertaling moet geskied (soos betaling en inhandigingsdatum), duidelik uiteengesit moet word in die vertaalopdrag. Die vertaler moet weer op sy beurt vir die opdraggewer insette lewer oor die haalbaarheid

van die doel. Die aard van die doeltteks word dus primêr bepaal deur die skopos of opdrag, en toepaslikheid (*Adäquatheit*) vervang ekwivalensie as maatstaf van die vertaalaksie (Munday, 2001:79-80).

'n Ander prominente voorstander van funksionalisme in vertaalteorie, Christiane Nord, sê egter uitdruklik dat hoewel funksionaliteit die belangrikste maatstaf vir 'n vertaling is dit nie aan die vertaler absolute vrye teuels gee nie. Daar moet 'n verband bestaan tussen die bronteks en die doeltteks en die aard van hierdie verband word bepaal deur die funksie of skopos (Munday, 2001:78).

Nord dui op enkele probleme wat skoposteorie inhou. Eerstens is hierdie sogenaamde “algemene” teorie slegs geldig vir nie-literêre tekste. Daar word veronderstel dat literêre tekste geen spesifieke doel het nie en stilisties baie meer kompleks is. Tweedens skenk skoposteorie nie genoeg aandag aan die linguïstiese aard van die bronteks of die herskepping van mikrovlak-eienskappe in die doeltteks nie. Dit is veral op laasgenoemde punt van kritiek wat Nord haar model van **vertaalgeörienteerde teksanalise** bou (Munday, 2001:81).

Nord skep 'n meer gedetailleerde funksionele model wat teksorganisasie op of bo die vlak van die sin analiseer. Sy maak eerstens 'n onderskeid tussen twee basiese tipes vertaalprodukte: **dokumentêre vertaling** en **instrumentele vertaling** (Munday, 2001:81-82):

'n Dokumentêre vertaling dien as 'n dokumentasie van bronkultuurkommunikasie tussen die outeur en ontvanger van die bronteks. Dit is byvoorbeeld die geval in letterlike vertaling waar die doeltteks aan die doeltteksontvanger toegang bied tot die idees van die bronteks, maar waar die leser bewus is van die feit dat dit 'n vertaling is. Hierteenoor kan 'n instrumentele vertaling enige funksie hê wat 'n nie-vertaalde teks kan hê.

Onder dokumentêre vertaling identifiseer Nord vier onderafdelings. In elk van hierdie tipe vertalings funksioneer die doeltteks as 'n teks bo-oor 'n ander teks (die bronteks), maar daar word in elke geval op 'n ander aspek of aspekte van die bronteks gekonsentreer (Basson, 2002:30).



In die geval van 'n woord-vir-woord of **interliniêre vertaling** fokus die dokumentêre vertaling op die morfologiese, leksikale of sintaktiese eienskappe van die brontaal. So 'n vertaling word gebruik in die vergelykende linguistiek of in taalensiklopedieë om strukturele eienskappe van verskillende tale uit te lig, byvoorbeeld om aan te dui hoe woordorde verskil in die geval van Romaanse en Germaanse tale (Nord, 1997:47-48).

Wanneer 'n dokumentêre vertaling streef om die woorde van die bronteks aan te pas by die sintaktiese strukture en idiomatiese woordgebruik van die doeltaal, is dit 'n **letterlike vertaling**. So 'n vertaling word dikwels gebruik in nuusberigte waar 'n anderstalige persoon aangehaal word (Nord, 1997:48-49).

In die geval van 'n **filologiese** of **geleerde vertaling** gee die doelteks die bronteks redelik letterlik weer, maar verskaf tog die nodige kulturele of linguistiese inligting in voetnotas of woordelyste. Hierdie tipe vertaling kom veral voor by die vertaling van klassieke tekste en die Bybel of die vertaling van werke uit relatief onbekende kulture (Nord, 1997:49).

Indien 'n dokumentêre vertaling van 'n fiktiewe teks die omgewing waarbinne gebeure afspeel onveranderd laat, skep dit dikwels by die doeltaalleser 'n gevoel van kulturele afstand en staan dit bekend as 'n **eksotiserende vertaling**. Die vertaling is dokumentêr in die sin dat dit die kommunikatiewe funksie van die bronteks verander. Wat aanduidend is in die bronteks (om byvoorbeeld lesers te herinner aan hul eie wêreld) word informatief in die doelteks (dit vertel lesers meer van die bronkultuur) (Nord, 1997:49-50).

Onder die hoof van instrumentele vertaling val die subkategorieë van ekwifunksionele, heterofunksionele en homoloë vertaling (Nord, 1997:50).

Wanneer die funksie van die doelteks dieselfde is as dié van die bronteks, word daar gepraat van 'n **ekwifunksionele vertaling**. So 'n vertaling word veral aangetref by die vertaling van tegniese tekste soos handleidings en resepteboeke. Hierdie gevalle stem ooreen met wat Reiss noem “kommunikatiewe vertaling” waar die ontvangers

nie agterkom, of belangstel daarin, dat hulle besig is om 'n vertaling te lees nie (Nord, 1997:50).

Wanneer die funksie(s) van die bronteks onmoontlik onveranderd oorgedra kan word na die doelteks word daar gepraat van 'n **heterofunksionele vertaling**. Dit kom meestal voor in gevalle waar kulturele en/of temporele afstand tussen die bron- en doelkultuur teenwoordig is. Om 'n uitdrukking soos “so wit soos sneeu” in 'n spesifieke doelkultuur met “so wit soos klapper” te vertaal, is 'n voorbeeld van heterofunksionele vertaling (Nord, 1997: 51; Basson, 2002:32).

In die geval van **homoloë vertaling** word daar gestreef om 'n homoloë effek te bereik deur 'n teks te skep binne die literêre konteks van die doelkultuur wat dieselfde funksie het as wat die brontaaltekste in die literêre konteks van die brontaal het. Hier mag veronderstel word dat die doelteks dieselfde mate van oorspronklikheid sal hê as die bronteks in aanmerking van die onderskeie kultuur-spesifieke corpora van tekste. Dit is die tipe vertaling wat dikwels voorkom by die vertaling van poësie (Nord, 1997:52; Basson, 2002:32).

Nord se vertaalgeörienteerde teksanalise is dus primêr daarop gemik om vertalers te voorsien van 'n model vir bronteksanalise wat op alle tipes tekste toegepas kan word. Die model is gebaseer op 'n funksionele konsep: die funksie van die brontekseienskappe en die keuse van die geskikte vertaalstrategieë vir die beoogde doel van die vertaling word verstaanbaar gemaak. Dus deel Nord baie gegewens van die skoposteorie, maar sy gee meer aandag aan die eienskappe van die bronteks (Munday, 2001:82).

Nord voeg verder die term “lojaliteit” by skoposteorie as motivering vir 'n geestesgesteldheid wat vertalers aangespoor word om te kweek: in hul verhouding met die bronteksskrywer aan die een kant, en die leser van die doelteks aan die ander kant. Sy beroep haar op die konsep van lojaliteit om 'n etiese beperking te plaas op die andersins onbeperkte aantal moontlike doeleindes vir die vertaling van 'n spesifieke teks. Die lojaliteitsbeginsel vereis eerstens dat die vertaler let op die verskillende konsepte van vertaling binne die brontaal- en doeltaalkulture; dit doen dus weg met universaliteit. Tweedens vereis dit dat die vertaler die sender se

kommunikatiewe bedoelings respekteer, in so verre dit vanselfsprekend afgelei kan word uit die bronteks. Waar radikale funksionalisme dikwels die bronteks onttoon, vra die lojaliteitsbeginsel dat die bronteksskrywer se oorspronklike bedoelings in ag geneem word (Basson, 2002:35-36; Hatim, 2001:79).

#### **1.4 Die definisie van die vertaalopdrag en die belangrikheid van koherensie**

Vertaling word normaalweg gedoen “in opdrag”. ’n Kliënt benodig ’n teks vir ’n spesifieke doel en beroep hom op die vertaler vir ’n vertaling; hy tree dus op as inisieerder van die vertaalproses. In die ideale geval sal die kliënt besonderhede verskaf aangaande die doel, ontvangers, tyd, plek, geleentheid en medium van die beoogde kommunikasie en die funksie wat die teks moet hê. Hierdie inligting sal ’n eksplisiete vertaalopdrag uitmaak. Die vertaalopdrag spesifiseer watter soort vertaling verlang word. Dit is waarom die inisieerder (wat ook die vertaler mag wees) in der waarheid besluit op die skopos (Nord, 1997:30).

Die lewensvatbaarheid van die vertaalopdrag hang af van die omstandighede van die doelkultuur, nie die bronkultuur nie. Die betekenis of funksie van ’n teks is nie iets inherents in die linguistiese tekens nie; dit kan nie eenvoudig ontgin word deur iemand wat die kode ken nie. ’n Teks kry betekenis *deur* sy ontvanger en *vir* sy ontvanger. Deur hierdie konsep op vertaling toe te pas, kan ons sê dat ’n doelteks ’n aanbod van inligting is soos geformuleer deur ’n vertaler in ’n doelkultuur en –taal wat gebaseer is op ’n aanbod van inligting geformuleer deur iemand anders in die bronkultuur en –taal. Gelei deur die vertaalopdrag, kies die vertaler sekere items uit die bronteks wat hy verwerk tot ’n nuwe aanbod van informasie in die doeltaal waaruit die doeltaallesers dit kan kies wat hulle as betekenisvol beskou vir hul eie situasie (Nord, 1997:31-32).

Wat die vertaler moet doen, is om ’n teks te skep wat betekenisvol sal wees vir doelkultuurlesers. Die doelteks moet voldoen aan die vereiste van “intratekstuele koherensie”. Dit beteken dat die ontvanger die teks moet kan verstaan deurdat dit sin

maak in die kommunikatiewe situasie en kultuur waarbinne die teks ontvang word. Die koherensiereël spesifiseer dat 'n vertaling aanvaarbaar moet wees in die sin dat dit koherent is met die situasie van die ontvanger. Om “koherent te wees met” is sinoniem aan “deel wees van” die situasie van die ontvanger (Nord, 1997:32).

Aangesien 'n vertaling 'n aanbod van inligting oor 'n vorige aanbod van inligting is, word daar verwag dat dit 'n soort verhouding sal hê met die ooreenstemmende bronteks. Hierdie verhouding word “intertekstuele koherensie” of “lojaliteit” (sien hierbo) genoem. Binne die skoposteorie is dit belangrik dat intertekstuele koherensie sal bestaan tussen die bron- en doelteks, terwyl die vorm wat dit aanneem afhang van die vertaler se interpretasie van die bronteks en die skopos van die vertaling. Intertekstuele koherensie is ondergeskik aan intratekstuele koherensie en beide is ondergeskik aan die skoposreël. Indien die skopos 'n verandering in funksie vereis, sal intertekstuele koherensie met die bronteks nie meer 'n vereiste wees nie, maar toepaslikheid met betrekking tot die skopos (Nord, 1997:32-33).



## Hoofstuk 2: Vertaalopdrag

Skep 'n bronteksgeoriënteerde, idiomaties-Afrikaanse vertaling van al Catullus se carmina wat bedoel is vir akademiese sowel as nie-akademiese gebruik.

### ***Analise van die vertaalopdrag***

Die uiteensetting hieronder is gebaseer op funksionalistiese kriteria soos gedefinieer deur Nord (1997:60 & 2002).

#### **2.1 Bronteksoriëntasie**

- Garrison(1989) se teks word as bronteks gebruik vir al die vertalings. Weens die korrupsie van die oorspronklike bestaan daar geen standaardweergawe van die *Catulli Carmina* nie en die tekskeuse berus op die ou-end by die vertaler. Garrison se teks verteenwoordig egter die beste huidige konsensus.
- Die **tekskenmerke** van die bronteks is van uiterste belang. Tekskenmerke is elemente wat eie is aan 'n spesifieke teks teenoor taalkenmerke wat eie is aan 'n spesifieke taal. Tekskenmerke is as't ware 'n wysiging van taalkenmerke ter wille van beklemtoning binne 'n betrokke teks en moet volledig in berekening gehou word in die vertaling.
- Die **kommunikatiewe funksie** van die bronteks word ook nooit buite berekening gelaat nie. Dit sluit onder andere in: die verskaffing van inligting, blote estetiese funksie of die uitlok van 'n spesifieke reaksie.
- Die vertaling moet **intertekstueel koherent** wees. Dit beteken dat stylfigure en beeldspraak behou word, behalwe in gevalle waar dit dubbelsinnigheid in die doeltaal mag veroorsaak. Net so word kultuur-spesifieke terminologie, soos byvoorbeeld geldeenhede, in die meeste gevalle behou.
- Die **tipografie** van die bronteks word behou en reëls stem sover moontlik inhoudelik presies ooreen, behalwe op plekke waar die Latynse woordorde dit onmoontlik maak.
- Die atmosfeer en eiesoortigheid van die bronteks word ook sover moontlik behou deur middel van woordkeuses, woordorde, sinskonstruksie ensovoorts.

- Vaste formules en die herhaling van frases ter wille van beklemtoning word deurgaans op dieselfde wyse vertaal. Dieselfde geld egter nie vir individuele woorde wat 'n verskil in betekenis kry op grond van 'n betrokke konteks nie.

## 2.2 Doeltaallesers

- As kern van 'n tesis in die veld van klassieke letterkunde, is die vertalings primêr gemik op filoloë en klassici. Daar word dus veronderstel dat die teikengehoor beskik oor die nodige geskiedkundige, sosiale en geografiese kennis van Catullus se wêreld en geen addisionele inligting word gegee in voetnotas of woordelyste om eksotiese verwysings te verklaar nie.
- As die eerste volledige vertaling van Catullus in Afrikaans, is die sekondêre teikengroep Afrikaanssprekende belangstellendes in die Klassieke wat graag toegang wil hê tot 'n geleerde vertaling in hul moedertaal.
- Die vertalings is egter nie gemik op die breër publiek nie en geen voorsiening word gemaak om “vervreemde” aspekte van die oorspronklike (soos kru taal en obskure mitologiese verwysings) meer aanvaarbaar of verstaanbaar te maak nie.




## 2.3 Die eindproduk

- Dit is 'n vereiste dat die doeltteks **intratekstueel koherent** sal wees. Dit beteken dat dit in goed verstaanbare, idiomatiese Afrikaans moet wees wat natuurlik lees.
- Die register van 'n betrokke vertaling moet pas by die inhoud en register van die ooreenstemmende gedig in die bronteks. Aangesien kru taal opsetlik gebruik word in sommige gedigte om te beledig of verneder, is soortgelyke platvloerse taal 'n vereiste in die doeltteks. Net so moet liefdesgedigte met 'n ooreenstemmende teerheid vertaal word.
- Die eindproduk moet 'n stilisties en taalkundig goed versorgde teks wees in vloeiende Afrikaans. Die bedoeling is egter nie om van modieuse Afrikaans gebruik te maak nie, maar van taal met 'n lang rakleef tyd wat steeds oor 'n paar dekades gelees kan word.

## 2.4 Werkswyse

- Daar word gebruik gemaak van tekscommentare en leksika om beter vertrouwd te raak met die bronteks.
- Vertaling impliseer egter per definisie 'n mate van interpretasie en subjektiewe vertaalkeuses is onvermydelik.
- 'n Eerste, letterlike vertaling word stelselmatig verfyn totdat dit die nodige tekstenmerke, kommunikatiewe funksie, koherensie en eiesoortige register van die bronteks weerspieël.
- Daar word deurgaans vergelykings gemaak met bestaande vertalings in ander tale wat formeel bespreek word in 'n addisionele afdeling.



## Hoofstuk 3: Catulli Carmina

### 1. Oppedra aan Cornelius

Aan wie gee ek my oulike nuwe boekie,  
 Sopas blinkgevryf met 'n droë puimsteen?  
 Aan jou, Cornelius, want jy het altyd gedink  
 Dat my nietighede iets werd was, toe jy  
 Reeds in daardie dae, as enkel Italianer, gewaag het 5  
 Om die geskiedenis van die hele wêreld  
 In drie volumes op te teken:  
 Inderdaad kundig en deeglik.  
 Neem daarom vir jou hierdie boekie, wat dit ookal werd is  
 En mag dit, o Muse, vir langer as 'n eeu voortleef. 10



### 2. Die klein mossie van my meisie

Klein mossie, troeteldiertjie van my meisie,  
 Met wie sy graag speel of vashou in haar skoot,  
 Haar vingerpunt gee om te knibbel  
 En terg om hard te pik,  
 Wanneer dit haar, my stralende beminde, bly maak 5  
 Om een of ander soet spel te speel  
 As effense vertroosting vir haar pyn,  
 Glo ek, wanneer die hartstog swaar op haar druk.  
 Kon ek ook maar met jou speel soos sy  
 En die hartseer sorge van my hart verlig! 10




## 2.<sup>b</sup> (fragment)<sup>1</sup>

...dit is vir my so aangenaam soos hulle sê,  
Vir die lenige meisie, die goue appel was  
Wat haar gordel, vir lank vasgemaak, losgemaak het.

## 3. Treur oor die klein mossie

Treur Venusse en Cupido's  
En alle saggearde mense!  
Die mossie van my meisie is dood.  
Die klein mossie, troeteldiertjie van my meisie,  
Wat sy meer liefgehad het as haar oë, 5  
Want hy was heuningsoet en het haar geken  
So goed soos 'n meisie haar ma ken.  
En hy het nie van haar skoot geskuif nie,  
Maar oor en weer rondgespring  
En net vir sy meesterses getjirp. 10  
Nou gaan hy langs die donker weg  
Vanwaar niemand blykbaar terugkeer nie.  
Maar mag julle vervloek wees, wrede skadu's  
Van Orcus wat alles wat mooi is, verswelg:  
Julle het so 'n pragtige mossie weggevat. 15  
So wreedaardig! So onregverdig, liewe mossie!  
As gevolg van jou is die ogies van my meisie  
Geswel en rooi van trane.



<sup>1</sup> Garrison plaas die fragment as deel van die tweede gedig. Tradisioneel word dit egter geskei.

#### 4. Die seilskip

Die seilskip wat julle sien, my vriende,  
 Sê hy was eens die vinnigste skip,  
 En dat daar geen vaartuig op dreef was  
 Wat hy nie kon verbysteek nie. Of hy nou  
 Met roeispans of seile moes gevlieg het. 5  
 En dít, voeg hy by, ontken die dreigende  
 Adriatiese kus en Kukladiese eilande nie;  
 Nóg beroemde Rhodos, rowwe Thraciese Propontis  
 Of die onverbiddelike golf van Pontus  
 Waar hy, wat later 'n seilskip, eens 'n blaarryke 10  
 Woud was. Want op die heuwels van Cytorus  
 Het hy dikwels geritsel soos sy blare gesels het.  
 Pontiese Amastris en Cytorus met jou palmhout,  
 Die seilskip sê dat al hierdie dinge vir jou  
 Welbekend was en steeds is. Hy vertel 15  
 Dat hy sedert sy oorsprong op jou piek gestaan  
 En sy spaantjies in jou water gedoop het,  
 En daarvandaan oor soveel onstuimige seë  
 Sy meester gedra, of die wind nou van links  
 Of regs geroep het; of Jupiter gunstig 20  
 Op beide seile tegelyk afgekom het.  
 En geen geloftes aan die gode van die kus  
 Is om sy ontwil gemaak toe hy gekom het  
 Van die verste see tot by hierdie helder meer nie.  
 Maar dit was toe; nou verouder hy 25  
 In vreedsame aftrede en wei homself aan jou,  
 Castor, en aan jou, tweelingbroer van Castor.

## 5. Viva, my Lesbia

Viva, my Lesbia, laat ons liefhê  
 En die geskinder van alte verkramppte oumans  
 As niksseggend afmaak.  
 Die son kan telkens opkom en gaan lê, maar  
 Wanneer ons vlietende lig eenmaal ondergegaan het, 5  
 Bly daar net een lang nag oor vir ons om te slaap.  
 Gee vir my 'n duisend soene; gee vir my 'n honderd;  
 Dan 'n verdere duisend; dan 'n volgende honderd;  
 Dan nóg 'n duisend, nóg 'n honderd;  
 En dán, wanneer ons baie duisende bymekaargemaak het, 10  
 Sal ons die syfers deurmekaar gooi sodat ons nie sal telling hou nie,  
 Nóg enige kwaadwillige kan nydig wees  
 Wanneer hy weet dat ons soene so baie was.




## 6. Flavius se meisie

Flavius, as jou meisie nie onelegant  
 En onverfynd was nie, sou jy van haar  
 Gepraat het voor Catullus; jy sou nie kon stilbly nie.  
 Ek weet waarlik nie op watter koorsige hoer  
 Jy verlief is nie: dit is jy te skaam om te sê. 5  
 Want tevergeefs is jy stil: jou bed roep uit  
 Met die geur van blommekranse en Siriese olie  
 Dat jy nie eensame nagte deurbring nie,  
 So ook beide kussings, plek-plek deurgeskaaf,  
 En die gekraak en rondskuifelry van jou bed, 10  
 Lendelam geskud.  
 Dit help niks om stil te bly oor jou losbandigheid nie.  
 Waarom? Jy sou nie sulke lam lieste vertoon het  
 As jy nie met iets onheiligs besig was nie.  
 Daarom, wat jy ookal het, goed of sleg, 15

Sê vir my. Ek wil jou en jou geliefde  
Na die hemele roep deur my elegante vers.

### 7. Soveel soene, Lesbia

Jy vra my, Lesbia, hoeveel van jou soene  
Genoeg en meer as genoeg is vir my.  
Soveel soos die Libiese sandkorrels  
Wat lê op Cirene ryk aan silphium,  
Tussen die orakel van vurige Jupiter 5  
En ou Battus se heilige graf;  
Of so baie soos die sterre wat die gesteelde liefdes  
Van mense sien wanneer die nag stil is.  
Om jou te soen met soveel soene,  
Is genoeg en oorgenoeg vir jou liefdesdronke Catullus; 10  
Soene wat geen nuuskierige sou kon tel  
Of 'n kwaadwillige tong vervloek nie.




### 8. Rampsalige Catullus

Rampsalige Catullus, jy moet ophou om so dwaaslik op te tree  
En wat jy sien verby is tog as verby aanvaar.  
Eens het helder sonne vir jou geskyn  
Toe jy altyd gegaan het waar jou meisie gelei het  
(Die meisie wat ek lief gehad het soos geeneen weer liefgehê sal word nie). 5  
Toe was daar baie vreugdes  
Waarvoor jy gewens het en sy nie onwillig was nie;  
Ja, waarlik het helder sonne vir jou geskyn.  
Nou wil sy nie meer nie; jy, swakkeling, moet ook nie.  
Nóg haar volg wat vlug, nóg hartseer lewe, 10  
Maar met 'n ystergemoed verduur en ferm wees.  
Totsiens, my meisie. Catullus is nou ferm,

En hy gaan jou nie soek of teen jou wil vra nie.  
 Maar jy sal ly wanneer niemand jou meer vra nie.  
 Helaas, slet, watter lewe bly vir jou oor? 15  
 Wie gaan jou nou besoek? Vir wie gaan jy mooi wees?  
 Wie gaan jou nou liefhê? Wie s'n gaan jy genoem word?  
 Wie gaan jy soen? Wie se lippe gaan jy byt?  
 Maar jy, Catullus, wees onwrikbaar ferm!

### 9. Veranius, geliefde vriend

Veranius, jy wat vir my uit al my vriende  
 Bo driehonderd duisend uitstaan,  
 Het jy huistoe gekom na jou gode,  
 Jou getroue broers en bejaarde moeder?  
 Jy het gekom! Watter welkome nuus vir my! 5  
 Ek sal kom kyk dat jy ongedeerd is en luister hoe jy vertel  
 Van die omgewing, die kultuur en die stamme van die Iberiërs,  
 Soos dit jou gewoonte is. Dan sal ek jou nek nadertrek  
 En jou begeerlike mond en oë soen.   
 O, van alle geseënde mense, 10  
 Wie is gelukkiger of meer geseënd as ek?

### 10. Varus se klein tert

My Varus het my in my vrye tyd  
 Uit die Forum gelei om sy meisie te gaan kyk,  
 'n Regte klein tert (soos dit vir my gelyk het  
     met eerste oogopslag)  
 Maar nie totaal onsjarmant of onelegant nie.  
 Toe ons daar aankom, het ons oor verskeie 5  
 Onderwerpe begin gesels; onder andere  
 Hoe Bithinië was, hoe dit daar met my gegaan het

En hoeveel geld ek daar gemaak het.  
 Ek het die waarheid vertel, naamlik dat daar nóg vir die inwoners,  
 Nóg vir die goewerneys of hul personeel 'n rede was 10  
 Om met die kop meer geolie terug te kom;  
 Veral vir dié onder 'n opneuker van 'n goewerneur,  
 Wat nie 'n strooihalm vir sy personeel omgee nie.  
 “Maar sekerlik,” het hulle gesê, “het jy tog draers  
 Vir 'n draagstoel saamgebring; daar word vertel dat dit 15  
 Hul plek van oorsprong is.” Om vir die meisie  
 Te laat dink ek was een van die gelukkiger mense, sê ek:  
 “Nee, ek het nie *so* sleg gedoen dat ek,  
 So sleg soos wat die provinsie was wat tot my lot geval het,  
 Nie agt mans met sterk rûens kon bymekaarmaak nie.” 20  
 Maar daar was vir my nie 'n enkele een hoegenaamd  
 Wat die stukkende poot van 'n ou katel  
 Op sy nek kon plaas nie.  
 In reaksie hierop, soos gepas vir 'n skaamtelose slet,  
 Sê sy: “Ek smeek jou, my Catullus, om vir my 'n paar van hulle 25  
 Te leen, want ek wil na die tempel van Serapis gaan.”  
 “Wag 'n bietjie,” het ek aan die meisie gesê,  
 “Wat ek sopas gesê het, naamlik dat hulle myne is –  
 Ek het my bietjie verspreek: my vriend  
 (Dit is Gaius Cinna) het hulle vir homself bymekaargemaak. 30  
 Wat maak dit werklik vir my saak of hulle syne is of myne?  
 Ek gebruik hulle asof ek hulle self gekoop het.  
 Maar jy is 'n baie lawwe en irriterende meisie,  
 Wat 'n mens nie toelaat om agterlosig te wees nie.”

## 11. Sê torsiens vir my meisie

Furius en Aurelius, kamerade van Catullus,  
 Of hy nou na verre Indië sal reis  
 Waar die strand geslaan word deur die ver-eggoënde


Golwe van die ooste;  
 Of na Hircanië en die verwyfde Arabiere; 5  
 Of na die Sacae en die boogskutter Parthers;  
 Of na die pleine wat die seweledige  
 Nyl verkleur;  
 Of hy nou oor die hoë Alpe sal loop  
 En die gedenktekens van groot Caesar sien: 10  
 Die Galliese Ryn, die skrikwekkende see en  
 Die verafgeleë Britte;  
 Bereid om al hierdie dinge saam met my  
 Te trotseer, ongeag die wil van die gode,  
 Neem vir my meisie 'n minder aangename 15  
 Boodskappie.  
 Laat haar lewe en floreer met haar minnaars,  
 Drie honderd van hulle wat sy tegelykertyd omhels,  
 Nie werklik lief vir een nie, maar oor en oor die melk  
 Uit elkeen tap. 20  
 En laat haar nie, soos vroeër, my liefde opsoek nie;  
 Die liefde wat weens haar toedoen geval het soos  
 'n Blom op die rand van die ploegland, aangeraak deur  
 Die verbygaande ploegskaar.

## 12. Asinius Marrucinus

Asinius Marrucinus, jy maak nie mooi met jou linkerhand  
 Wanneer daar gekuier word met skertsery en wyn nie:  
 Jy vat die servette van onoplettende mense.  
 Dink jy dit is snaaks? Jy bluf jouself, idioot:  
 Dit is platvloers en uiters barbaars. 5  
 Jy glo my nie? Glo dan jou broer Pollio  
 Wat met 'n hele talent jou diefstalle  
 Wil vrykoop, want hy is 'n ou wat uitstaan  
 Weens sy sjarme en skerpsinnigheid.

Verwag daarom 300 hendekasillabes 10  
 Of stuur my servet terug,  
 Wat nie soseer vir my kosbaar is in waarde nie,  
 Maar omdat dit 'n aandenking van my vriende is.  
 Want Fabullus en Veranius het vir my servette van Saetabis  
 Uit Iberië as geskenk gestuur. 15  
 Vanselfsprekend is ek mal daaroor  
 Soos wat ek mal is oor my liewe Veranius en Fabullus.

### 13. Jy sal goed eet, my Fabullus


Jy sal lekker eet by my, my Fabullus,  
 Binne 'n paar dae as die gode jou goedgesind is  
 En as jy 'n smaaklike en vullende gereg met jou saambring;  
 Asook 'n blonde meisie,  
 Wyn, geestigheid en allesoortige humor. 5  
 As jy al hierdie dinge saambring, my liewe vriend,  
 Sal jy lekker eet. Want jou Catullus  
 Se beursie is vol spinnerakke.   
 Maar in ruil dáárvoor sal jy suiwer liefde ontvang  
 Of iets wat nog meer bekoorlik en elegant is, 10  
 Want ek sal 'n parfuum verskaf  
 Wat die gode van die liefde vir my meisie gegee het;  
 'n Parfuum wat, wanneer jy dit ruik, jou die gode sal laat vra  
 Om jou, Fabullus, volkome neus te maak.

### 14. Calvus se geskenk

Indien ek jou nie liewer gehad het as my oë nie,  
 Mees geliefde Calvus, het ek jou weens hierdie geskenk  
 Gehaat met die haat van Vatinius:  
 Want wat het ek gedoen of wat het ek gesê



Dat jy my sou platslaan met sulke digters? 5  
 Mag die gode vele terugslae gee vir daardie kliënt  
 Wat jou soveel godverlate gedigte gestuur het.  
 Maar indien, soos ek vermoed, die onderwyser Sulla  
 Hierdie nuutgevonde geskenk aan jou gegee het,  
 Is ek nie ongelukkig nie, maar eerder verlig en bly 10  
 Dat jou moeite nie verniet was nie.  
 Grote gode, wat 'n afstootlike en verwenste boekie  
 Wat jy, natuurlik, aan jou Catullus  
 Gestuur het, sodat hy die ganse dag,  
 Die Saturnalieë, beste van dae, doodskrampe sou ervaar! 15  
 Nee, nee, dit sal nie hier vir jou eindig nie, grapjas,  
 Want, sodra dit lig is, sal ek na die stalletjies  
 Van die boekverkopers hardloop en die Caesii, Aquini en  
 Suffenus, al daardie gif, bymekaarmaak  
 En jou met hulle martelings terugbetaal! 20  
 Intussen, vaarwel julle, gaan weg hiervandaan  
 En keer terug na daardie plek van waar jul kreupel versvoete gekom het,  
 Vervloekings van ons tyd, allerslegste van digters.



#### 14.<sup>b</sup> (fragment)

Indien daar dalk, lesers van my lawwe verse,  
 Enige van julle is en julle nie sal sidder  
 Om my met jul hande aan te raak nie...

#### 15. Aurelius, hou jou hande tuis

Aan jou, Aurelius, vertrou ek myself en my geliefde toe.  
 Ek vra net 'n beskeie guns van jou, naamlik dat,  
 Indien jy ooit met jou hele wese begeer het  
 Om iets suiwer en ongeskonde te koester,

Bewaar dan vir my die seun in onskuld 5  
 Ek bedoel nie van die massas nie: ek vrees niks  
 Van hulle wat in die strate heen en weer  
 Verbyloop, gemoeid met hul eie sake nie.  
 Dis inderdaad vir j<sup>o</sup>u wat ek vrees, jou en jou penis  
 Wat onheil inhou vir seuns; die goeies sowel as die slegtes. 10  
 Wend hom aan waar en soos jy wil,  
 So dikwels soos jy wil, waar 'n opening ook al gereed sal wees.  
 Ek maak net hierdie een uitsondering: beskeie, glo ek.  
 Indien jou slegte siel en dwase waansin  
 Jou tot so 'n groot sonde sal dryf, ellendeling, 15  
 Dat jy my persoon met jou bedrog sal teister,  
 Dan kry ek jou jammer vir jou nare lot,  
 Want met jou voete opgetrek en jou agterpoort oopgesper  
 Sal radysse en harders jou deurboor!



## 16. Geen perverse verse

Ek sal julle naai en julle monde stop,  
 Poefter Aurelius en perverte Furius,  
 Wat vanweë my versies dink dat ek  
 Nie kuis genoeg is nie omdat hulle eroties is,  
 Want dit is gepas vir die vrome digter 5  
 Om self kuis te wees; vir sy verse geensins.  
 Hulle het inderdaad humor en byt  
 As hulle minder sag en kuis is  
 En omdat hulle 'n tinteling kan wakker maak;  
 En ek bedoel nie by seuns nie, maar by daardie hariges 10  
 Wat nie hul stram lende kan beweeg nie.  
 Omdat julle van my menige duisende soene  
 Gelees het, dink julle dat ek verwyfd is?  
 Ek sal julle naai en julle monde stop.

## 17. Colonia

O Colonia, jy wat begeer om op jou lang brug fees te vier  
 En gereed is om te dans, maar bang is vir die wankelrige  
 Stellasies van jou bruggie wat staan op herstelde pale;  
 Bang dat jou bruggie sal platval en in die diep moeras insink:  
 Mag daar vir jou 'n goeie brug gebou word na jou wens 5  
 Waarop die rites van Salisubsalus self onderneem sal word.  
 Gee my net hierdie een geskenk, Colonia, om uit volle bors te lag:  
 Ek wil hê dat 'n sekere dorpsgenoot van my vanaf jou brug  
 Halsoorkop sal val, pens en pootjies in die modder,  
 En laat dit van die hele meer en stinkende moeras 10  
 Die swartste, diepste kuil wees.  
 Die man is 'n absolute swaap en het nie soveel verstand  
 Soos 'n tweejarige kind wat slaap in die wiegende arms van sy vader nie.  
 Hy het as vrou 'n meisie in die rypste fleur van haar lewe,  
 Meer delikaat as 'n tenger klein bokkie, 15  
 Wat met groter sorg bewaar moet word as die swartste duiwe –  
 Hy laat haar flankeer soos sy wil en gee nie om vir 'n enkele haar op haar kop nie;  
 Hy roer homself geensins vir sy part nie, maar lê soos 'n populier  
 In 'n sloot, neergevel deur 'n Liguriese byl,  
 En net so bewus van iets asof dit geensins bestaan nie 20  
 Net so sien my dwaas niks; hoor hy niks:  
 Wie hy self is, of hy bestaan of nie – ook dit weet hy nie.  
 Nou wil ek hom kop-eerste van jou brug gooi,  
 Indien hy enigins sy dwase traagheid kan wakker skud  
 En sy ruggraatlose siel in die vuil modder agterlaat, 25  
 Soos 'n muil sy ysterskoen in 'n kleipoel.

## 21. Aurelius, vader van hongersnood

Aurelius, vader van veel hongersnood;  
 Nie net van die teenswoordige nie, maar ook van al die wat was,

Is en in toekomstige jare sal wees,  
 Jy begeer om my geliefde te naai.  
 En nie in die geheim nie, want jy hang saam met hom rond, terg hom 5  
 En kleef aan sy sy terwyl jy alles uitprobeer.  
 Tevergeefs: want terwyl jy verraad teen my beplan,  
 Sal ek jou eerste in die mond stop.  
 As jy dit op 'n vol maag gedoen het, sou ek nog geswyg het:  
 Maar nou grief juis dit vir my, naamlik dat 10  
 My liefing by jou sal leer om honger en dors te ly.  
 Hou daarom op terwyl jy dit nog skoon kan doen,  
 Sodat jy nie knielend, as 'n sekslaaf, 'n einde daaraan sal maak nie.

## 22. Suffenus as digter

Daardie Suffenus, Varus, wat jy goed ken,  
 Is 'n sjarmante mens, skerpsinnig en verfynd,  
 En hy skryf ook 'n menigte verse meer as enige iemand anders.  
 Ek dink dat daar tienduisend of meer opgeteken is,  
 En nie soos normaalweg op gebruikte perkament vasgelê nie: 5  
 Nee, op koninklike papier, in nuwe boekrolle  
 Met nuwe spille en rooi linte vir die toedraaipapier,  
 Alles met lood gelyn en blinkgevryf met puimsteen.  
 Wanneer jy hierdie gedigte lees, lyk die aantrekklike en verfynde  
 Suffenus hierteenoor na enige plaasarbeider of slootgraver: 10  
 So misplaas en veranderd is hy.  
 Wat moet ons daarvan dink? Dieselfde man wat sopas soos die siel  
 Van die etenstafel of iemand skerper (indien moontlik) gelyk het;  
 Daardie selfde ou is verveliger as die vervelige platteland  
 Sodra hy die digkuns aanraak, en tog is hy nooit 15  
 So gelukkig soos wanneer hy dig nie:  
 So tevrede is hy met homself; so vol bewondering.  
 Ongetwyfeld maak ons almal dieselfde fout en daar is niemand  
 Wat nie in een of ander opsig soos 'n Suffenus kan lyk nie.

Elkeen het sy eie tekort wat aan hom toegeskryf is, 20  
 Maar ons sien nie die stuk van die knapsak wat op ons rug is nie.

### 23. Furius, jy het geen kommer

Furius, jy wat geen slaaf of spaarbussie,  
 Geen gogga, spinnekop of vuur het nie,  
 Maar inderdaad 'n pa en ook 'n stiefma  
 Wie se tande selfs deur vuursteen kan kou;  
 Dit gaan uitstekend met jou by jou pa 5  
 En sy benerige vrou.  
 En dis geen wonder: want julle almal geniet goeie gesondheid;  
 Jul spysvertering is uitstekend, julle vrees niks:  
 Nie vure, nie erge ineenstortings van jul geboue,  
 Nie goddelose daade, komplotte om vergiftiging, 10  
 Of enige ander gevalle van gevaar nie.  
 Verder het julle lywe droog soos horing  
 (Of nog droër as daar iets droërs is)  
 Weens son en koue en uithongering.  
 Waarom sou jy dan nie gelukkig en tevrede wees nie? 15  
 Jy is vry van sweet en spoeg  
 En etter en die las van 'n loopneus.  
 Voeg hierby die reinste van reinhede,  
 Naamlik dat jou gat skoner is as 'n soutpot  
 En jy nie tien keer 'n jaar kak nie; 20  
 En dan is dit harder as boontjies en klippies  
 Wat, as jy dit in jou hande sou vryf en krummel,  
 Nie 'n enkele vinger sal vuilmaak nie.  
 Sulke geleë seëninge, Furius,  
 Moet jy nie versmaai of as gering ag nie; 25  
 En hou op om te bid, soos gewoonlik,  
 Vir 'n honderd duisend sestersies, want jy is geseënd genoeg.

## 24. Blom van die Juventii

O, jy wat die blom is van die Juventii,  
 Nie net van die wat ons ken nie, maar ook van al die wat was  
 Of sal kom in die jare wat voorlê,  
 Ek sou verkies het dat jy eerder die rykdom van Midas  
 Vir daardie ou gegee het wat geen slaaf of spaarbussie het nie, 5  
 As wat jy toelaat dat hy jou so begeer.  
 “Wat? Is hy nie ’n mooi man nie?” sal jy sê. Hy is,  
 Maar hierdie mooi man het geen slaaf of spaarbussie nie.  
 Jy mag hierdie detail gering ag of van die hand wys, soos jy wil: 10  
 Nogtans het hy geen slaaf of spaarbussie.

## 25. Thallus, jou moffie

Thallus, jou moffie, sagter as die pels van ’n hasie,  
 Of die murg van ’n gansie, ’n oor se belletjie,  
 Of die slap penis van ’n bejaarde, toegespin met stowwerige spinnerakke;  
 Terselfdertyd, Thallus, is jy gulsiger as ’n verwoestende storm  
 Wanneer Murcia, godin van traagheid, wys hoe jou omsittendes gaap: 5  
 Stuur terug my mantel wat jy gegryp het,  
 My Saetabiese servet en Bithiniese skryftablette,  
 Idioot, wat jy openlik met jou ronddra asof dit jou erfstukke is.  
 Verlos hul van jou kloue en stuur hulle terug,  
 Sodat die brandmerke van ’n sweep nie jou wolsagte sytjies 10  
 En tere handjies lelik sal beskribbel  
 En jy sal brand, soos jy nie gewoon is nie, en dobber, soos ’n klein bootjie  
 Vasgevang op ’n groot see wanneer die wind waansinnig woed.

## 26. Furius se plaashuisie


Furius, julle plaashuisie dien nie as borg  
 Teen 'n windstoot van Auster, Favonius,  
 Wrede Boreas of Apheliotes nie,  
 Maar inderdaad vir vyftien duisend twee honderd sestersies.  
 Wat 'n skrikwekkende en dodelike wind!

5

## 27. Wyn versus water

Seun wat die ou Falerniese wyn bedien,  
 Skink vir my 'n sterker dop  
 Soos die wet van Postumia, meesteres van die drinkparty, bepaal;  
 Sy wat self meer getrek is as die getrekte druif.  
 Maar kry julle koers, waters,  
 Bederwers van wyn, en migreer na die geheelonthouers:  
 Hier is 'n onverdunde wyn van Bacchus.

5



## 28. Vriende van Piso

Vriende van Piso, 'n arm lot,  
 Met ligte en kompakte bagasie,  
 My allerbeste Veranius, en jy, my Fabullus,  
 Hoe gaan dit? Het julle genoeg  
 Koue en hongerte verduur saam met daardie nikswerd?  
 Vertoon die uitgawes in jul boeke enige geringe  
 Wins, soos met my gebeur het? Want sedert ek my praetor  
 Gevolg het, reken ek my uitgawes as winste.  
 O Memmius, vir 'n lang tyd het jy my, op my laaste,  
 Vreedsaam uitgebuit met jou volle mag.  
 Maar, sover ek kan sien, was julle in dieselfde  
 Bootjie: want julle is met 'n geensins mindere septer

5

10

Ingeloop. Gaan soek gerus nog edele vriende!  
 Maar mag die gode en godinne veel teëspoed vir julle  
 Bring, verleenthede vir Romulus en Remus!

15

## 29. Romulus

Wie kan aanskou, wie kan verduur,  
 (Buiten hy wat skaamteloos, gulsig en 'n dobbelaar is)  
 Dat Mamurra die rykdom het wat transalpyne Gallië  
 En verre Brittanje eens gehad het?

Romulus, jou moffie, sal jy dit aanskou en verduur?

5

En sal hy nou, trots en vol van homself,

Almal se beddens deurdraf

Soos 'n wit-gat duif of Adonis?

Romulus, jou moffie, sal jy dit aanskou en verduur?

Jy is skaamteloos, gulsig en 'n dobbelaar.

10

Was jy om hierdie rede, generaal enig in jou soort,

Op die verste eiland van die Weste,

Sodat daardie promiskue piel van jou

Twintig, dertig duisend sestersies sou blaas?

Wat is dit anders as korrupte vrygewigheid?

15

Het hy nie genoeg uitgemors of genoeg opgevreet nie?

Sy erfgrond is eerstens verkwis;

Tweedens sy oorlogswinste uit Pontus en derdens

Dié uit Iberië soos die goudryke Tagusrivier weet:

Nou word daar gevrees vir Gallië en Brittanje.

20

Waarom steun julle die sleg ding? Of wat kan hy doen

Buiten ryk erfgoed verslind?

Was dit die rede, magtigstes van Rome,

Skoonpa en skoonseun, dat julle alles vernietig het?



### 30. Alfenus

Alfenus, ongeërg en vals teenoor jou getroue vriende,  
 Ontferm jy jou dan geensins meer, dikvellige, oor jou geliefde vriend?  
 Huiwer jy reeds nie om my te verrai; om my te bedrieg nie, trouelose?  
 Die ontroue daade van bedrieglike mense behaag die gode nie.  
 Jy veronagsaam al hierdie dinge en versaak my, rampsalig in my sorg. 5  
 Sê my, helaas, wat staan 'n mens te doen, of op wie kan jy vertrou?  
 Want oortuigend het jy my aangemoedig om my siel aan jou te vertrou, onregverdige,  
 En my in liefde ingetrek asof alles vir my veilig was.  
 Nou onttrek jy jou en mag die winde en newels  
 Al jou woorde en daade onvervul wegdra. 10  
 Indien jy dit vergeet het, maar die gode dit onthou, dan onthou Getrouheid  
 Wat binnekort sal sorg dat jy jou daad berou.

### 31. Sirmio


Sirmio, pêrel van skiereilande en waarlik  
 Van alle eilande wat beide Neptunusse dra:  
 In helder mere of die wye oseaan;  
 Hoe gretig, hoe bly is ek om jou te aanskou!  
 Ek kan myself skaars glo dat ek Thinië en die velde van Bithinië 5  
 Agtergelaat het en jou ongedeerd aanskou!  
 O, wat is meer geseënd as om vry te wees van sorg,  
 Wanneer die verstand sy las neerlê en ons,  
 Moeg van werk in die vreemde, aankom by ons huis  
 En rus vind in die bed waarna ons so lank verlang het? 10  
 Hierdie is reeds op sigself soveel inspanninge werd.  
 Heil, sjarmante Sirmio, en wees bly in jou blye meester;  
 Ook julle, golwe van die Lidiese meer,  
 Lag met die geskater eie aan jul tuiste.

### 32. Ipsitilla

Wees tog so gaaf, my soete Ipsitilla,  
 My diertjie, my vreugde,  
 En laat my vanmiddag na jou toe kom.  
 En, as jy my nooi, doen my 'n guns:  
 Sien toe dat niemand jou drumpel beset nie,  
 En moet jy ook nie lus kry om uit te gaan nie.  
 Maar bly by die huis en wees gereed vir  
 Nege agtereenvolgende kopulasies.  
 As jy dit wel gaan doen, laat my onmiddellik kom:  
 Want ek lê reg vir jou, dik-geëet op my rug,  
 En boor deur tunika en mantel.

5

### 33. Vibennius



Allerslimste van klerediewe by die baddens,  
 Pa Vibennius en jy sy moffie seun  
 (Want pa het 'n slinkser hand; seun 'n gulsiger gat),  
 Waarom gaan julle nie in gekose ballingskap  
 Na afstootlike strande aangesien almal weet  
 Van pa se plunderings en jy, seun, nie jou harige boude  
 Vir 'n sent kan verkoop nie?


5

### 34. Seuns en meisies van Diana

Ons meisies en reine seuns  
 Is volgelinge van Diana:  
 Laat ons reine seuns  
 En meisies van Diana sing.  
 O, kind van Latona, grootse  
 Afstammeling van allergrootste Jupiter,

5

Jou ma het jou gebaar  
 By die Deliese olyf  
 Sodat jy die meesteres  
 Van die berge en groen woude, 10  
 Verborge ooptes en  
 Klinkende strome sal wees.  
 Jy word Juno Lucina genoem  
 Deur moeders in geboortepyne,  
 Magtige Trivia en Luna 15  
 Met haar gereflekteerde lig.  
 Jy, Godin, meet maandeliks  
 Die reis van die jaar;  
 Jy vul die landelike wonings  
 Van boere met goeie vrugte. 20  
 Mag jy geheilig word met  
 Watter naam jou ook al behaag en,  
 Soos van ouds die gebruik was, bewaar  
 Met gunstige steun die geslag van Romulus.



### 35. My vriend Caecilius

Ek vra jou, Papirus: sê vir die sensitiewe digter,  
 My vriend Caecilius,  
 Om na Verona te kom en die mure van  
 Novum Comum en strand van Larius agter te laat.  
 Want ek wil sekere gedagtes 5  
 Van sy vriend en myne met hom deel.  
 Daarom, as hy slim is, sal hy die pad verorber  
 Hoewel sy blonde meisie hom 'n duisend keer  
 Met sy vertrek sou terugroep en albei arms  
 Om sy nek slaan en smee om bietjie langer te bly. 10  
 Nou sy (as ek die waarheid gehoor het)  
 Is tot oor haar ore verlief op hom.

Want sedert sy die eerste weergawe van sy  
 “Meesteres van Dindymus” gelees het; van daardie oomblik af  
 Verslind die liefdesvlamme die diepste binnegoed van die arme meisie. 15  
 Ek verskoon jou, meisie met meer begrip  
 As die Sapphiese Muse, want Caecilius het inderdaad  
 Sy “Magna Mater” bekoorlik begin!

### 36. Annale van Volusius

Annale van Volusius, kakpapier,  
 Maak ’n belofte ter wille van my meisie,  
 Want sy het ’n belofte gemaak aan die heilige Venus  
 En Cupido dat, indien ek na haar sou terugkeer  
 En ophou kru jambiese verse slinger, 5  
 Sy aan die kreupel god die keurigste geskifte  
 Van die allerslegste digter sal gee  
 Om verbrand te word met onvrugbare hout.  
 En my meisie het gesien dat hierdie die slegste gedigte was  
 Wat sy in ’n grap aan die gode gewy het. 10  
 En nou, jy wat die donkerblou see voortbring het  
 En woon in heilige Idalium en die wye Urii;  
 In Ancona, Cnidus met sy riete,  
 Amathus en Golgi,  
 En in Durrachium, kroeg van die Adriatiese See, 15  
 Skryf as ontvang en betaal hierdie gelofte op  
 Indien dit nie smakeloos en onelegant is nie!  
 Maar vuur toe met julle in die tussentyd,  
 Vol onverfynd- en onafgewerktheid,  
 Annale van Volusius, kakpapier! 20

### 37. 'n Kantien en sy regulars

Spulse kantien en julle regulars,  
 By die negende pilaar vanaf die tempel van Castor en Pollux,  
 Dink julle dat net julle piele het;  
 Dat net julle al wat 'n meisie is mag steek  
 En aan ander as bokramme mag dink? 5  
 Of, omdat julle idiote in 'n ry sit,  
 'n Honderd of tweehonderd sterk, dink julle dat ek dit nie sal waag  
 Om al tweehonderd van julle op een slag te stoot soos julle sit nie?  
 Dink so daaraan: want ek gaan vir julle die hele fassade  
 Van die kroeg beskribbel met graffiti van penisse. 10  
 Want die meisie wat my arms verlaat het,  
 Wat ek liefgehad het soos geen weer geliefd sal wees nie,  
 Vir wie ek groot veldslae geveg het,  
 Het daar haar plek ingeneem. Al julle mans van rykdom en hoë rang  
 Bemien haar en, inderdaad tot haar skande, 15  
 Alle onbeduidende hoereerders van die systrate;  
 Bo almal jy, Egnatius, voorste lid van die langhaar kliek,  
 Seun van Keltiberiese konyneland,  
 Wie se digte baard hom sosiale status gee  
 En sy tande, geborsel met Iberiese pis. 20

### 38. Dit gaan sleg met jou Catullus, Cornificius

Dit gaan sleg met jou Catullus, Cornificius,  
 Sleg, demmit, en swaar,  
 En word daaglik erger en erger met elke uur.  
 Met watter woorde (iets kleins en eenvoudigs)  
 Het jy hom getroos? 5  
 Ek is die moer in vir jou. Is dit wat my gevoelens vir jou beteken?  
 Gee my net 'n paar woordjies van vertroosting,  
 Droewiger as die trane van Simonides.

### 39. Egnatius

Egnatius, omdat hy wit tande het,  
 Glimlag altyd oraloor. As beskuldigdes in die regsbank sit;  
 Wanneer die verdediging trane oproer,  
 Glimlag hy. As daar getreur word by die lykstapel van 'n getroue seun;  
 Wanneer die ontnemde moeder huil oor haar enigste, 5  
 Glimlag hy. Wat en waar hy ook al is;  
 Wat hy ook al doen, hy glimlag. Hy het hierdie kwaal:  
 Na my mening, nóg elegant nóg stylvol.  
 Daarom moet ek jou waarsku, goeie Egnatius.  
 As jy 'n Romein was of 'n Saby, Tiburtyn, 10  
 'n Plompe Umbriër of vet Etrusker,  
 'n Blas, prognate Lanuviër  
 Of Transpadaan (om ook my mense te noem),  
 Of wie ook al wat sy tande blinkskoon was;  
 Nogtans sou ek nie wou hê dat jy altyd oraloor glimlag nie. 15  
 Want niks is meer onvanpas as 'n onvanpaste lag nie.  
 Nou is jy 'n Keltiberiër: in die Keltiberiese streek  
 Is elkeen gewoond om soggens sy tande en rooi tandvleise  
 Te skrop met die water wat hy sopas afgelaat het,  
 Met die gevolg: hoe blinker jou tande gevryf is, 20  
 Des te meer urine – vanselfsprekend – het jy gedrink.

### 40. Ravidus, verraaier

Watter versteurde gemoed, arme Ravidus,  
 Dryf jou kop-eerste in my jambiese verse in?  
 Watter god wat jy ten kwade opgeroep het,  
 Is bereid om 'n sinnelose twis te ontketen?  
 Of doen jy dit om op almal se lippe te kan wees? 5  
 Wat wil jy hê? Wil jy ten alle koste bekend wees?  
 Jy sal, aangesien jy gekies het om my geliefde

Lief te hê, met verreikende gevolge.

#### 41. Ameana

Ameana, daai lendelam-genaaide meisiekind,  
 Het my gevra vir 'n ronde tien duisend sestersies;  
 Daai meisie met die knopneus,

Minnares van die skuldenaar van Formiae.

Familielede, julle wat omsien na die meisie,

5

Laat vriende en dokters kom:

Die meisie is nie lekker nie, en sy vra normaalweg nie

Die spieël hoe sy lyk nie.

#### 42. Kom hier, hendekasillabes!

Kom hier, hendekasillabes, almal van julle  
 Uit alle oorde, soveel van julle soos daar is.

'n Skaamtelose slet dryf met my die spot

En weier om my skryfplatte vir my terug te gee,

(Kan julle meer?)

5

Laat ons haar agtervolg en my platte terugeis!

Wie is sy, vra julle? Daardie een wat julle

Onbeskaamd sien rondmarsjeer en geaffekteerd

Lag met die bek van 'n Galliese brak.

Omsingel haar en eis hulle terug,

10

“Smerige slet, gee terug my skryfplatte,

Gee terug, smerige slet, my skryfplatte!”

Dit traak jou geensins? Straatvrou, hoerhuis,

Of as daar iets nog meer immoreel is.

Maar ons moenie dink dit is genoeg nie.

15

Maar as niks anders moontlik is nie, laat ons die gloed

Van verleentheid op die teef se uitdrukkinglose gesig afdwing.

Roep weer in 'n harder stem:

“Smerige slet, gee terug my skryflette,

Gee terug, smerige slet, my skryflette!”

20

Maar ons kry niks reg nie; niks verstoer haar nie.

Julle moet jul plan en taktiek verander

As julle so enige vordering kan maak:

“Deugsame en eerbare dame, gee terug my skryflette!”

### 43. Wees gegroet, meisie

Wees gegroet, meisie, wat nóg 'n klein neusie,

Elegante voetjie, swart ogies,

Nóg fyn vingers, 'n droë mond,

Nóg 'n baie verfynde tong het,

Minnares van die skuldenaar van Formiae.

5

Die provinsie vertel dat jy mooi is?

Word my Lesbia met *jou* vergelyk?

Wat 'n dwase, onopgevoede wêreld!



### 44. Die werke van Sestius

My plasie, of jy nou Sabyns of Tiburtyns is,

(Want diegene wat nie graag vir Catullus wil seermaak nie,

Bevestig dat jy Tiburtyns is; maar diegene wat dit graag doen,

Verwed enige iets dat jy Sabyns is) –

Maar in elk geval, of jy nou Sabyns of meer waarskynlik Tiburtyns is –

5

Ek was so bly om in jou toevlug buite die stad te wees

En ek het ontslae geraak van 'n hardnekkige aamborstigheid

Wat my vraatsug my nie onverdiend gegee het,

Toe ek agter weelderige etes aangehardloop het.

Want in my begeerte om by Sestius te eet,

10

Het ek een van sy toesprake teen die kandidaat Antius



Gelees, deurtrek met gif en pes.

Daarna het 'n ysige kouekoors en kroniese hoes

My laat bibber totdat ek na jou skoot gevlug

En myself weer gesond gedokter het met rus en brandnetels. 15

Daarom, genees, gee ek jou die grootste dank

Omdat jy nie my sonde gestraf het nie.

En nou, as ek ooit weer die verwenste geskrifte van Sestius

In my hande neem, vervloek ek dit nie dat die kilheid

Verkoue en hoes, nie oor my nie, maar wel oor Sestius self sal bring nie; 20

Hy wat my net uitnooi wanneer ek sy nare boek gelees het.

#### 45. Septimius en Acme

Septimius het gesê, terwyl hy sy geliefde Acme

In sy arms hou: “My Acme,

As ek jou nie waansinnig lief het, en bereid is

Om jou steeds deur al my jare onophoudelik lief te hê nie,

(So waansinnig soos net die mees waansinnige kan) 5

Mag ek in Libië of sonverbrande Indië stoksielalleen

'n Grys-oog leeu teëkom.”

En soos hy gepraat het, het Cupido, soos vroeër

Aan die regterkant, aan die linkerkant sy goedkeuring genies.

Maar Acme het met haar kop liggies teruggeleun 10

En met haar dieprooi mond die liefdesdronke oë

Van haar beminde gesoen, en gesê:

“So, my lewe, my liefste Septimius,

Mag ons hierdie één meester verewig dien,

Soos hierdie vlam sterker en heftiger 15

In my sagte murg invreet.”

En soos sy gepraat het, het Cupido, soos vroeër

Aan die regterkant, aan die linkerkant sy goedkeuring genies.

En nou, met so 'n positiewe voorteken as vertrekpunt,

Leef hulle met gedeelde harte in wederkerige liefde saam. 20

Die arme Septimius verkies Acme alleen  
 Bo enige Sirië of Brittanje;  
 In Septimius alleen vind getroue Acme  
 Al haar vreugdes en plesier.  
 Wie het al ooit gelukkiger mense gesien;  
 Wie 'n meer belowende liefde?

25

#### 46. 'n Vrolike tuiskoms

Reeds bring lente weer warmer dae wat hul ergste koue afgeskud het,  
 Reeds het die sagte warm westewind die storms  
 Van die dag-en-nag-ewening laat bedaar.  
 Laat die Frigiese laaglande agter, Catullus,  
 En die vrugbare grond van warm Nisië:  
 Laat ons vlieg na die beroemde stede van Asië.  
 Reeds bokspring my hart in afwagting om te swerf;  
 Reeds is my blye voete krielrig van opwinding.  
 Voorspoed, geliefde geselskap van medereisigers,  
 Vir julle wat saam van julle vergeleë tuiste vertrek het,  
 Bring diverse paaie uit diverse rigtings huis toe.

5

10

#### 47. Porcius en Socration

Porcius en Socration, Piso se twee linkerhande,  
 Brandsiekte en hongersnood van die wêreld,  
 Het daardie besnyde Priapus julle hoër geplaas  
 As my geliefde Veranius en Fabullus?  
 Hou julle uitspattige feestelike onthale  
 Helder oordag, terwyl my jare-lange vriende  
 Op straathoeke vir uitnodigings moet vis?

5

#### 48. Jou heuningsoet oë, Juventius


Jou heuningsoet oë, Juventius,  
 As iemand my sou toelaat om hulle onophoudelik te soen,  
 Sou ek hulle driehonderd duisend maal soen  
 En nooit lyk of ek versadig sal word nie;  
 Nie as die oes van ons soene  
 Digter sou wees as ryp koringare nie.

5

#### 49. Aan Cicero

Mees welsprekende van Romulus se nasate,  
 Marcus Tullius, van almal wat daar is en sal wees;  
 Almal wat daar was in jare wat verby is,  
 Catullus, die slegste van alle digters,  
 Gee aan jou die grootste dank;  
 Soveel die slegste van alle digters  
 As wat jy die beste van alle advokate is.

5



#### 50. 'n Sielsgenoot

Gister, Licinius, op die vakansiedag,  
 Het ons 'n lekker tyd gehad op my skryfplatte  
 En ons was gruwelik soos ons ooreengekom het:  
 Ons het elkeen sy eie speelse versies geskryf  
 En rondgespeel, eers in een metrum, dan in 'n ander  
 Terwyl ons beurte gemaak het oor 'n glasië wyn en 'n ligte luim.  
 En toe ek daar weg is, was ek so aangevuur,  
 Licinius, deur jou sjarme en skerpsinnigheid,  
 Dat kos my in my armsaligheid nie kon versadig nie,  
 Nóg slaap my moeë oë met rus bedek;  
 Maar onbeheersd en waansinnig het ek oor my hele bed


5

10

Rondgerol en gesmag om die oggendlig te sien  
 Om met jou te kan praat en by jou te kan wees.  
 Maar later, toe my ledemate uitgeput van die lyding  
 Half-dood op my bedjie gelê het, 15  
 Het ek hierdie gedig, geliefde vriend, vir jou geskryf  
 Waaruit my verlange vir jou sal deurskemer.  
 Waak nou net teen hardkoppigheid en om my petisie  
 Te verwerp, ek smee jou, my oogappel,  
 Sodat Nemesis nie vir jǒú sal straf nie; 20  
 Sy is 'n streng godin: moet haar nie in die gesig vat nie.

### 51. Dit lyk vir my hy is 'n god gelyk

Dit lyk vir my hy is 'n god gelyk.  
 Nee, hy is selfs die gode een vooruit,  
 Hy wat teenoor jou kan sit  
 En weer en weer na jou kan kyk



En hoor hoedat jy saggies lag – 5  
 Dit roof my, in verloreheid, van alle sinne,  
 Want elke keer as ek jou sien, Lesbia,  
 Verdwyn die klanke van my stem

My tong verlam  
 En deur my liggaam stuur 'n vlam; 10  
 My ore druis van bloedgesuis,  
 My oë word in duisternis gevou.

Ledigheid, Catullus, sal jou tot waansin dryf:  
 Jy is uitgelate in jou ledigheid en begeer te veel.  
 Reeds is konings en welgestelde stede 15  
 Van niks-doen na benede.

## 52. Wat is dit, Catullus?

Wat is dit, Catullus? Waarom probeer jy jou dood vertraag?  
 Die kropgeswel Nonius sit op die kurule stoel,  
 Vatinius sweer op sy konsulskap:  
 Wat is dit, Catullus? Waarom probeer jy jou dood vertraag?

## 53. 'n Komiese aanmerking

Ek het nou net gelag vir 'n ou in die hof  
 Toe my Calvus die wanpraktyke van Vatinius  
 Op 'n manjifieke wyse oopgevelek het  
 En dié ou sy hande in bewondering lig en sê:  
 “Liewe hemel, wat 'n welsprekende buksie!”

5



## 54. Tjommies van Caesar


Ek sou wens dat Otho se kop (wat inderdaad piepklein is)  
 Hirrus se boerse, half-gewaste bene,  
 Libo se subtiele suutjiespoep,  
 Indien niks anders nie, jou walg  
 Asook die taai ou sening Fufidius...  
 Nogmaals sal my jambiese verse  
 Onverdiend jou bloed laat kook, generaal enig in jou soort.

5

## 55. Camerius geheimsinnig

Ek smee jou, as dit nie te veel moeite is nie,  
 Wys my waar is jou lêplek.  
 Ek het jou gesoek in die kleiner Campus,  
 In die Circus, in al die boekwinkels,

In die heilige tempel van allerhoogste Jupiter. 5  
 Verder het ek in die portiek van Pompeius  
 Alle vroumense, my vriend, bygedam  
 Wat my nogtans met onskuldige gesiggies aangekyk het.  
 So het ek herhaaldelik by hulle aangedring:  
 “Steek julle Camerius van my weg, slinkse meisiekinders?” 10  
 Een het my geantwoord terwyl sy haar bo-lyf ontbloot het:  
 “Kyk, hy kruip hier weg tussen my rooskleurige borste!”  
 Maar om nou met jou huis te hou, is een van Hercules se swaar take;  
 Jy onttrek jouself so selfvoldaan, my vriend.  
 Sê my waar jy gaan wees, wees braaf, 15  
 Uit daarmee, openbaar dit aan die daglig!  
 Die melkwit meisies hou jou vas, nie waar nie?  
 As jy ’n tong het in jou geslote mond,  
 Sal jy al die vrugte van die liefde wegsmyt.  
 Venus juig oor ’n mondvul uitspraak. 20  
 Of, as jy wil, mag jy jou lippe op knip sit,  
 Solank ek mag deel in julle liefde.



### 56. 'n Snaakse ding

'n Absurde en snaakse ding, Cato, het met my gebeur,  
 Ideaal vir jou ore en jou lag;  
 Lag soveel soos jy Catullus lief het, Cato!  
 Dit is 'n absurde en skreusnaakse ding!  
 Ek het nou net die grootmeneertjie betrap waar hy besig was 5  
 Om 'n meisie te stoot; ek het hom (as dit die ma van Venus verbly)  
 Afgemaai met my stywe staf as spies!

### 57. Caesar en Mamurra

Die onheilige naaiers kom uitstekend oor die weg,  
 Mamurra die moffie en Caesar.

Geen wonder: dieselfde stempel is op albei afgedruk;  
 Die een van die stad en die ander van Formiae,  
 En dit kan nie afgewas word nie: 5  
 Ewe besmet, 'n identiese tweeling,  
 Albei letterkundiges op een rusbank,  
 Die een net so 'n gulsige hoereerder soos die ander,  
 Mededingers en kamerade by die meisietjies.  
 Dié onheilige naaiers kom uitstekend oor die weg. 10

### 58. Lesbia se standaard daal

Caelius, ons Lesbia, daardie Lesbia,  
 Lesbia wat Catullus onverdeeld liefgehad het,  
 Meer as sy lewe en sy mense,  
 Sy stroop by kruispaaie en in agterstrate  
 Die nasate van groothartige Remus. 5



### 58.<sup>b</sup> Camerius is steeds soek

Nie as ek omvorm sou word tot die wag van Kreta,  
 Of meegesleur word saam met gevleuelde Pegasus;  
 Nie as ek Ladas was, vlerk-voetige Perseus, of  
 Die sneeuwit paar van Rhesus se vlugtige strydwa;  
 Voeg hierby veer-voetige en vlieënde diere 5  
 En terselfdertyd die winde se eis vir spoed –  
 Sou jy almal inspan, Camerius, en aan my skenk,  
 Sou ek steeds uitgemergel tot op die been  
 En verinneweer deur herhaalde uitputting wees,  
 My vriend, deur na jou te soek. 10

**59. 'n Lae vroumens**

Rufa van Bologna, suig vir geliefde Rufus; Rufa,  
 Menenius se vrou, wat jy al dikwels in die begrafplaas  
 Gesien kos steel het vanaf die brandstapel self:  
 Wanneer sy strek na 'n brood wat uit die vuur rol,  
 Word sy gebliksem deur 'n half-geskeerde lykverbrander. 5

**60. Gevoelloos**

Het 'n leeuwyf uit die Libiese berge  
 Of 'n Scylla wat blaf uit haar onderlyf  
 Jou voortgebring, so hartvotig en veragtelik  
 Dat die stem van 'n smekeling in sy laaste nood  
 Jou ongeërg laat in jou alte gevoellose hart? 5

**61. 'n Huwelikslied vir Manlius Torquatus en Junia Aurunculeia**

Bewoner van die Helicon-gebergte,  
 Seun van Urania,  
 Wat die liefdevolle maagd wegdra  
 Na haar man, o Hymenaeus Hymen,  
 O Hymen Hymenaeus! 5

Draai om jou voorkop  
 Die blomme van geurryke marjolein,  
 Sit vrolik die vlamrooi sluier op, hierheen,  
 Kom hierheen en dra aan jou sneeuwit  
 Voet die geel sandaaltjie, 10

En wanneer jy opgestaan het op hierdie heuglike dag,  
 Sing uit volle bors die huweliksliedere



Met 'n weerklinkende stem,  
 Stamp jou voete op die grond en swaai  
     Die dennefakkel in jou hand! 15

Want Junia trou met Manlius,  
 Soos Venus van Idalium  
 Toe sy gekom het voor die Frigiese  
 Regter, 'n goeie maagd  
     Met 'n goeie voorbode; 20

Soos die blink mirt van Asië  
 Met sy takkies vol bloeisels  
 Wat die woudnimfe  
 As 'n speelding vir hulself  
     Met douwater voed. 25

Kom daarom hierheen  
 En laat gou die Aoniese grotte  
 In die rotse van Thespieae agter,  
 Hulle wat die nimf Aganippe van bo besprinkel  
     Met verfrissende water. 30



Roep die meesteres na haar huis,  
 Vol begeerte vir haar nuwe man,  
 En deurvleg haar gedagtes met liefde  
 Soos die klewerige klimop oraloor dwaal  
     En om die boom rank. 35

Kom julle terselfdertyd,  
 Ongetroude meisies vir wie  
 'n Soortgelyke dag bestem is,  
 En sing in ritme: o Hymenaeus Hymen,  
     O Hymen Hymenaeus! 40

Sodat die huweliksgod,  
 Soos hy hoor hoe hy geroep word  
 Na sy plig, al gretiger hierheen mag kom:  
 Leier van goedgesinde Venus,  
 Vereniger van eerbare liefde.


45

Watter god moet eerder aangeroop word  
 Deur beminde minnaars?  
 Watter hemelwese sal mense eerder  
 aanbid? O Hymenaeus Hymen,  
 O Hymen Hymenaeus!

50

Die bejaarde ouer roep jou vir sy kinders;  
 Vir jou maak maagde die gordeltjies  
 Om hul middellywe los;  
 Vir jou luister die bruidegom  
 Met 'n gretige oor.

55



Jy het self die blommende meisie  
 In die hande van die ywerige jongman  
 Oorgegee vanaf die boesem van  
 Haar ma, o Hymenaeus Hymen,  
 O Hymen Hymenaeus!

60

Sonder jou kan Venus geen plesiere neem  
 Wat 'n goeie reputasie opbou nie,  
 Maar sy kan as dit jou wil is.  
 Wie sou waag om met hierdie god  
 Vergelyk te word?

65

Sonder jou kan geen huis  
 Kinders voortbring en geen ouer  
 Op sy nageslag steun nie, maar hulle kan  
 As dit jou wil is. Wie sou waag om met hierdie god

Vergelyk te word? 70

'n Land wat ontbreek aan jou heilige ritueel

Kan nie vir haar grense beskermers

Bied nie, maar sy kan

As dit jou wil is. Wie sou waag om met hierdie god

Vergelyk te word? 75

Gooi oop die grendels van die deur:

Die maagd is hier. Sien jy hoe die fakkels

Hulle gloeiende haarlokke skud?

\* \* \* \* \*

\* \* \* \* \*

\* \* \* \* \*

\* \* \* \* \*

Edele beskeidenheid hou haar terug.

Nogtans luister sy eerder hierna

En huil omdat sy moet gaan.



80

Hou op huil. Vir jou

Aurunculeia, is daar geen gevaar

Dat daar al 'n mooier vrou

Die helder dag oor die oseaan

Sien aankom het nie.

85

In die kleurryke tuintjie

Van 'n welgestelde heer

Staan gewoonlik so 'n hiasintblom,

Maar jy mors tyd. Die dag stap aan.

Gaan voort, jong bruid.

90

Gaan voort, jong bruid, as dit

Nou vir jou reg lyk, en luister

Na ons woorde. Sien jy? Die fakkels

Skud hul goue lokke:

95

Gaan voort, jong bruid.

Jou man is nie wispelturig nie

En sal nie toegewyd aan 'n onheilige houvrou,

Skaamtelose praktyke najaag nie;

Hy sal nooit ver van jou sagte

100

Borste wil lê nie,

Maar soos die kronkelende wingerdstok rank

Om bome wat teenaan geplant is,

So sal hy toegerank word in jou

Omhelting. Maar die dag stap aan:

105

Gaan voort, jong bruid.

O huweliksbed wat vir almal

\* \* \* \* \*

\* \* \* \* \*

\* \* \* \* \*



die ivoor poot van die bed,

Watter groot vreugdes wag op jou meester

Waaroor hy in die swerwende

110

Nag; in die middel van die dag

Kan juig! Maar die dag stap aan:

Gaan voort, jong bruid.

Seuns, lig die fakkels:

Ek sien die vlamrooi sluier aankom.

115

Gaan sing in ritme:

Io Hymen Hymenaeus io,

io Hymen Hymenaeus!

Laat die skurwe Fescenniniese  
 Geskerts nie vir lank stil wees nie; 120  
 En die slaweseun nie vir die kinders neute  
 Weier wanneer hy aanhoor dat sy heer  
 Hom in die liefde verlaat het.

Gooi neute vir die kinders,  
 Ledige slaweseun! Jy het lank genoeg 125  
 Met neute gespeel: nou moet  
 Jy die huweliksgod dien.  
 Slaweseun, gooi die neute!

Gister en vandag, slaweseun,  
 Het die opsigtersvroue jou afgesit; 130  
 Nou skeer die barbier jou  
 Wange. Arme, arme  
 Slaweseun, gooi die neute.

Daar sal van jou gesê word, uitgevatte  
 Bruidegom, dat jy moeilik sal afstand doen 135  
 Van jou gladde-vel slawe. Maar doen dit.  
 Io Hymen Hymenaeus io,  
 io Hymen Hymenaeus!

Ons weet dat hierdie toelaatbare plesiere  
 Die enigste was wat jy geken het, maar 140  
 Dieselfde word nie vir 'n getroude toegelaat nie.  
 Io Hymen Hymenaeus io,  
 io Hymen Hymenaeus!

Pas jy ook op, bruid, dat jy nie weier  
 Wat jou man verlang nie; sodat 145  
 dit nie elders gesoek word nie.  
 Io Hymen Hymenaeus io,

io Hymen Hymenaeus!

Kyk hoe stewig en luuks

Is die huis wat jou man jou gee;

150

Laat die huis jou dien.

(Io Hymen Hymenaeus io,

io Hymen Hymenaeus!)

Totdat jou gryse oudag

Wat die kop laat bewe,

155

Vir alles instemmend knik.

Io Hymen Hymenaeus io,

io Hymen Hymenaeus!

Lig jou geel geklede voete oor die

Drumpel met 'n goeie voorbode

160

En gaan onderdeur die gepoleerde kosyn.

Io Hymen Hymenaeus io,

io Hymen Hymenaeus!



Sien aan die binnekant jou man

Op die rusbank met purper bekleedsel lê,

165

Vol afwagting net vir jou.

Io Hymen Hymenaeus io,

io Hymen Hymenaeus!

Sy hart is aan die brand,

Nie minder heftig as joune nie,

170

Maar meer persoonlik.

Io Hymen Hymenaeus io,

io Hymen Hymenaeus!

Laat los, seunskind, die sagte

Arm van die meisie: laat haar

175

Nou gaan na die bed van haar man.

Io Hymen Hymenaeus io,  
io Hymen Hymenaeus!

Julle goeie vroue, lank en gelukkig

Getroud met net een man, 180

Lê die meisie neer op haar huweliksbed.

Io Hymen Hymenaeus io,  
io Hymen Hymenaeus!

Jy mag nou kom, bruidegom:

Jou vrou wag vir jou in die slaapkamer, 185

Stralend met 'n blommende gesig

Soos 'n wit kamille

Of 'n geel papawer.

Maar bruidegom, so help die gode

My, jy is niks minder mooi nie, 190

Nóg skeep Venus jou af.

Maar die dag stap aan:

Gaan voort; moenie tyd mors nie.



Jy het nie lank gedraai nie:

Jy kom reeds aan. Mag goeiehartige 195

Venus jou help omdat jy openlik

Begeer wat jy begeer en nie jou eerbare

Liefde versteek nie.

Laat hom eers die aantal

Stofkorrels van Afrika en die 200

Skitterende sterre bymekaartel,

Wat julle baie duisende vreugdes

Wil nommer.

Geniet mekaar soos dit julle behaag  
En bring spoedig kinders voort. 205


Dit is nie gepas dat so 'n ou familienaam  
sonder kinders is nie, maar hulle moet  
Altyd uit dieselfde plek ontspring.

Ek wil graag 'n klein Torquatus  
Sy kinderhandjies sien 210

Uitstrek van sy ma se skoot  
En soetjies glimlag vir sy pa  
Met 'n haasbekkie.

Mag hy wees soos sy pa Manlius  
En maklik uitkenbaar vir almal 215

Wat nie sy agtergrond ken nie,  
En mag sy gesig die lojaliteit  
Van sy ma verkondig.



Mag soveel lof weens sy moeder  
Se getrouheid sy afkoms bewys 220

Soos daar vir Penelope se Telemachus  
Ongeëwenaarde roem bly as gevolg van  
Sy besonderse moeder.

Maak toe die deure, maagde.  
Ons het genoeg pret gehad. Maar julle 225

Gelukkig getroudes, moet voorspoedig lewe  
En in volgehoue huweliksgawes die krag  
Van jul jeug beoefen.



## 62. Beurtsang

Die Aandster is hier, jongmans, staan op: in die hemel  
 Lig die Aandster nou eindelijk sy langverwagte strale.  
 Dit is nou die tyd om op te staan, nou om die feestelike tafels te verlaat;  
 Nou sal die bruid kom, nou die huwelikslied gesing word.  
 Hymen o Hymenaeus, kom, Hymen o Hymenaeus! 5

Sien julle ongetroude meisies die jongmans? Gaan staan oorkant hulle;  
 Duidelik vertoon die Aandster sy vuur vanaf die Oeta-berg.  
 Ja, inderdaad: sien jy hoe vlugtig hulle opgevlam het?  
 Hulle het nie verniet opgevlam nie; hulle sal iets sing wat ons sal moet oortref.  
 Hymen o Hymenaeus, kom, Hymen o Hymenaeus! 10

Dit is nie 'n maklike oorwinning wat vir ons wag nie, ouens:  
 Kyk hoe die meisies onder mekaar hersien wat hulle geleer het.  
 Hulle berei nie tevergeefs voor nie: hulle het iets daar wat noemenswaardig is.  
 Geen wonder, want hulle dink diep na met onverdeelde aandag.  
 Hierteenoor het ons ons gedagtes en ons ore elders verdeel; 15  
 Daarom sal ons regverdiglik getroef word: oorwinning hou van sorg.  
 Rig daarom ten minste nou julle aandag hier:  
 Hulle gaan nou begin sing; nou gaan dit ons beurt wees om te antwoord.  
 Hymen o Hymenaeus, kom, Hymen o Hymenaeus!

Aandster, watter wreder vuur beweeg deur die hemel? 20  
 Jy kan verduur om die dogter uit haar ma se omhelsing weg te skeur;  
 Die klouende dogter uit haar ma se omhelsing weg te skeur  
 En die onskuldige meisie aan die brandende jongman te gee.  
 Wat doen vyande wreder as dit in 'n gevalle stad?  
 Hymen o Hymenaeus, kom, Hymen o Hymenaeus! 25

Aandster, watter gunstiger vlam verlig die hemel?  
 Jy bevestig die beloofde huwelik met jou vlam;  
 Die huwelik wat mans, wat ouers vooraf het

En nie verbind voordat jou vlam opgekom het nie.

Kan die gode iets meer wenslik gee as hierdie vreugdevolle uur?

30

Hymen o Hymenaeus, kom, Hymen o Hymenaeus!

Vriendinne, die Aandster het een van ons weggeneem.

\* \* \*

\* \* \*

Want met jou koms is die wagte altyd op en wakker.

Diewe skuil snags; hulle wat jy, Aandster, dikwels betrap

Wanneer jy onveranderd terugkeer onder die naam van Môrestêr.

35

Maar die ongetroude meisies geniet dit om jou met kamstige protes te skel.

Wat ás hulle hom skel na wie hulle in stil swye smag?

Hymen o Hymenaeus, kom, Hymen o Hymenaeus!

Soos 'n blom versteek opkom in 'n omheinde tuin,

Ongesien deur die beeste; deur geen ploeg uitgepluk

40

En wat die winde streel, die son krag gee, die reën grootmaak –

Baie seuns, baie meisies het dit begeer.

Maar wanneer daardie selfde blom verwelk het, afgesny deur 'n skerp nael,

Het geen seun, geen meisie dit meer begeer nie.

So is die jongmeisie: solank sy onaangeraak bly, is sy vir haar mense dierbaar;

45

Maar wanneer sy haar maagdelike fleur verloor het met 'n besoedelde liggaam,

Is sy nie meer vir seuns begeerlik of vir meisies dierbaar nie.

Hymen o Hymenaeus, kom, Hymen o Hymenaeus!

Soos 'n enkellopende wingerdstok wat groei in 'n dorre land

Nooit homself oplik nie; nooit 'n ryp druif grootmaak nie,

50

Maar sy buigsame lyf grond toe knak weens die gewig wat hom aftrek

En amper-amper sy boonste spruit aan sy wortel raak:

Geen boere, geen osse sien daarna om nie.

Maar as dieselfde wingerdstok per toeval in die huwelik verbind word met die

Olmboom, sien baie boere, baie osse daarna om.

55

Net so 'n jongmeisie: solank sy onaangeraak bly, verouder sy onversorg.

Maar wanneer sy in rype tyd deur 'n gelyke eggenoot verower word,  
Is sy meer dierbaar vir haar man en minder veragtelik vir haar pa.

En jy bruid, moenie baklei met so 'n huweliksmaat nie.

Dit is nie reg om met hom te baklei aan wie jou pa self jou gegee het; 60

Jou pa self tesame met jou ma aan wie jy moet gehoorsaam wees.

Jou maagdelikheid is nie geheel en al net joune nie: 'n deeltjie behoort aan jou ouers;  
'n Derde is jou pa s'n, 'n derde is vir jou ma gegee.

Slegs 'n derde is joune; moenie met twee baklei

Wat hulle outoriteit tesame met 'n bruidskat aan hul skoonseun gegee het nie. 65

Hymen o Hymenaeus, kom, Hymen o Hymenaeus!

### 63. Attis se verhaal

Oor die hoë seë gedra in sy vinnige boot het Attis

Gretig met sy vlugtige voet die Frigiese woude bereik

En die skaduryke uithangplekke van die godin met woude alkant genader;

Daar, opgesweep deur 'n woedende waansin, sy kop deurmekaar,

Het hy met 'n skerp vuursteen die gewigte aan sy lies afgesny. 5

En toe hy, nou sy, voel dat haar oorblywende ledemate ontman was,

Terwyl die grondoppervlak steeds met vars bloed bevlek is,

Het sy haastig met sneeuwit hande die ligte tamboeryn opgeneem,

Jou tamboeryn, Cybele, jou heilige instrument, moeder,

En terwyl sy met sagte vingers die hol bulvel geklop het, 10

Bewend van ekstase vir haar geselskap begin sing:

“Gaan, gaan na die hoë berge, Gallae, saam na die woude van Cybele,

Gaan saam verdwaalde beeste van Dindymus se meesteres,

Wat op soek na onbekende streke soos 'n groep bannelinge

My leiding gevolg het soos ek julle, kamerade, gelei het 15

En die vinnig-vloeiende soutwater en onstuimige seë verduur het

En uit oorweldigende haat van Venus, jul liggame kastreer het;

Verbly jul godin se hart met julle verwoede omswerwinge.

Laat jul verstand verlos wees van trae huiwering: gaan saam,

Jaag na die Frigiese huis van Cybele, na die Frigiese woude van die godin, 20  
 Waar die stem van simbale klink, waar tamboeryne eggo;  
 Waar die Frigiese fluitspeler 'n lae noot op sy gekromde rietfluit blaas;  
 Waar die Maenades, met klim-op gekroon, hul koppe wild skud;  
 Waar hulle met 'n skril geskree die heilige rites vier;  
 Waar daardie dwalende geselskap van die godin gewoonlik heen en weer skarrel 25  
 – Daarheen moet ons met lewendige danse haas.”  
 Skaars het Attis, die onegte vrou, hierdie woorde vir haar genote gesing,  
 Toe die dansgroep skielik met trillende tonge uitskree,  
 Die ligte tamboeryn weerklink, die hol simbale eggo,  
 Die koor met versnelde voete haastig na groene Ida gaan. 30  
 Terselfdertyd, koorsagtig van inspirasie, snakkend en uitasem,  
 Jaag Attis as leier deur die donker woude, vergesel deur die tamboeryn,  
 Soos 'n oningebreekte verskalf wat die las van die juk ontduik;  
 Die Gallae volg vinnig op hul vlugvoetige leier.  
 En so, toe hulle uitgeput die huis van Cybele bereik het, 35  
 Na te veel inspanning, val hulle aan die slaap sonder sorg van Ceres.  
 'n Lui-lekker slaap bedek hul oë met 'n dalende tamheid;  
 Die onbeheersde waansin verlaat hul gees in sagte sielerus.  
 Maar toe Son met sy goue gesig deur stralende oë  
 Die oop hemel verlig, die vaste landstreke, die woeste see 40  
 En die skadu's van die nag verdryf het met uitgeruste perde,  
 Het Slaap van die ontwakende Attis gevlug en vinnig verdwyn  
 En Pasithea het hom verwelkom met 'n opgewonde fladdering in haar bors.  
 So, na sagte rus en verlos van verwoede waansin  
 Het Attis, toe sy in haar gedagtes haar dade herroep 45  
 En met 'n helder verstand sien waar sy was en waarsonder,  
 Met 'n bruisende verstand teruggejaag na die strand.  
 Daar het sy die wye see aanskou met tranen in haar oë  
 En so met 'n droewige stem haar vaderland jammerlik aangespreek:  
 “O my land wat my voortgebring het, o my land, my moeder, 50  
 Wat ek armsalig verlaat het, soos wegloper-slawe hul meesters,  
 En my voete gebring het na die woude van Ida  
 Om naby die sneeu en geyste skuilplekke van wilde diere te kan wees,

En in my waansin hulle donker lêplekke te nader.  
 Waar of in watter streek, reken ek, is jy geleë, vaderland? 55  
 My pupille begeer uit hul eie om hul sig na jou te draai,  
 Terwyl my siel vir 'n kort rukkie vry is van wilde waansin.  
 Ek, sal ek ver van my huis gedra word na hierdie woude?  
 Sal ek van my land, my besittings, my vriende, my ouers weg wees?  
 Weg wees van die markplein, die stoeikryt, die renbaan en gimnasium? 60  
 Ellendige, o ellendige hart, weer en weer moet jy kla!  
 Want watter menslike vorm is daar wat ek nie aangeneem het nie?  
 Ek, 'n vrou, 'n adolessent, 'n jong man, 'n kind;  
 Ek was die blom van die gimnasium; ek was eens die glorie van die bokskryt.  
 Vir my was die deure stampvol, vir my die drumpels warm, 65  
 Vir my was die huis met blommekranse bedek  
 Wanneer ek my slaapkamer met die son se opkoms moes verlaat het.  
 Ek, sal ek genoem word bediende van die gode, diensmeisie van Cybele?  
 Sal ek 'n Maenade wees, 'n halwe ek, 'n onvrugbare man?  
 Sal ek die koue, sneeu-bedekte streke van groen Ida bewoon? 70  
 Ek my lewe spandeer onder die hoë pieke van Frigië,  
 Waar die takbok die woude bewoon en die wildevark deurkruis?  
 Nou, nou berou ek wat ek gedoen het; ja nou het ek spyt.”  
 Soos die woorde vinnig van sy rooi lippe geglip en  
 'n Nuwe boodskap na beide ore van die godin gebring het, 75  
 Het Cybele die juk wat haar leeus saam inspan losgemaak  
 En terwyl sy die vyand van die kudde links in die span terg, gepraat.  
 “Komaan, kom verwoede een, laat waansin hom aandryf;  
 Laat hom teruggaan na die woude, deur waansin getref –  
 Hy wat te veel begeer om van my outoriteit vry te wees. 80  
 Kom, slaan jou rug met jou stert, verduur jou eie geseling;  
 Laat elke hoek en draai weerklink met dreunende gebrul,  
 Skud vreesaanjaend die roesbruin maanhare aan jou gespierde nek.”  
 So het dreigende Cybele gesê en die juk met haar hand losgemaak.  
 Die wilde dier het homself opgesweep en woede in sy hart ontlont, 85  
 Vorentoe gestorm, gebrul en die struike vertrap met sy strekkende poot.  
 Maar toe hy by die nat sand van die blinkwit strand kom

En die weerlose Attis sien naby die marmeragtige see,  
 Het hy gestorm. Sy, Attis, het mal gevlug in die wilde woude in;  
 Daar het sy vir ewig en altyd haar lewe as 'n diensmeisie deurgebring. 90  
 Godin, grote godin, Cybele, heersende godin van Dindymus,  
 Laat al jou woede ver van my huis wees, meesteres:  
 Dryf ander in aanvuring, dryf ander tot waansin!

#### 64. Die huwelik van Peleus en Thetis

Hulle sê die denne wat eens gespruit het op die kruin van Pelion  
 Het deur die helder waters van Neptunus geswem  
 Na die golwe van Phasis en die grense van die ryk van Aeëtes,  
 Toe gekose jongmans, die krag van die Griekse jeug,  
 Begeer het om die goue vlies van die Colcheërs te steel 5  
 En gewaag het om die sout waters met 'n vinnige skip oor te steek,  
 Hul dennehoutspane strykend oor die diepblou golwe.  
 Vir hulle het die godin wat die vestings van die hoogste stede bewaak  
 Self die vaartuig gemaak wat met 'n ligte bries saam vlieg  
 Deur denneplanke by die geboë kiel in te voeg. 10  
 Daardie skip het met haar eerste vaart die onervare Amphitrite  
 Aan skeepsreis bekend gestel.  
 En sodra sy met haar boeg deur die windverwaaide waters gesny het  
 En die golf, geklits deur die geroei, wit geword het van die skuim,  
 Het gesigte uit die spierwit swelling van die water verskyn:  
 Nereides van die see wat hulle verwonder het oor die vreemde verskynsel. 15  
 Op daardie dag, en op geen ander, het sterflinge met hul eie oë  
 Seenimfe gesien, hul lywe naak so ver soos hul borste,  
 Wat uitgetroon het uit die skuimwit deining.  
 Hulle sê dit is toe dat Peleus gebrand het van liefde vir Thetis;  
 Toe het Thetis nie neergesien op 'n huwelik met 'n sterfling nie; 20  
 Toe het die Vader self aangevoel dat Peleus met Thetis verenig moet word.  
 O helde, gebore in die allerbeste tyd van alle tye,  
 Lank lewe die nageslag van gode! O edel kinders

Van goeie moeders, lank lewe julle nog 'n maal, lank lewe! 23b  
 Vir julle sal ek dikwels, vir julle, in my gedigte aanroep.  
 En veral vir jou, geseënd met gelukkige huweliksfakkels, 25  
 Peleus, steunpilaar van Thessalië, vir wie Jupiter self,  
 Vader van die gode, sy geliefde gegee het.  
 Is dit vir jou wat allerskoonste Thetis, dogter van Nereus, vasgehou het?  
 Het Tethys *jou* toegelaat om met haar kleindogter te trou,  
 En Oseanus wat die hele wêreld met water omhels? 30  
 Soos die gewenste dag op die bestemde tyd  
 Aangebreek het, kom die ganse Thessalië by die huis bymekaar;  
 Die paleis word gevul deur 'n vrolike skare.  
 Hulle bring geskenke te voorskyn, die vreugde duidelik op hul gesigte.  
 Cieros is verlate; hulle vertrek van Phthiotiese Tempe, 35  
 Die huise van Crannon en die mure van Larissa  
 En hulle stroom saam na Pharsalus en vul in groot getalle die dorps huise.  
 Niemand bewerk die lande; die nekke van die osse word sag;  
 Die onkruid om die wingerdstok word nie met gekurfde tande weggehark nie;  
 Die bul lig nie die kluite met 'n diep-geboorde ploegskaar nie; 40  
 Die snoeiersekel dun nie die skadu van blaarryke bome uit nie;  
 Skilferige roes oortrek die verlate ploë.  
 Maar Peleus se eie gronde, waar ook al die luukse paleis heen strek,  
 Blink met die geskitter van goud en silwer.  
 Ivoor skyn op die trone; die drinkbekers op die tafel skitter; 45  
 Die hele woning juig in die glans van die koninklike skat.  
 Die huweliksbed word inderdaad vir die godin geplaas  
 In die middel van die paleis, afgewerk met Indiese ivoor  
 En bedek met 'n purper kleed, getint met die rooskleur van 'n weekdier.  
 Hierdie deken waarop die figure van antieke persone geborduur is, 50  
 Beeld op merkwaardige wyse die deugsame dade van helde uit.  
 Want daar staan Ariadne en uitkyk vanaf die dreunende strand van Dia  
 En sy sien hoe Theseus wegvaar met sy vinnige vloot;  
 Sy wat in haar hart waansinnige hartstog dra,  
 Glo nog nie dat sy sien wat sy sien nie; 55  
 Geen wonder, want toe sy eens uit bedrieglike slaap wakker skrik,

Bevind sy haarself, armsalig en verlate, op die eensame sand.  
 Maar terwyl die ongeërgde jongman in sy wegvaart die waters met sy spane tref,  
 Laat hy onvervuld sy leë beloftes aan die winderige storm agter.  
 Vir hom soek Minos se dogter in die verte met hartseer oë vanaf die kuslyn, 60  
 Soos die klipstandbeeld van 'n Bacchante, soek, helaas,  
 Soek en woed vanweë die oorweldigende golwe van hartstog.  
 Sy dra nie meer die fyn haarnet om haar blonde kop nie;  
 Haar bors word nie verberg agter die bedekking van ligte kleding nie;  
 Haar melkwit borste nie met 'n geronde band vasgehou nie: 65  
 Al hierdie kledingstukke wat in wanorde van haar liggaam afgegly het,  
 Het die sout golwe voor haar eie voete rondgespoel.  
 Maar terwyl sy nie omgee het vir haar haarnet of drywende kleed nie,  
 Het sy net aan jou, Theseus, met haar hele hart,  
 Haar hele siel, vasgeklou; met haar hele verlore verstand. 70  
 A, rampsalige meisie, vir wie Venus met 'n oneindige getreur  
 Waansinnig gemaak het en doringrige kommer in haar hart  
 Gesaai het, sedert die dag waarop dapper Theseus  
 Van die onreëlmatige strande van Piraeus vertrek het  
 En die Kretense paleis van die wettelose koning bereik het. 75  
 Want hulle vertel hoe Athene eens, gedryf deur 'n wrede pes  
 Om boete te betaal vir die moord op Androgeos,  
 Uitgesoekte jongmans tesame met die blom van ongehude meisies  
 Gereeld as feesmaal vir die Minotaurus gestuur het.  
 Toe haar nou mure geskud is deur hierdie euwel, 80  
 Het Theseus gewens om sy lewe vir sy geliefde Athene  
 Op te offer, eerder as wat sulke lewendige lyke  
 Van Athene na Kreta gedra word.  
 En so, met sy vertroue op 'n ligte skip en sagte winde,  
 Het hy by groothartige Minos en sy trotse paleis aangekom. 85  
 Onmiddellik toe die onskuldige prinses hom met begerende oë raaksien;  
 Sy vir wie haar maagdelike bed wat soet parfuim uitasem,  
 In die sagte omhelsing van haar moeder voed –  
 Soos mirte wat die strome van Eurotas voortbring,  
 Of die veelkleurige blomme wat die lentelug ontlok – 90



Toe het sy nie haar smeulende oë van hom weggedraai  
 Voordat sy sonder perk vlam gevat het deur haar hele wese,  
 En in haar diepste murg gebrand het nie.  
 Ai, jy maak met jou gevoellose hart waansin wakker met tragiese gevolge,  
 Heilige kind, en meng die vreugdes van mense met sorg; 95  
 Jy wat regeer oor Golgi en die blaarryke Idalium,  
 Op watter golwe het jy die hart van die brandende meisie rondgegooi  
 Terwyl sy gereeld gesug het oor die blonde vreemdeling?  
 Hoeveel vrese het sy verduur met 'n verswakkende hart?  
 Hoe dikwels bleker geword as die glans van goud 100  
 Wanneer Theseus, gretig om teen die wrede monster te veg,  
 Vertrek het om óf die dood óf die belonings van lof te ontvang!  
 Tog was dit nie onwelkome geskenke wat sy, nie tevergeefs,  
 Aan die gode belowe het toe sy met stil lippe geloftes afgelê het nie.  
 Want soos 'n boom op die kruin van Taurus wat sy takke swaai, 105  
 'n Eikeboom of den met sy swetende bas en dennebolle,  
 Wat 'n verwoede storm wring met sy rukwind  
 En uitpluk (met wortel en al uitgeruk, val die boom ver  
 In sy volle lengte en breek wyd en syd wat ook al in sy pad kom) –  
 Só het Theseus die wrede dier platgetrek en sy groot lyf uitoorlê – 110  
 Sy horings tevergeefs op die leë winde gerig.  
 Toe het hy ongedeerd en met groot lof sy pad terug gevat,  
 En sy verwarde treë gehou langs die fyn draad  
 Sodat, wanneer hy deur die draaie van die doolhof gaan,  
 Die onbespeurbare labirint van die gebou hom nie sal verwar nie. 115  
 Maar waarom afwyk van my aanvanklike gedig om meer te vertel:  
 Hoe die dogter die aangesig van haar vader agtergelaat het;  
 Die omhelsing van haar suster en ook dié van haar ma  
 Wat, in haar smart verlore, oor haar dogter geween het – haar dogter  
 Wat bo al hierdie dinge die soet liefde van Theseus gekies het – 120  
 Of hoe sy per skip by die skuimende kus van Dia aangekom het;  
 Hoe haar beminde weggegaan het met 'n ongeërgde hart  
 En haar verlaat het toe haar oë met slaap gesluit was?  
 Hulle sê sy het dikwels, waansinnig weens die brand in haar siel,

Helder-klinkende krete uit die diepte van haar hart geskree 125  
 En die een oomblik in haar smart die steil koppies uitgeklim  
 Vanwaar sy haar oë oor die onstuimige uithoeke van die see gestrem het;  
 Die volgende oomblik teen die golwe van die brekende see ingehardloop  
 Terwyl sy die ligte kleed van haar kaal kuite opgelig het.  
 En hierdie woorde het sy bedroef in haar laaste weeklae gesê 130  
 Terwyl sy ysig gesnik het, haar gesig vol trane:

“So, nadat jy my weggevat het, trouelose, van die huis van my vader  
 Het jy my net so gelos op die verlate strand, trouelose Theseus?  
 So, terwyl jy wegvaar, afsydig teenoor die wil van die gode,  
 A, so ongeërg, dra jy die vloek van meineed huis toe? 135  
 Kon niks die besluit van jou gevoellose verstand verander nie?  
 Was daar geen genade iewers in jou binneste  
 Wat jou hart kon sagmaak dat jy jou oor my sou ontferm nie?  
 Hierdie is nie die beloftes wat jy my eens in ’n soet stem  
 Gemaak het nie; hierdie is nie wat jy my ellendig voor laat hoop het nie, 140  
 Maar ’n gelukkige vereniging; maar ’n gewenste huwelik:  
 Al daardie dinge wat die lugtige winde nou tot niet maak.  
 Nou, laat geen vrou weer ’n man se beloftes glo nie;  
 Laat geen vrou hoop ’n man se woorde is betroubaar nie;  
 Hulle wat, wanneer hul harte iets verlang en intens begeer om dit te bekom, 145  
 Niks vrees om by te sweer nie; niks spaar om te beloop nie:  
 Maar sodra die begeertes van hul wellustige verstand versadig is,  
 Het hul geen saak met vroeëre woorde en deins hul nie van meineed terug nie.  
 Ek, soos jy weet, het jou gered toe jy rondgeskud het in die maalkolk  
 Van die dood en gekies om eerder ’n halfbroer prys te gee 150  
 As om jou, verraderlike, te versaak in jou mees kritieke oomblik.  
 En daarvoor sal ek gegee word vir wilde diere en roofvoëls om verskeur te word  
 As prooi en ek sal nie begrawe word, geen grond oor my lyk gestrooi word nie.  
 Watter leeuwyf het jou voortgebring onder ’n verlate rots;  
 Watter see het jou verwek en uitgespoeg met skuimende golwe: 155  
 Watter Syrtis, watter gulsige Scylla, watter skrikwekkende Charybdis;  
 Jy wat vir ’n soet lewe sulke belonings teruggee?

As daar in jou hart geen gedagte was aan 'n troue tussen ons  
 Omdat jy die strawwe voorskrifte van jou ouderwetse vader gevrees het,  
 Kon jy my tog steeds in julle wonings ingelei het 160  
 Om jou as slaaf te dien met die arbeid van liefde;  
 Jou wit voete te streel met fonteinwater;  
 Jou bed op te maak met 'n purperdeken.  
 Maar waarom sou ek tevergeefs huil vir die winde,  
 Waansinnig weens die verraad; die winde geseënd met geen gevoel, 165  
 Wat nóg die woorde wat ek sê kan hoor, nóg antwoord?  
 Hierteenoor dobber hy reeds byna in die middel van die see  
 En is daar geen lewe te sien op die verlate kuslyn nie.  
 So het wrede noodlot my blatant uitgelag in my mees verlate oomblik,  
 En ook haar ore vir my weeklae doof gehou. 170  
 Almagtige Jupiter, ek wens die Atheense skepe het  
 In die eerste plek nooit die strande van Knossos bereik nie;  
 Dat die ontroue reisiger wat 'n skrikwekkende heffing vir die  
 Onbeheersde bul gebring het, nooit sy skip in Kreta vasgemeer het nie;  
 Dat hierdie sleg hond wat wrede planne onder 'n soet voorkoms versteek, 175  
 Nooit in ons huis as gas gerus het nie!  
 Want waarheen sal ek my wend? Op watter verlore hoop steun?  
 Sal ek die berge van Ida uitsoek? Maar nee, tussen-in met 'n breë draaikolk  
 Lê die stormagtige waters van die see wat hulle afsper.  
 Of hoop op hulp van my vader? Vir wie ek agtergelaat het 180  
 Toe ek 'n jong man gevolg het, bevlek met die bloed van my broer?  
 Of my vertrous met die getroue liefde van 'n huweliksmaat?  
 Wat van my vlug met sy duursame roeispans geboë in die golwe?  
 Buiten alles is die eiland verlate en nie met 'n enkele woning ingerig nie;  
 Geen uitkoms lê voor my oop nie: net die omsingelende waters van die see. 185  
 Geen skip vir my vlug; geen hoop: alles is stil,  
 Alles verlate, alles dui op die dood.  
 Nogtans sal my oë nie in die dood verdof nie,  
 Nóg my sintuie uit my moeë liggaam onttrek  
 Voordat ek, verraai, geregverdige wraak van die gode geëis het; 190  
 Voordat ek gesmeek het, in my laaste uur, om die trou van hemelwesens.

Daarom, julle wat die dade van mense met wraaksugtige straf beboet,  
 Eumenides, wie se voorkoppe, omring met slange vir hare,  
 Die woede vertoon wat jul harte uitasem:  
 Kom hierheen, hierheen, hoor my weeklae aan 195  
 Wat ek in my ellende gedryf word om uit my diepste murg  
 Te uiter, hulpeloos, brandend, verblind deur 'n verwoede waansin.  
 En omdat my klagtes kom, opreg en uit die diepte van my hart,  
 Moet julle nie toelaat dat my smart tot niks kom nie.  
 Maar soos die ingesteldheid waarmee Theseus my alleen agter gelaat het, 200  
 Met so 'n ingesteldheid, godinne, mag hy homself en sy mense ruïneer.”

Nadat sy hierdie woorde uit haar bedroefde hart gestort het,  
 Het sy angstig aangedring op vergelding vir wrede dade  
 En die heerser van die hemel het instemmend geknik; sy outoriteit onaantasbaar.  
 Daarmee het die aarde en stormagtige see begin bewe 205  
 En die flikkerende sterre het in die hemelruim geskud.  
 Maar Theseus, sy verstand gesaai met 'n verblindende duisternis,  
 Het al die bevele uit sy vergeetagtige hart laat gaan  
 Wat hy vroeër met 'n helder verstand voor oë gehou het,  
 En nie die verblydende tekens vir sy treurende vader gehys 210  
 Om te wys dat hy ongedeerd die hawe van Erechtheus aanskou nie.  
 Want hulle sê toe Aegeus vroeër sy seun aan die winde toevertrou het,  
 Toe Theseus oppad was met sy vloot om die mure van die godin te verlaat,  
 Het hy die jongman omhels en hom hierdie bevele gegee:  
 “My enigste seun, kosbaarder vir my as 'n lang lewe, 215  
 My seun, wat ek gedwing word om in onvoorspelbare gevare in te stuur,  
 Onlangs aan my teruggegee in die laaste skof van my oudag,  
 Omdat my lot en jou brandende heldhaftigheid  
 Jou van my wegruk teen my wil, my verdowwende oë  
 Nog nie versadig van die beeld van 'n geliefde seun – 220  
 Ek sal jou nie in blydschap met 'n ligte hart laat gaan nie,  
 Nóg jou die tekens van gunstige voorspoed laat dra,  
 Maar ek sal eerstens aan die vele bekommernisse in my hart uiting gee  
 Terwyl ek my grys hare met grond en hardnekkige stof sal bevuil;

Dan sal ek getinte seile aan jou swerwende mas hang 225  
 Sodat die linne, verdonker met Iberiese roes, my lyding  
 En die brand van my verstand sal verkondig.  
 Maar as sy wat heilige Itonus bewoon en ingestem het  
 Om ons volk en die wonings van Erechtheus te beskerm,  
 Toestaan dat jy jou regterhand met die bul se bloed mag besprinkel, 230  
 Maak dan seker dat hierdie bevele, vasgelê in jou geheue,  
 Vars mag bly en geen verloop van tyd hulle sal uitwis nie –  
 Dat, sodra jou oë ons heuwels sal sien,  
 Die dwarsbalke aan alle kante hul roukleed sal laat sak  
 En die gevlegde toue wit seile sal lig; 235  
 Dat ek, so gou moontlik die vreugde sal sien en met 'n blye gemoed  
 Mag herken, wanneer 'n heuglike dag jou terugkoms sal bevestig.”  
 Hierdie bevele waaraan Theseus aanvanklik met 'n stewige gemoed geklou het,  
 Het hom verlaat, soos wolke, aangedryf deur 'n vlag van winde,  
 Die lugtige kruin van 'n sneeubedekte berg verlaat. 240  
 Maar sy pa, soos hy soekend gestaar het vanaf die Acropolis,  
 Sy angstige oë verteer deur onophoudelike tranes,  
 Het onmiddellik toe hy die doek van die gekleurde seil sien,  
 Homself kop-eerste van die kruin van die rotse gegooi,  
 Oortuig dat Theseus deur die harde noodlot na sy dood gestuur is. 245  
 So het brawe Theseus toe hy die kamers van sy ouerhuis binnegaan,  
 Treurend oor die dood van sy pa, dieselfde smart ervaar as wat hy  
 Met sy ongeërgde hart vir die dogter van Minos veroorsaak het.  
 En terwyl sy toe droewig uitgekyk het na die kleiner-wordende skip,  
 Het sy veelvoudige sorge omgekeer in haar gekwete hart. 250

Maar op 'n ander deel van die deken het jeugdige Dionysus  
 Met sy gevolg van Saters en Sileni uit Nysa rondgeloop,  
 Op soek na jou, Ariadne, en brandend van liefde vir jou.  
 Vir hom het die besete Thyades oor die hele plek te kere gegaan,  
 Hulle koppe agteroor gegooi en “euhoe, euhoe” besope uitgeroep. 255  
 Sommige van hulle het wingerdlatte rondgeswaai, die punte toegedraai in klimop;  
 Sommige het die ledemate van 'n verskeurde bul rondgegooi;

Ander het hulself omgord met kronkelende slange;  
 Nog 'n klomp het die heilige rites vereer, versteek in hul mandjies –  
 Die rites wat goddeloses tevergeefs begeer om te hoor – 260  
 Nog 'n ander klomp het tamboeryne geslaan met hande omhoog gelig,  
 Of 'n suiwer geklingel op gepoleerde brons voortgebring;  
 Vir baie het horings 'n lae, hees gedreun uitgeblaas  
 En barbaarse rietfluite skril klanke uitgegil.

Rykliek versier met sulke figure, het die deken 265  
 Met sy voue die koninklike bank in sy omhelsing toegevou.  
 Nadat die Thessaliese jeug deur gretige beskouing van die beelde  
 Versadig is, het hulle plek gemaak vir die heilige gode.  
 Hier, soos wat die westewind in die oggend die kalm see  
 Met sy asem rimpel en die deinende golwe aanmoedig, 270  
 Wanneer Aurora uitstyg na die drumpel van die swerwende Son;  
 Die waters wat eers stadig aangedryf deur 'n ligte bries,  
 Voortbeweeg en dan sag weerklink met die geruis van gelag;  
 Soos die wind dan sterker word, swel die golwe meer en meer  
 En terwyl hulle ver spoel, skitter hulle met 'n purper lig: 275  
 So, terwyl hul toe die koninklike gebou deur die voorportaal verlaat het,  
 Gaan die mense uitmekaar met voete in alle rigtings, elkeen na sy eie huis.  
 Na hul vertrek het Chiron eerste van die kruin van Pelion  
 Gekom met geskenke uit die woude,  
 Want elke liewe blom wat die velde dra; wat Thessalië 280  
 Voortbring op haar hoë berge; wat die vrugbare bries  
 Van die soel westewind naby die kabbelende rivier laat ontluik:  
 Al hierdie blomme het hy self gebring, gerankskik in gemengde kranse,  
 En die huis het bedwelmd gelag oor die bekoorlike reuk.  
 Onmiddellik is Peneus daar wat groene Tempe, 285  
 Tempe omring deur tronende woude, agterlaat  
 Om gevul te word deur singende dansers, en hy kom nie  
 Met leë hande nie: want hy het met wortel en al hoë  
 Beukebome gedra en lang louriere met reguit stamme;  
 Ook die knikkende plataan en soepel suster 290

Van verskroeiende Phaëton en die tronende sipres.  
 Hierdie bome het hy dig opmekaar, reg rondom Peleus se paleis geplant  
 Sodat die voorportaal deur sagte blare in groen gehul sou wees.  
 Na hom volg vernuftige Prometheus  
 Wat die verdofte letsels van sy ou straf dra 295  
 Wat hy eens betaal het, met sy ledemate aan 'n rots vasgeketting,  
 Toe hy oor 'n diep afgrond gehang het.  
 Daarna het die vader van die gode met sy heilige vrou en kinders  
 Uit die hemel aangekom en vir jou, Phoebus, alleen agtergelaat  
 Saam met jou tweelingsuster wat die berge van Idrus bewoon: 300  
 Want soos jy het jou suster neergesien op Peleus  
 En wou sy nie die huweliksfakkels van Thetis meemaak nie.

Nadat hulle arms en bene uitgestrek het op sneeuwit rusbanke,  
 Is die tafels hoog gestapel met 'n oorfloed van feestelikhede;  
 In die tussentyd, met lywe rukkerig en verswak, 305  
 Het die Parcae begin om waarsêersliedere te sing.  
 'n Wit kleed het hul bewerige lywe toegevou  
 En met 'n purper omboorsel tot om hul enkels gehang;  
 Rooskleurige linte het op hul sneeuwit koppe gesit  
 En hul hande het die nimmereindigende taak op gepaste wyse aangegryp. 310  
 Die linkerhand het die spinstok vasgehou, in sagte wol gedraai,  
 Terwyl die regterhand liggies die draadjies uitgetrek en gevorm het met vingers  
 Na bo gekeer; dan met die duim na onder die spoel gedraai  
 Wat balanseer op die geronde spilkatrol.  
 En voortdurend het hul tande aan die drade gepluk en die werk afgerond 315  
 En aan hul skurwe lippe het stukkies wol gekleef  
 Wat eers uitgesteek het uit die fyn draad.  
 Voor hul voete weer het mandjies van gevlegte wilgerlatte  
 Die sagte skeersels spierwit wol veilig bewaar.  
 Toe het hulle met 'n helder stem, terwyl hulle gepluk het aan die wol, 320  
 Sulke lotsbestemmings in 'n heilige lied vertel;  
 'n Lied wat geen verloop van tyd as vals sal afmaak nie.

“O jy wat by jou besondere roem dade van grootse deug voeg,  
 Bewaarder van Emathia, allerkosbaarste seun van Ops,  
 Neem ter harte wat die susters op hierdie blye dag aan jou bekend maak, 325  
 Waarheidsgetroue woorde: maar julle wat die noodlot volg,  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Hesperus sal binnekort na jou toe kom met die wense van bruidegomme;  
 Jou vrou sal kom met ’n voorspoedige ster  
 Om jou hart te oorstrom met sielroerende liefde 330  
 En met jou in dromerige slaap verenig te word  
 Terwyl haar sagte arms onder jou sterk nek sal lê.  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Geen huis het ooit liefdes soos hierdie gehuisves nie;  
 Geen liefde ooit verliefdes in so ’n verbond verenig 335  
 Soos die harmonie wat daar heers tussen Thetis en Peleus nie.  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Vir julle sal gebore word ’n vreeslose seun Achilles,  
 Vir sy vyande nie aan sy rug nie, maar aan sy brawe bors bekend;  
 Hy wat dikwels as oorwinnaar in ’n naelloop oor ’n lang afstand 340  
 Die vuurwarm spore van die vlugtige wildsbok sal vooruithardloop.  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Geen held sal teen hom opgewasse wees in oorlog nie  
 Wanneer die Frigiese velde sal oorstrom met Trojaanse bloed,  
 En die derde erfgenaam van meinedige Pelops die mure van Troje 345  
 Sal beset en verwoes in ’n oorlog ver van die huis.  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Sy uitstaande deugde en roemryke dade  
 Sal moeders dikwels by die begrafnis van hul seuns besing  
 Wanneer hulle onversorgde hare van hul gryse koppe sal pluk 350  
 En hul hangborste sal slaan met verswakte vuiste.



Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Want soos die maaier diggepakte mieliekoppe afsny  
 Onder die kokende son en die goue lande oes;  
 Só sal hy met veglustige yster die liggame van Trojaansgeborenes rondstrooi. 355  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Die golf van Scamander sal getuie wees van sy heldhaftige daade;  
 Die golf wat in alle rigtings in die stromende Hellespont uitstort  
 En waarvan hy die kanaal sal verstop met afgemaaide liggame  
 En die diep rivier verwarm met vermengde bloed. 360  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Die laaste getuie die prys wat hy ook in die dood na behore sal ontvang,  
 Wanneer sy geronde graf, hoog gestapel met 'n grondhoop,  
 Die sneeuwit ledemate van 'n gevelde maagd sal ontvang. 365  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Want sodra die noodlot vir moeë Egeërs die krag sal gee  
 Om Neptunus se houvas op die Dardaanse stad te lig,  
 Sal sy hoë grafhoop deurdrenk wees van Polyxena se bloed  
 Wat, soos 'n offerdier val onder die dubbellemswaard,  
 Haar knieë sal knak en haar onthoofde liggaam vooroor gooi. 370  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Kom daarom en verenig die liefdes wat julle harte lank reeds begeer.  
 Laat die bruidegom die godin in 'n vreugdevolle verbond ontvang;  
 Die bruid eindelijk gegee word vir die gretige bruidegom. 375  
 Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!

Wanneer haar diensmeisie haar weer met die oggendlig sal sien,  
 Sal sy nie die lint van gister om haar nek kan draai nie, 377  
 Nóg haar angstige ma, bekommerd oor haar haakse dogter 379  
 Se alleenslapy, haar hoop op geliefde kleinkinders laat vaar. 380

Draai, spinwiel wat die drade spin, draai!”

Sulke voorspoedighede vir Peleus voorspel,  
 Het die Parcae eens uit goddelike bors gesing.  
 Want in die ou dae het hemelbewoners gereeld in persoon die godvresende huise  
 Van helde besoek en hulself vertoon by ’n saamtrek van sterflinge; 385  
 Die dae toe godsdienstige trou nog nie verag is nie.  
 Dikwels het die vader van die gode in sy helder tempel besoek afgelê  
 En, wanneer sy jaarlikse rites op feestelike dae aangebreek het,  
 ’n Honderd bulle op die grond sien val.  
 Dikwels het swerwende Liber vanaf die hoogste punt van Parnassus 390  
 Die gillende Thyades met hul wapperende hare aangedryf,  
 Toe die Delphieërs gretig uit die ganse stad gestorm  
 En in blydschap die god ontvang het met rokende altare.  
 Dikwels het Mars in die dodelike stryd van oorlog  
 Of die meesteres van blitsige Triton of die meisie van Amarynthos, 395  
 In persoon mense in gewapende geselskappe angevuur.  
 Maar nadat die aarde beplek is met afgryslieke misdaad  
 En almal geregtigheid uit hul gulsige gedagtes verdryf het –  
 Broers hul hande beplek het met die bloed van broers;  
 Die kind ophou treur het vir sy gestorwe ouers; 400  
 Die vader gewens het vir die dood van sy bloedjong seun  
 Sodat hy onverhinderd die blom van ’n nuwe bruid mag neem;  
 Die goddelose moeder wat haar liggaam uitgestrek het onder haar onskuldige seun,  
 Nie gevrees het om die huisgode te besoedel nie.  
 Alles reg en alles verkeerd, vermeng deur ’n bose waansin, 405  
 Het die regverdige denke van die gode van ons weggedraai.  
 Daarom verwerdig hul dit nie om sulke saamtrekke te besoek  
 En verdra hul nie om aangeraak te word deur helder daglig nie.

### 65. Nota by 'n vertaling van Callimachus

Hoewel, uitgeteer deur ononderbroke smart, Hortalus,  
 Weëmoed my wegroep van die inspirerende godinne  
 En die gedagtes van my hart nie die soet spruite van die Muses kan verwoord nie;  
 My hart wat self rondgespoel word deur soveel hartseer –  
 Want kort gelede het 'n golf geswel uit die stroom van Lethe 5  
 En oor die bleekwit voet van my broer gespoel;  
 My broer, weggeruk van my oë, op wie Trojaanse grond  
 Swaar druk onder die strand by Rhoeteum.  
 \* \* \*

Sal ek jou nooit weer sien nie, broer wat ek liever 10  
 As die lewe het? Maar sonder twyfel sal ek jou altyd lief hê;  
 Altyd oor jou dood treurige liedere sing,  
 Soos wat die nagtegaal onder die digte skadu's van takke sing  
 En oor die lot van haar verlore Itylus ween –  
 Maar, Hortalus, ten spyte van sulke rou 15  
 Stuur ek vir jou hierdie vertaling van 'n gedig van Callimachus,  
 Sodat jy nie sal dink jou woorde is tevergeefs aan die wandelende winde  
 Toevertrou en het my verstand ontglip nie,  
 Soos 'n appel, gestuur as verstole geskenk van haar verloofde,  
 Rol uit die onskuldige skoot van 'n meisie; 20  
 Waarvan die stomme kind vergeet het, weggebêre onder haar sagte klere,  
 Terwyl sy met die aankoms van haar ma opspring, dit uitgeskud word  
 En al draaiende grond toe val;  
 'n Selfbewuste gloed spoel oor haar hartseer gesig.

### 66. Die haarlok van Berenice

Hy wat al die konstellasies in die hemelruim raakgesien het;  
 Wat die opkoms en ondergang van die sterre vasgestel het:  
 Hoe die verskroeiende son se vlamme glans verduister word;  
 Hoe die sterre op seker tye verdof;

Hoe soet liefde die Maan in die geheim vanaf haar hemelse wentelbaan 5  
 Grond toe roep en verban na die kranse van Latmus:  
 Daardie selfde Conon het my gesien in die verligte hemel,  
 Die skitterende haarlok van die hoof van Berenice  
 Wat sy aan al die gode belooft het  
 Met haar fyn arms uitgestrek in gebed – 10  
 Daardie tyd toe die koning, verryk deur sy jong huwelik,  
 Weggegaan het om die grense van Sirië te plunder  
 En die soet spore gedra het van sy nagtelike gespook  
 Wat hy oor die maagdelike beloning gevoer het.  
 Is Venus haatlik vir nuwe bruide? Of word ouers 15  
 Se vreugdes met dogters se valse krokodilrane bederf  
 Wat hulle oorvloedig binne die drumpel van die slaapkamer stort?  
 Gode behoed my, hul trane is nie eg nie!  
 Dít het my koningin my geleer deur haar menigte weeklae  
 Terwyl haar nuwe man na gewelddadige gevegte oppad was. 20  
 En jy het getreur verlate, nie oor jou koue bed nie,  
 Maar oor die hartseer skeiding van jou geliefde broer?  
 Hoe diep het die kommer nie jou treurige murg weggevreet nie!  
 Hoe het jy nie toe jou kop verloor nie, angstig in jou hele hart  
 En van alle sinne beroof? Maar ek het vir 'n feit geweet 25  
 Dat jy ook as 'n klein dogtertjie grootgeestig was.  
 Of het jy die goeie daad vergeet waardeur jy 'n koninklike huwelik gewen het,  
 Wat iemand anders, hoewel sterker, nie sou waag nie?  
 Maar watter treurige woorde het jy toe gepraat toe jy jou man laat gaan het!  
 Jupiter, hoe dikwels het jou hand nie jou oë afgegee nie! 30  
 Wie was die magtige god wat jou verander het?  
 Of is dit omdat verliefdes nie ver van die geliefde lyf wil wees nie?  
 En toe het jy my aan al die gode belowe, tesame met  
 Die bloed van 'n bul, vir jou soet eggenoot se part  
 As hy veilig sou terugkeer. Hy het in 'n kort tydjie 35  
 Verslane Asië by die grense van Egipte gevoeg.  
 Vir daardie daad vervul ek die gelofte van vroeër  
 As 'n nuwe dankoffer, na behore betaal aan die hemelse menigte.

Onwillig, koningin, het ek jou haredos verlaat,  
 Onwillig: ek sweer by jou en by jou hoof; 40  
 Mag hy wat ligtelik daarby sweer, kry wat hom toekom.  
 Maar wie kan daarop aanspraak maak dat hy op gelyke voet met yster staan?  
 Ook daardie berg is platgevee, die grootste in die land  
 Wat Helios, die helder nasaat van Thia oorsteek,  
 Toe die Medes die nuwe see gevorm het en barbaarse jongmans 45  
 Met hul skepe deur die middel van Athos gevaar het.  
 Wat kan hare doen as *berge* voor yster swig?  
 Jupiter, laat die ganse geslag van Chalybes uitsterf  
 En hy wat eerste ondergronds are begin soek  
 En klipharde yster gesmee het! 50  
 Kort vantevore afgesny, het my susterslokke my lot betreur  
 Toe Ethiopiese Memnon se broer  
 Te voorskyn gekom het met vlerke wat op en af flap,  
 Die gevleuelde perd van Arsinoë van Locris.  
 Hy het my opgelig en gevlieg deur die nagtelike lug 55  
 En neergelê in Venus se kuise skoot.  
 Die godin self het haar kneg vir daardie doel gekies;  
 Sy 'n Griekse inwoner op die strande van Canopus.  
 Toe het Venus, sodat tussen die flikkerende ligte van die hemel  
 Nie net die goue kroon van die kop van Ariadne 60  
 Vasgelê sou word nie, maar ook ons sou mag skitter,  
 Die beloofde dankoffer van 'n blonde kop,  
 Papnat van die trane oppad na die tempel van die gode,  
 My tussen die ou sterre as 'n nuwe een geplaas.  
 Aan die sye van die tekens van die Maagd en wilde Leeu, 65  
 Teenaan Callisto, Lycaon se dogter,  
 Draai ek na my plek van ondergang, die agteros Boötes agter my aan  
 Wat taamlik laat in die diep oseaan sink.  
 Maar hoewel die spore van die gode snags oor my loop,  
 En die dag my aan gryskop Tethys teruggee, 70  
 (Laat my hier praat sonder om jou aanstoot te gee, Nemesis,  
 Want ek sal nie uit enige vrees die waarheid verdoesel nie,

Nie eens as die sterre my vir haatspraak uitmekaar skeur nie;  
 Ek sal eerder die waarheid wat in my hart versteek is, openbaar)  
 Is ek nie so bly hieroor, soos wat ek bedroef is omdat ek geskei, verewig 75  
 Geskei is van die hoof van my meesteres,  
 Saam met wie ek, toe sy 'n jong meisie was en alle kosmetiese olies  
 Uitprobeer het, 'n menige duisend gedrink het.  
 Nou moet julle, vir wie die huweliksfakkel op die langverwagte dag verenig het,  
 Nie jul liggame oorgee aan eensgesinde bedmaats, 80  
 Jul klere afgegooi van naakte borste,  
 Voordat die parfuumfles vir my 'n vreugdevolle offer geskink het nie;  
 Die parfuumfles van julle wat die wet van die reine huweliksbed eer.  
 Maar sy wat haarself oorgegee het aan besmette owerspel,  
 A, laat die gewiglose stof haar bouse, nuttelose offer opdrink, 85  
 Want ek soek geen offers van onwaardiges nie.  
 Maar vir julle, o bruide, mag harmonie altyd,  
 Mag oneindigende liefde altyd in julle huise woon.  
 En jy, koningin, wanneer jy die sterre aanskou  
 En die goddelike Venus op feestlike dae verbly, 90  
 Moenie toelaat dat ek, jou dienaar, sonder parfuumolie sal wees nie,  
 Maar skink vir my eerder geskenke in oorvloed.  
 Ek wens die sterre kon na benede val! Laat my die haarlok van die koningin  
 Wees; laat Orion langsaan die Waterdraer skitter!

### 67. Die deur van 'n huis vertel

O voordeur, kosbaar vir 'n liefdevolle man, kosbaar vir 'n vader,  
 Wees gegroet, en mag Jupiter jou seën met voorspoed.  
 Hulle sê dat jy eens goeie diens gelewer het vir Balbus  
 Toe die ouman self die huishouding bestuur het;  
 Hierteenoor sê hulle dat jy slegte diens gelewer het vir die seun 5  
 Na die ouman begrawe is en jy getroudes se deur geword het.  
 Kom, vertel ons nou waarom daar gesê word dat jy verander het  
 En jou vroeëre lojaliteit aan jou meester laat vaar het.

“(Mag ek so Caecilius verbly aan wie ek nou oorgegee is)

Dit is nie my skuld nie, hoewel gesê word dat dit is, 10

En niemand sou kon sê dat ek enige kwaad gedoen het nie –

Natuurlik is dit die aard van die volk: dit is alles die deur se doen en late;

Hulle wat, wanneer ook al ’n kwade daad ontdek word,

Almal na my uitroep: ‘Voordeur, dit is jou skuld.’”

Dit is nie genoeg dat jy dit net sê nie, 15

Maar doen dit so dat wie ook al dit sal sien en ervaar.

“Hoe kan ek? Niemand vra of doen moeite om uit te vind nie.”

Ek wil. Moenie huiwer om my te sê nie.

“Wel, in die eerste plek is dit onwaar dat sy as ’n maagd

Na ons gekom het. Toegegee, haar vorige man het haar nie aangeraak nie; 20

Sy dolk het slapper gehang as ’n sagte beet

En nooit tot die middel van sy tuniek gelig nie,

Maar hulle sê dat sy vader die seun se bed ontheilig

En die ellendige huishouding besoedel het;

Óf omdat sy goddelose verstand gebrand het van blinde liefde, 25

Óf omdat sy seun impotent was en sy saad steriel

En iewers iets meer seningrigs gesoek moes word

Wat die maagdelike gordel kon losmaak.”

Jy praat hier van ’n uitsonderlike en wonderbaarlike pligsgetroue vader

Wat persoonlik in sy eie seun se skoot pis. 30

“Nogtans is dit nie al wat Brixia sê sy vir ’n feit weet nie –

Brixia wat lê onder die wagtoring van Cynus

Verby wie die goue Mella vloei met ’n sagte stroom;

Brixia, geliefde moeder van my Verona –

Maar sy vertel van Postumius en die liefde van Cornelius, 35

Beide met wie die meisie skaamtelose owerspel gepleeg het.

Hier sal iemand sê: ‘Hoe, voordeur, weet jy hierdie dinge,

Jy wat nooit die drumpel van jou meester kan verlaat

En die volk afluister nie, maar hier vasgesit is aan die kosyn

En net daaraan gewoond is om die huis oop en toe te maak?’ 40

Ek het haar dikwels hoor praat met ’n fluisterstem van hierdie

Skaamtelose dade van haar, wanneer sy alleen met haar diensmeisies was,


En sy het hulle genoem van wie ek gepraat het; aangesien  
 Sy verwag het dat ek nie 'n tong of oor het nie.  
 Verder het sy 'n sekere een bygevoeg wat ek nie op die naam 45  
 Wil noem nie, sodat hy nie sy rooi wenkbroue sal lig nie.  
 Hy is 'n lang man vir wie 'n vals swangerskap eens 'n groot  
 Hofsaak uit die leuen van 'n buik meegebring het.”

### 68. Lig van my lewe

Dat jy, onderdruk deur die noodlot en bittere toeval,  
 Vir my hierdie brief stuur wat met jou trane geskryf is  
 Sodat ek 'n skipbreukeling, uitgespoeg deur die skuimende golwe,  
 Mag vertroos en terugtrek van die drumpel van die dood;  
 Een vir wie heilige Venus nie gun om te rus in 'n sagte slaap nie, 5  
 Verlate in sy enkelopersbed,  
 Nóg die Muses vermaak met die soet digkuns van skrywers van ouds  
 Wanneer sy angstige gedagtes hom wakker hou –  
 Dít is vir my kosbaar omdat jy my jou vriend noem  
 En die gawes van die Muses en van Venus by my soek. 10  
 Maar, sodat jy nie onbewus sal wees van my sorgie nie, Manius,  
 En nie dink dat ek die plig van 'n vriend verontagsaam nie,  
 Luister in watter golwe van die lot ek self gedompel is  
 Sodat jy nie meer vreugdevolle geskenke by 'n ellendige sal soek nie.  
 In daardie dae toe die spierwit toga die eerste keer vir my gegee is, 15  
 Toe die fleur van my jeug vrolike lente gevier het,  
 Het ek verskeie speelse gedigte geskryf: my werk was bekend aan die godin  
 Wat 'n soet bitterheid met sorgie vermeng.  
 Maar al hierdie ywer het die dood van my broer van my  
 Weggeneem. O my broer, troosteloos is ek wat jou verloor het; 20  
 Jy het met jou dood al my voorspoed aan stukke gebreek,  
 Saam met jou is ons hele huis begrawe,  
 Saam met jou het al my vreugdes tot niet gegaan ;  
 Daardie vreugdes wat deur jou soet liefde gevoed is toe jy nog geleef het.



Met sy dood het ek geheel en al uit my gedagtes hierdie ywer 25  
 En alle begeertes van my hart verdryf.  
 Daarom, wanneer jy skryf dat dit skandalig is vir Catullus om in Verona  
 Te wees omdat elke lid van die hoër klas hier  
 Sy koue lyf warm maak in 'n verlate bed –  
 Dít, Manius, is nie skandalig nie, maar eerder tragies. 30  
 Verskoon daarom as ek nie hierdie geskenke vir jou gee nie,  
 Omdat ek nie kan nie; geskenke wat my rou van my weggeneem het.  
 Want, dat ek nie 'n oorvloed van bundels by my het nie,  
 Dit is omdat ek in Rome woon: daar is my huis,  
 Daar is my vesting, daar bring ek my lewe deur; 35  
 Net een klein kissie uit die baie volg my hierheen.  
 Omdat dit die geval is, wil ek nie hê jy moet dink dit is vanweë  
 Kwade bedoelings of 'n gebrek aan kreatiwiteit  
 Dat daar nie aan beide jou versoeke gehoor gegee is nie:  
 Ek sou dit spontaan aangebied het as daar enige voorraad was. 40



Ek kan nie stilbly, Godinne, oor die saak waarin Allius  
 My gehelp het of deur watter groot opofferings hy my gehelp het nie,  
 Sodat die tyd wat vlieg saam met vergeetagtige generasies  
 Nie hierdie toewyding van hom in die blinde nag sal versteek nie:  
 Maar ek sal julle vertel, vertel julle dan vir die menige 45  
 Duisende en sien toe dat hierdie papier op sy oudag sal praat.  
 \* \* \*

En laat hom met sy dood al meer en meer bekend word  
 En die spinnekop wat haar dun web hoog spin  
 Nie haar kunswerk oor Allius se vergete naam span nie. 50  
 Want jy weet watter sorg die bedrieglike godin van Amathusia  
 My gegee het, en op watter wyse sy my geskroei het  
 Toe ek gebrand het soos die rotse van vulkaniese Etna  
 En die warm bronne van Thermopylae in Malis by die Oeta-gebergte,  
 En toe my hartseer oë weggekwyn het vanweë aanhoudende gehuil 55  
 En my wange nie ophou oorstrom het van 'n vloed van smart nie.  
 Soos 'n helder stroom ontspring

Uit 'n mosbegroeide rots op die kruin van 'n hoë berg  
 Wat, nadat dit halsoorkop by 'n steil vallei afstroom,  
 Paaie kruis met 'n besige roete en 60  
 Soet verligting bring vir die moeë reisiger te midde van sy tog  
 Wanneer die felle hitte verskroeiende lande laat gaap;  
 En soos vir matrose, rondgeslinger in 'n swart storm,  
 'n Voorspoedige wind opkom wat sagter asemhaal,  
 Aangevra in gebed; eers van Pollux, toe van Castor – 65  
 Só 'n bron van bystand was Allius vir my.  
 Hy het 'n omheinde veld oopgemaak met 'n breë pad;  
 Hy het vir my en my meesteres 'n huis gegee  
 Waar ons gedeelde liefde kon uitleef.  
 Daarheen het my blonde godin suutjies te voet gekom 70  
 En haar blinkwit voet op die afgeloopde drumpel neergesit  
 En in die deur gerus op haar klinkende sandaal,  
 Soos Laudamia eens brandend van liefde gekom het  
 Na die huis van haar man Protesilaus;  
 Die huis wat tevergeefs opgerig is omdat die heilige bloed 75  
 Van 'n slagoffer nog nie die here van die hemel se vrede gekoop het nie.  
 Mag niks my so intens bly maak nie, maagd van Rhamnus,  
 Wat onbesonne onderneem word teen die wil van die gode.  
 Hoe diep die dorstige altaar gesmag het na die verskuldigde bloed;  
 Dít is Laudamia geleer deur die dood van haar man, 80  
 Geforseer om die nek van haar pasgevoonde huweliksmaat te laat gaan  
 Voordat 'n eerste en 'n tweede winter kon kom  
 En in die lang nagte haar honger liefde kon versadig het,  
 Sodat sy sou kon verduur om nog te lewe nadat haar huwelik vernietig is;  
 Iets wat die Parcae geweet het nie ver in die toekoms was 85  
 As hy eers as soldaat na die mure van Ilium sou gegaan het nie.  
 Want toe, weens die verkragting van Helena, het Troje begin  
 Om die voorste vegters van die Grieke teen haarself op te sweep.  
 Troje (afgrypslik), gemene graf van Asië en Europa;  
 Troje, bittere brandstapel van alle helde en heldhaftigheid. 90  
 Het daardie stad nie ook vir my broer rampsalige dood

Gebring nie? Helaas, my broer, troosteloos is ek wat jou verloor het;  
 Helaas, geliefde lig weggeruk van my broer;  
 Saam met jou is ons hele huis begrawe,  
 Saam met jou het al my vreugdes tot niet gegaan, 95  
 Daardie vreugdes wat deur jou soet liefde gevoed is toe jy nog geleef het.  
 Jy wat nou so ver tussen onbekende grafte,  
 Verwyderd van die as van jou familie, neergelê is,  
 Maar onheilspellende Troje, rampspoedige Troje, 'n vreemde land,  
 Hou jou liggaam gevange in die verste uithoek van die aarde. 100  
 Toe, sê hulle, het uitgesoekte Griekse vegters van alle kante daarheen gestroom  
 En die vuurherte in die hart van hul huise verlaat,  
 Sodat Paris hom nie sou verlustig in sy gesteelde minnares  
 En sy ledige ure ongestraf in 'n vreedsame slaapkamer sou geniet nie.  
 Toe is jy deur daardie lot, allerpragtigste Laudamia, 105  
 Beroof van jou man wat vir jou soeter was as jou eie lewe en jou siel:  
 In so 'n sterk maalkolk het die vloed van liefde  
 Jou ingetrek en by 'n diep put afgegooi;  
 Soos dié wat die Grieke vertel naby Cylleense Pheneus  
 Die moeras dreineer en die ryk grond uitdroog, 110  
 Wat die vals-verwekte seun van Amphitryon blykbaar  
 Eens uitgegrawe het toe hy die binneste van 'n berg uitgekerf het;  
 Daardie tyd toe hy met akkurate pyle die monsters van Stymphalus  
 Neergevel het op bevel van 'n ondergeskikte meester  
 Sodat meer gode die poorte van die hemel kon betree 115  
 En Hebe nie vir lank 'n maagd sou wees nie.  
 Maar jou diep liefde was dieper as daardie afgrond;  
 Die liefde wat jou geleer het om, hoewel ongetem, die juk te dra.  
 Want nie so kosbaar vir haar ouer, verweer deur ouderdom,  
 Is die koppie van sy langverwagte kleinkind, gevoed deur sy enigste spruit; 120  
 Die kleinkind wat, skaars gevind as erfgenaam vir die rykdom van sy oupa,  
 Sy naam ingeskryf het in die testament, bevestig deur getuies,  
 En die skandelige vreugde van 'n lagwekkende verlangse familielid  
 Weggeneem het, die aasvoël verjaag het van die gryse kop.  
 Nóg het enige duif ooit so gejuig oor haar sneeuwit maat, 125

Hoewel vertel word dat die duif meer skaamteloos  
 Soene steel met haar ewig smekende bekkie  
 As enige buitengewoon wellustige vrou.  
 Maar jy alleen het hulle oorweldigende passie oorskry  
 Toe jy eenmaal met jou blonde man verenig is. 130  
 Of geensins of net effens haar mindere was sy,  
 My lig, toe sy haar oorgegee het in my arms;  
 Dikwels het Cupido aan alle kante om haar gevlieg  
 En blinkwit geskitter in sy goue kleed.  
 En hoewel sy nie tevrede is net met Catullus nie, 135  
 Sal ek die seldsame verstole passies van my diskrete minnares verduur  
 Sodat ek nie vol nonsens sal wees soos 'n uiterse dwaas nie.  
 Ook Juno, magtigste van die gode, onderdruk dikwels  
 Haar gloeiende woede weens haar man se toedoen,  
 Bewus van die veelvoudige skelmpies van allesliewende Jupiter. 140  
 Tog is dit nie gepas dat mense met gode vergelyk word nie,  
 \* \* \*  
 \* \* \*  
 Vat weg die ondankbare las van 'n verswakke ouer.  
 En sy het in elk geval nie na my gekom aan die arm van haar vader  
 Na 'n huis gegeur met Assiriese parfuum nie,  
 Maar sy het vir my in die onvergeetlike nag gesteelde geskenkies gegee, 145  
 Geneem uit haar man se eie arms.  
 Daarom is dit vir my genoeg as daardie dag vir my alleen gegee word,  
 Haar geluksdag, wat sy met 'n witter klippie aanteken.  
 Hierdie geskenk – al waartoe ek in staat is – voorgesit in versvorm,  
 Gee ek vir jou, Allius, in ruil vir jou onskatbare bystand 150  
 Sodat hierdie en die volgende en elke ander dag  
 Nie jou naam met vernietigende roes sal bykom nie.  
 Hierby sal die gode veelvuldige geskenke voeg, waarmee Themis eens  
 Op gereelde basis die getroue mense van ouds beloon het.  
 Mag julle gelukkig wees, jy en jou geliefde, 155  
 Asook die huis waarin ek en my minnares tyd spandeer het,  
 En hy wat jou eerste aan my voorgestel het –

Waaruit alle goeie dinge vir my gebore is –  
 En ver bo alles sy wat vir my kosbaarder is as my eie lewe,  
 My lig, deur wie se lewe die lewe vir my soet is.


160

### 69. Jy stink, Rufus!

Jy hoef nie te wonder waarom geen vrou,  
 Rufus, haar sagte dye onder jou wil neerlê nie;  
 Nie eens as jy haar met die geskenk van eksotiese materiaal  
 Of die bekoring van 'n pêrel sou sagmaak nie.  
 'n Sekere lelike gerug skend jou beeld; een wat lui  
 Dat 'n wilde bok onder die holte van jou arms wei.  
 Almal skrik vir hom en geen wonder: want hy is 'n vreeslike nare  
 Gedierte en geen mooi meisie sal langs hom gaan lê nie.  
 Daarom moet jy, óf die wrede pes van neuse doodmaak,  
 Óf ophou om te wonder hoekom hulle weghol.

5

10



### 70. My liefing sê

My liefing sê dat sy met niemand anders as met my wil trou nie;  
 Nie eens as Jupiter self haar sou vra nie.  
 So sê sy. Maar wat 'n vrou sê aan haar verliefde minnaar  
 Kan geskryf word in wind en kabbelende water.

### 71. Hy martel haar met sy reuk

As 'n goeie mens ooit regverdiglik gepla is  
 Deur 'n afstootlike stank in sy onderarms  
 Of hardnekkige jig iemand verdiend geteister het;  
 Dan het daardie mededinger wat sy liefde in jou bed beoefen,  
 Wonderbaarlik beide siektes by jou opgedoen.

Want so dikwels soos wat hy naai, só dikwels straf hy albei: 5  
 Haar martel hy met die reuk; hyself vergaan van die jig.

### 72. Jy het eens gesê, Lesbia

Jy het eens gesê, Lesbia, dat Catullus jou enigste was  
 En dat jy nie sou verkies om Jupiter bo my vas te hou nie.  
 Ek het jou toe liefgehad;  
     Nie net soos die gewone man op straat sy minnares lief het nie,  
 Maar soos 'n pa sy seuns en skoonseuns lief het.  
 Nou ken ek jou; daarom, hoewel ek dieper vir jou brand, 5  
 Vind ek jou ligter en van minder waarde.  
 Jy vra waarom? Omdat so 'n wond 'n minnaar dryf  
 Om meer te begeer, maar minder om te gee.



### 73. Ondankbare vriend

Sien af daarvan om enige dank van enigeen te wil verdien  
 Of om te dink dat enige mens getrou kan wees.  
 Alles is ondankbaar. Goedhartige optrede kom tot niks;  
 Inteendeel, dit maak 'n mens eerder moeg en seer,  
 Soos met my, op wie niemand swaarder of bitterder druk 5  
 As juis hý wat my tot nou toe sy oudste en beste vriend genoem het.

### 74. Gellius en sy oom

Gellius het gehoor dat sy oom geneig was om enige iemand  
 Te berispe wat van vleeslike vreugdes gepraat of dit beoefen het.  
 Sodat dit nie met homself gebeur nie, het hy sy oom  
 Se eie vrou bewerk en sy oom se mond gesnoer.  
 Hy het gedoen wat hy wou, want, selfs sou hy 5

Sy oom ry, sou die oom nie 'n woord sê nie.

### 75. Tot hiertoe is my verstand geskend

Tot hiertoe is my verstand geskend vanweë jou skuld, Lesbia,  
 En het so homself vernietig in sy toewyding aan jou,  
 Dat hy jou nóg voorspoed kan toewens, al word jy ook die beste mens,  
 Nóg kan ophou om jou lief te hê, selfs al doen jy alle kwaad.

/

Tot hiertoe is my verstand geskend, Lesbia,  
 Vanweë jou skuld en my toewyding aan jou.  
 Dat ek jou nou niks goeds kan toewens  
 Al word jy ook die beste mens  
 Nóg kan ophou om jou lief te hê,  
 Selfs oortree jy elke grens.



### 76. Neem weg my ondergang

As daar vir enige mens vreugde is in die herroeping  
 Van vroeëre goeie dade, wanneer hy glo dat hy opreg was  
 En nie die heiligheid van sy woord geskend het, of in enige verdrag  
 Die gesag van die gode misbruik het om ander te bedrieg nie;  
 Dán wag daar baie vreugdes in 'n lang leeftyd vir jou, Catullus,  
 Weens hierdie ondankbare liefde van jou.

5

Want watter welwillendheid 'n mens ook al kan sê of doen,  
 Dít het jy gesê en gedoen.

Al hierdie dinge is toevertrou aan 'n ondankbare hart en is verlore.

Waarom jouself verder folter?

10

Waarom staan jy nie vas in jou besluit en onttrek jou van alles,  
 Staak jou hartseer nie, ongeag die gode?

Dit is moeilik om meteens 'n lang liefde neer te lê;

Dit is moeilik, maar jy moet dit regkry op een of ander manier.

Hierdie is jou enigste redding; dít moet jy deursien; 15  
 Dít moet jy doen of dit nou moontlik of onmoontlik is.  
 Gode, as genade in jul aard is, of as julle ooit  
 Laaste bystand gebring het vir diegene op die rand van die dood,  
 Aanskou my in my hartslyding en, as ek 'n rein lewe gelei het,  
 Neem hierdie pes en ondergang van my weg 20  
 Wat my binneste deurseil soos 'n lamheid in my ledemate  
 En alle vreugde uit my hart verdryf het.  
 Ek vra nie meer dat sy my terug sal lief hê nie,  
 Of (wat onmoontlik is) dat sy besadigd sal wil wees nie:  
 Ek wens om self gesond te wees en hierdie haatlike siekte neer te lê. 25  
 Gode, gun my dit in ruil vir my getrouheid.

### 77. Rufus, gif van my lewe

Rufus, ek, jou vriend, het jou tevergeefs en vrugteloos vertrou  
 (Tevergeefs? Nee, eerder teen 'n duur prys en vir swak waarde)  
 Is dit hoe jy my bekruip en my binneste verbrand  
 En alles wat goed was in my lewe weggeruk het?  
 Weggeruk, helaas ja, genadelose gif van my lewe, 5  
 Helaas, kanker van ons vriendskap.

### 78. Gallus en sy broers

Gallus het twee broers: die een het 'n hoogs sjarmante vrou,  
 Die ander 'n sjarmante seun.  
 Gallus is 'n hoflike kêrel: want hy verenig soet liefdes  
 Sodat die mooi meisie by die mooi seun sal lê.  
 Gallus is 'n dwaas en sien nie dat hy self getroud is 5  
 Wanneer hy 'n broerskind in owerspel onderrig, ten koste van 'n oom nie.



### 78.<sup>b</sup> 'n Smerige vent

\* \* \*


\* \* \*

Maar wat my nou grief, is dat jou septiese speeksel  
 Die suiwer lippe van 'n suiwer meisie bevuil het.  
 Maar jy sal dit inderdaad nie ongestraf geniet nie,  
 Want alle geslagte sal jou ken  
 En Gerug sal op haar oudag vertel wie en wat jy is.

10

### 79. Lesbius

Lesbius is mooi: waarom nie? Lesbia verkies hom dan  
 Bo jou, Catullus, en al jou mense.  
 Maar laat hierdie mooi seun Catullus en sy familie verkoop,  
 As hy drie soene van ware vriende kan vind.



### 80. Gellius en Victor

Hoe sou ek verduidelik, Gellius, waarom daardie rooi lippe  
 Van jou witter is as wintersneeu  
 Wanneer jy uitgaan in die oggend of, op 'n somersdag,  
 Die agste uur jou wakker maak uit jou siesta?  
 Daar is beslis iets aan die gang: Is die gerug waar  
 Dat jy die volgroeide ereksies aan 'n man se middel verslind?  
 Inderdaad: die verrekte lendespiere van arme Victor roep dit uit  
 Asook jou lippe, gevlek met melkwit sperm.

5

### 81. Is daar niemand anders, Juventius

Is daar dan niemand, Juventius, onder al hierdie mense,

'n mooi man, wat jy sou kon liefkry  
 Bo daardie 'vriend' van jou uit die sieklike Pisaurum-streek,  
 Bleker as 'n vergulde standbeeld;  
 Hy wat nou jou aandag geniet en jy waag om bo my te verkies, 5  
 Onbewus van die skande wat jy pleeg?

### 82. Quintius

Quintius, as jy wil hê Catullus moet sy oë aan jou verskuldig wees,  
 Of iets nog kosbaarder as oë (as daar so iets is!),  
 Moenie dít van hom wegneem wat vir hom veel kosbaarder is  
 As sy oë, of as iets kosbaarder as oë nie.

### 83. Lesbia sê my sleg

Lesbia sê my telkens sleg ten aanskoue van haar man:  
 'n Bron van groot vreugde vir die idioot.  
 Jou muil, verstaan jy niks? As sy my vergeet en stilgebly het,  
 Was sy van haar liefde genees: maar nou brom sy en sy skel;  
 Dus onthou sy my nie net nie, maar veel ernstiger nog: 5  
 Sy's kwaad. Dit wil sê, sy brand en daarom praat sy.

### 84. Arrius

Arrius het altyd gesê "gherief" wanneer hy wou sê "gerief",  
 En vir "illusie", "hillusie"  
 En dan geglo dat hy wonderbaarlik praat  
 Elke keer as hy "hillusie" gesê het.  
 Só glo ek het sy ma, sy oom, 5  
 Asook sy oupa en ouma aan moederskant gepraat.  
 Toe hy na Sirië gestuur is, het almal se ore gerus,

Dieselfde woorde sag en liries gehoor  
 En sulke woorde nie gevrees vir die toekoms nie,  
 Toe 'n skrikwekkende boodskap hulle skielik bereik:  
 Dat die Ioniese See, sedert Arrius daar geland het,  
 Nie meer “Ionies” was nie, maar “Hionies”!

10

### 85. Ek haat en ek het lief

Ek haat en ek het lief. Jy vra dalk hoe ek beide kan ervaar.  
 Ek weet nie. Maar ek voel dit gebeur en ek word gefolter.

### 86. Quintia is vir baie mooi

Quintia is vir baie mooi; vir my is sy blond, lank  
 En statig: hierdie enkele kwaliteite sal ek toegee.  
 Ek maak egter beswaar teen “mooi”, want sy het geen sjarme,  
 Nie 'n gryntjie passie in haar lang lyf nie.  
 Lesbia is mooi, en alleen die allermooiste  
 Want sy het alle vroue alle sjarme ontnem.

5

### 87. Geen vrou kan eerlik sê

Geen vrou kan eerlik sê dat sy so liefgehê is  
 Soos wat jy, my Lesbia, deur my bemin is.  
 Nog nooit was daar in enige band soveel trou,  
 Soos wat daar was, vir my part, in my liefde vir jou.

### 88. Wat maak hy, Gellius?

Wat maak hy, Gellius, wat jeuk vir sy ma en suster  
 En saam met hulle wakkerbly, klere op die grond?  
 Wat maak hy wat sy oom nie gun om 'n eggenoot te wees nie?  
 Het jy enige idee hoeveel skande hy opneem?  
 Soveel, o Gellius, soos wat Tethys in die verte  
 En Oseaan, vader van Nimfe, nie kan wegwas nie. 5  
 Want daar is geen skande meer vir hom om te oortref nie;  
 Selfs nie sou hy sy kop oorbuig en homself verslind nie.

### 89. Gellius is tingerig

Gellius is tingerig; waarom nie? Met so 'n goeie,  
 Lewenslustige ma en 'n sjarmante suster,  
 'n Gawe oom en soveel meisies wat hom ken,  
 Waarom sou hy nie steeds maer wees nie?  
 Want selfs sou hy niks aanraak,  
 Buiten wat nie aangeraak moet word nie, 5  
 Sal jy oorgenoeg redes vind vir hom om maer te wees.

### 90. Gellius en sy ma

Laat daar uit die onheilige omgang tussen Gellius en sy ma,  
 'n Towenaar gebore word en hy die Persiese waarseêrskuns aanleer,  
 – Want 'n towenaar moet sekerlik die nasaat wees van ma en seun  
 As die skaamtelose godsdien van die Perse waar is –  
 Sodat hy dankbaar die gode mag eer met 'n aanneemlike gesang 5  
 Terwyl hy vetterige ingewande smelt in die altaarvlam.

### 91. Ek het gehoop, Gellius

Ek het gehoop, Gellius, dat jy aan my getrou sou wees  
 In hierdie hartseer, hierdie vernietigende liefde van my;  
 Nie omdat ek jou goed geken het of gedink het dat jy bestendig was  
 Of jou verstand kon weerhou van 'n skaamtelose daad nie,  
 Maar omdat ek gesien het dat sy nóg jou ma nóg suster was, 5  
 Sy wie se groot liefde my verteer het.  
 En hoewel ek met jou op sosiale vlak verbind is,  
 Het ek geglo dit is nie genoeg van 'n rede nie.  
 Jý het gereken dit is: soveel vreugde vind jy in enige misdryf  
 Waarin daar 'n spoor van boosheid is. 10

### 92. Lesbia sê my alewig sleg

Lesbia sê my alewig sleg en hou nooit haar mond oor my nie.  
 Mag ek vergaan as Lesbia my nie lief het nie.  
 Hoe weet ek? Omdat dit dieselfde is met my: ek vervloek haar heeldag,  
 Maar mag ek vergaan as ek haar nie lief het nie.

### 93. Caesar

Ek het geen groot begeerte, Caesar, om jou te geval nie,  
 Nóg om te weet of jou hart wit of swart is.

### 94. Piel fornikeer

Piel fornikeer. Fornikeer Piel? Presies,  
 Dis hoe die spreekwoord lui: die pot vind self sy groente.

### 95. Die epos van my Cinna

Die *Zmyrna* van my Cinna is eindelijk uitgegee,  
 Nege oeste en nege winters sedert dit begin is,  
 Terwyl nikswerd Hortensius in 'n enkele jaar,  
     'n half-miljoen verse uitgebraak het.

Ek voorspel die *Zmyrna* sal ver reis

    Na die diep-gekalfde slote van Satrachus 5  
 En gryse eeue sal *Zmyrna* met hul saamneem,  
 Maar die *Annales* van Volusius sal by die Padua sterf  
 En vir makriële gereeld gemaklike kledingstukke bied.  
 Die klein aandenking van my vriend sal my na aan die hart lê;  
 Laat die volk maar juig oor bombastiese Antimachus. 10

### 96. Calvus en Quintilia

As die stil graf enige dank of dierbaarheid  
 Uit ons hartseer kan haal, Calvus;  
 Daardie verlange waarmee ons ou liefdes vernuwe  
 En ween vir vriendskappe lank reeds verlore,  
 Dán voel Quintilia sekerlik minder smart oor haar vroeë dood 5  
 As vreugde oor jou liefde.

### 97. Aemilius se gat

Ek het nie gedink – gode behoed my – dit sou 'n greintjie verskil maak  
 Of ek aan Aemilius se mond of gat sou ruik nie.  
 Die een is nie vuiler of die ander skoner nie.  
 Inderdaad is sy gat selfs skoner en beter,  
 Want dit het geen tande nie. Sy mond het tande, 'n voet 5  
 En 'n half in lengte en tandvleis soos 'n stokou wa se raamwerk,  
 En bo dit alles, 'n gapende mondholtte soos die

Oop spleet van 'n muil wat pis in die somer.  
 Hy naai baie vroue en doen hom voor as sjarmant,  
 En word steeds nie oorgegee aan die meul en sy donkie nie? 10  
 Behoort ons nie te dink dat 'n vrou wat hom aanraak,  
 In staat is om die gat te lek van 'n siek laksman nie?

### 98. Victius die vuilbek

Op jou, indien op enigeen, smerige Victius, is van toepassing  
 Wat gesê word van skinderbekke en gekke.  
 Met só 'n tong, as dit sou nodig word, sou jy  
 Agterente en sandale van leer kon lek.  
 As jy ons totaal en al wil vernietig, Victius, maak 5  
 Oop jou mond: jy sal totaal en al regkry wat jy wil.



### 99. Heuningsoet Juventius

Ek het 'n soen by jou gesteel, heuningsoet Juventius, terwyl  
 Jy gespeel het; 'n soen soeter as die soet godedrank.  
 Maar inderdaad nie ongestraf nie, want ek onthou hoe ek vir  
 Langer as 'n uur bo-aan 'n kruis gespyker was  
 Terwyl ek my by jou verskoon het, maar nie met al my trane 5  
 Selfs 'n tikkie van jou woede kon wegneem nie.  
 Want skaars het ek dit gedoen, of jy het jou lippe afgewas  
 Met liters water en afgevee met jou fyn vingers,  
 Sodat geen spoor van my mond sou agterbly nie,  
 Asof dit die besmette spoeg van 'n smerige hoer was. 10  
 Verder het jy nie geaarsel om my in my ellende aan vyandige  
 Liefde oor te gee en op elke moontlike manier te martel nie,  
 Sodat daardie soen, verander van 'n godedrank, vir my  
 Bitterder geword het as die bitter nieskruid.  
 Aangesien jy hierdie straf oplê aan my jammerlike liefde, 15

Sal ek voortaan nooit weer soene steel nie.

### 100. Blom van Veronese jeug

Caelius is dolverlief op Aufilenus, Quintius op Aufilena;  
 Die een op die broer, die ander op die suster en beide  
 Die blom van Veronese jeug. Hierdie is 'n voorbeeld  
 Van die soet broederskap waarvan daar gepraat word.  
 Vir wie sal ek stem? Vir jou, Caelius, want jou onmeetlike  
 Vriendskap is deur dik en dun aan my bewys  
 Toe 'n waansinnige vlam my binneste verskroei het.  
 Mag jy gelukkig wees, Caelius, en voorspoedig in jou liefde!

5

### 101. Met die afskeid van 'n geliefde broer

Gedra deur baie volke en oor baie see  
 Kom ek, my broer, by hierdie hartseer offerhandes aan gestorwenes  
 Sodat ek jou mag eer betoon met die laaste geskenk van die dood  
 En tevergeefs mag praat met jou swygsame as,  
 Sedert die noodlot jou van my geroof het.  
 Helaas, my broer, onverdiend en wreedaardig van my weggeneem!  
 Maar neem nou hierdie gawes aan wat volgens 'n ou gebruik  
 Van ons voorvaders oorgedra is – 'n hartseer geskenk aan gestorwenes  
 En deurweek met die trane van 'n broer.  
 Totsiens, my broer, en mooi bly vir altyd.

5

10

### 102. 'n Diskrete vriend

Indien enige iets in geloof toevertrou is deur 'n diskrete vriend  
 Wie se lojaliteit van karakter wyd bekend is,  
 Sal jy vind, Cornelius, dat ook ek toegewyd is volgens hulle oordeel



En glo ek het die toonbeeld van swygsaamheid geword.

### **103. Silo**

Ek vra jou, Silo, asseblief, óf gee my die tien sestersies terug  
 En wees dan so barbaars en onbeheersd soos jy wil;  
 Óf, as die geld jou behaag, hou op (ek smeek jou)  
 Om 'n pimp te wees en terselfdertyd barbaars en onbeheersd.

### **104. Dink jy ek sou haar kon slegsê?**

Dink jy dat ek ooit sou kon kwaadpraat van my lewe,  
 Sy wat vir my kosbaarder is as my twee oë?  
 Ek kon nie; nóg, as ek kon, so noodlottig vir haar lief wees.  
 Maar jy en Tappo maak van alles 'n bespotting.



### **105. Piel probeer die berg van die Muses bestyg**

Piel probeer die Pipleiese berg bestyg:  
 Die Muses verdryf hom halsoorkop met drietandvurke.

### **106. 'n Mooi seun en 'n afslaer**

Wanneer 'n mens 'n afslaer saam met 'n mooi seun sien,  
 Wat sou mens glo, buiten dat hy intens begeer om homself te verkoop?

### 107. Die uiterste vreugde

Indien enige iets iemand ooit te beurt geval het wat dit innig begeer het,  
 Maar wanhopig was, is dit waarlik 'n vreugde vir die gees.  
 Daarom is dit ook vir my 'n vreugde, kosbaarder as goud,  
 Dat jy, Lesbia, jouself teruggee aan my wat begeer;  
 Teruggee aan my wat begeer, maar nie gehoop het nie; ja, 5  
 Jy gee jouself uit vrye wil terug aan my. 'n Geluksdag, gemerk met 'n witter klippie!  
 Watter lewende wese is gelukkiger as ek, of wie kan sê  
 Dat iets in hierdie lewe meer begeerlik is?

### 108. Cominius

Indien jou gryse ouderdom, Cominius, besoedel deur platvloerse waardes  
 Tot 'n einde sou kom op aandrang van die volk,  
 Twyfel ek geensins dat jou tong, vyand van goeie burgers,  
 Eerste uitgesny en vir die gulsige aasvoël gegee sal word nie,  
 Die raaf jou uitgeplukte oë in sy swart keel sal afsluk;  
 Die honde jou binnegoed; die wolwe al jou ander ledemate.

### 109. Jy belowe my, my lewe

Jy belowe my, my lewe, dat hierdie liefde van ons  
 Gelukkig sal wees en tussen ons verewig.  
 Magtige gode, gee dat sy hierdie belofte sal hou  
 En opreg en uit haar hart bedoel,  
 Sodat ons deur ons hele lewe 5  
 Hierdie ewige verdrag van geheiligde vriendskap mag verleng.


### 110. Aufillena

Aufillena, goeie minnaresse word altyd geprys:  
 Hulle word beloon vir dit wat hulle onderneem.  
 Omdat jy my slinks bedrieg met dit wat jy beloop het;  
 Omdat jy nie gee, maar dikwels neem, doen jy verkeerd.  
 Om uit te voer is eerbaar, of om nie te beloop nie, deugsam,  
 Aufillena. Maar om alles te gryp wat jy aangebied word  
 Terwyl jy die verpligtinge ontduik, is gulsiger as 'n hoer  
 Wat haarself met haar hele liggaam prostitueer.

5

### 111. Aufillena en haar oom

Aufillena, om gelukkig te lewe alleen met jou man  
 Is vir getroude vroue die allergrootste eer,  
 Maar dit is beter vir 'n vrou om by wie ookal te slaap,  
 As om ma te word by haar oom en neefs te verwek.



### 112. Naso

Jy is 'n bedrywige man, Naso, maar daar is nie baie wat jou nie  
 Stoot nie. Naso, jy is bedrewe en word gedryf.

### 113. Pompeius en Maecilia

Toe Pompeius die eerste keer konsul was, Cinna,  
 Het twee mans Maecilia gedeel; noudat hy weer konsul geword het,  
 Is daar steeds twee, maar elk het gegroei tot 'n duisend.  
 Owerspel het vrugbare saad.

#### 114. Piel se rykdom

Piel word met reg welgesteld genoem weens sy landgoed in Firmum

Wat soveel buitengewone rykdom dra:

Pluimvee van elke soort, visse, weivelde, ploeglande en wild.

Alles tevergeefs: hy oortref die opbrengs met al sy uitgawes.

Ek gee dus toe dat hy ryk is, terwyl alles anders ontbreek.

5

Laat ons die landgoed bewonder, terwyl die eienaar self gebrek ly.

#### 115. Piel se rykdom (2)

Piel het iets soos twintig akker weiveld,

Veertig ploegland: die res is seewater.

Waarom kan hy nie Croesus verbysteek in welvaart nie,

Hy wat soveel rykdom op een landgoed besit:

Weivelde, ploeglande, reuse woude, ooptes en moerasse

5

Wat strek tot by die Hiperboreërs en die Oseaan.

Al hierdie goed is groot, maar hyself verreweg die grootste:

Geen mens nie, maar inderdaad 'n potente, parmantige piel!

#### 116. Gellius, wees gewaarsku

Dikwels het ek gewonder met my verstand gretig en ondersoekend

Hoe ek gedigte van Callimachus aan jou kon stuur

Sodat ek jou vir my bereikbaar kon maak en jy nie probeer

Om vyandige pyle na my kop te skiet nie.

Ek sien nou dat ek hierdie taak tevergeefs onderneem het,

5

Gellius, en dat my gebede hier vrugteloos was.

Daardie pyle van jou teen my gemik, sal ek vermy,

Maar jy sal deurboor word deur myne en jou straf verduur.

## Hoofstuk 4: Kommentaar

Vir die doel van hierdie hoofstuk en die tesis as geheel, is die fokus op Catullus **in vertaling**. Die Latynse teks is vanselfsprekend onlosmaaklik van so 'n bespreking, veral omdat moeilike grammatika en metaforiese taalgebruik dikwels 'n omskrywing of uitbreiding in 'n vertaling verg. Daar sal dus deurgaans verwys word na die oorspronklike in verklarings van my spesifieke vertaalvoorkeure en vergelykings met ander Germaanse vertalings. Hierdie is egter nie 'n kommentaar op die Latynse teks nie; daar bestaan 'n groot hoeveelheid tekstekommentare wat gereeld hersien word en nuwes kom telkens te voorskyn. Ek het self gebruik gemaak van die gevestigde kommentare van Fordyce, Quinn en Garrison.

Hierdie hoofstuk moet dus dien as 'n regverdiging van my vertaalkeuses in 'n Afrikaanse konteks sowel as in vergelyking met bestaande Germaanse vertalings. Bowenal moet dit dien as weerspieëling van die vertaalopdrag soos uiteengesit in hoofstuk twee.

In vergelykings met bestaande vertalings het ek gebruik gemaak van een (die enigste) Afrikaanse vertaling (Haarhoff), twee Nederlandse (Claes en Kal), een Duitse (Von Albrecht) en drie Engelse vertalings (Goold, Lee en Balmer). Slegs Von Albrecht, Goold en Lee het al die gedigte vertaal. Ek het probeer om hoofsaaklik relatief onlangse vertalings te gebruik aangesien dit die veld is waarbinne my eie vertalings sal moet kompeteer. Die fokus was suiwer op Germaanse tale; eerstens omdat dit as beste maatstaf kan dien vir 'n Afrikaanse vertaling en tweedens omdat dit in alle waarskynlikheid 'n groter uitdaging vir die vertaler inhou as vertaling na 'n Romaanse taal waar die woordeskat direk teruggevoer kan word na Latyn. Ek moes egter berus by die Germaanse tale wat vir my bekend is en kon dus nie gebruik maak van Catullus-vertalings in die Skandinawiese tale nie.

Om 116 gedigte in 'n bespreking aan te pak, is geen maklike taak nie. Noodgedwonge moes ek gedigte saam groepeer op grond van inhoud of woordkeuses en die gevoel van die digter wat myns insiens in 'n spesifieke gedig deurskemer. My indeling is

daarom grootliks subjektief en daarop gemik om bespreking te vergemaklik eerder as om nuwe insigte te lewer. Om onnodige herhaling te vermy, word daar nie na elke gedig individueel verwys nie.

#### 4.1 Miser

By die vertaling van Catullus is 'n goeie vertaalkeuse vir *miser* waarskynlik die grootste uitdaging. Hy gebruik die woord eerstens met betrekking tot Lesbia en sy afgestorwe broer om sy uiterste smart en gevoel van magteloosheid en verlatenheid uit te druk. Daar bestaan myns insiens nie in Afrikaans (of in enige van die ander Germaanse tale) 'n enkele woord wat al hierdie gevoelens saamvat nie. Verder gebruik hy dit ook in 'n ligter luim wanneer hy aan 'n vriend skryf of op 'n sarkastiese wyse ten opsigte van sy teenstanders. Die vertaler moet dus berus by 'n lysie van moontlike vertalings en telkens volgens konteks die geskikste een kies: 'n moeilike keuse.

Ons eerste kennismaking met *miser* is waarskynlik ook die bekendste: *miser Catulle...*(carmen 8). Hier praat 'n ontnugterde en gebroke Catullus streng met homself in 'n poging om finaal sy fatale liefde vir Lesbia af te sweer. In hierdie konteks het “rampsalig” vir my as die beste vertaling uitgestaan omdat dit die rampspoedige aard van die verhouding onderstreep. Claes gebruik “Arme Catullus”, so ook Von Albrecht, “Armer Catull”, en Goold, “Poor Catullus”. Die woord “arme/poor” kom egter vir my te pateties voor en wek eerder simpatie as empatie. Ek voel nie dat die spreker bejammering soek nie, maar sy gebrokenheid ten beste wil uitdruk. Kal kies ook “Rampzalige Catullus”; dit versterk my argument vir die betrokke woord as 'n geskikte vertaling. Balmer se “You wretch, Catullus” en Lee, “Wretched Catullus”, is gespaste keuses in Engels wat die spreker se uiterste ongelukkigheid omvat.

Reël 10, *nec miser vive*, het ek met “nóg hartseer lewe” vertaal. Teenoor *multa cum iocosa fiebant* (reël 6), het “hartseer” vir my in hierdie geval na 'n beter keuse as “rampsalig” gelyk. Dit is asof die spreker vir homself wil sê dat hy wel weer gelukkig kan wees, selfs al is dit sonder sy groot liefde. Claes se “arme drommel” is weer eens

te selfbejammerend en dra nie vir my die erns en diepte van die spreker se gevoelens oor nie. Kal volstaan by “rampzalig” en Lee by “wretched”. Goold se keuse van “nor live in unhappiness” dui op ’n interpretasie soortgelyk aan my eie. Haarhoff vertaal baie vry en skep sy “eie” gedig bestaande uit ses strofes van vier reëls elk wat ’n abab-rymskema volg. Hy laat *miser* aanvanklik uit in sy vertaling van reël 1 en omskryf dit in sy vertaling van reël 10:

“Tyd, nou, Catullus, ja, dis lankal tyd  
Dat jy jou dwaasheid ken...

Catullus, arme dwaas, o, hou jou hard!

...

...

Staan soos graniet en weier om te ween!”

Eers in sy vierdie strofe met “Catullus, arme dwaas” vertaal Haarhoff die *miser* van reël 1 en *nec miser vive* word in dieselfde strofe met “weier om te ween” vertaal. Die byvoeging van “dwaas” verleen aan “arme” ’n gevoel van selfkritiek eerder as selfbejammering en maak daarvan ’n beter vertaalkeuse as die “arme” van bogenoemde vertalers. Hoewel “weier om te ween” redelik ver van die oorspronklike is, volg dit dieselfde interpretasie as wat Goold en ek self gevolg het.

Ander gevalle waar *miser* op ’n soortgelyke wyse gebruik word, kom voor in carmina 51, 64, 68, 76, 77, 91 en 101 waarvan ek slegs enkele voorbeelde uitlig.

Carmen 51, reël 5-6: *...misero quod omnis / eripit sensus mihi...*, “Dit roof my, in verloretheid, van alle sinne...” Hier tref ons die spreker aan aan die begin van sy verhouding met Lesbia en *miser* word gebruik om die effek wat sy op hom het, te beskryf. Hy voel magteloos by die blote aanskoue van haar, maar ervaar nie die ellende wat sy later oor hom sal bring en wat ’n hoogtepunt bereik in carmen 8 nie. Daarom het ek in hierdie konteks “in verloretheid” as vertaling gekies. Uit die vertaalkeuses van Von Albrecht se “Mir Armen”, Kal se “echt rampzalig”, Claes “ongelukkig”, Goold “poor wretch”, Lee “poor me”, Balmer “while I’m in hell”, verkies ek Claes se interpretasie alhoewel “ongelukkig” miskien te flou is om die spreker se oorweldigende emosies uit te druk. Soos hierbo genoem, vind ek die ander

vertalers se interpretasies te selfbejammerend en hoewel Balmer die diepte van Catullus se harstog vasvat, vind ek die woord “hell” te modern vir die betrokke konteks. Haarhoff se omskrywing “gevoel beswyk, sintuie faal” dra die gewenste stemming oor, maar ek beskou *miser* as ’n te belangrike woord vir Catullus in die betrokke konteks om uit ’n vertaling gelaat te word.

In carmen 64 beskryf *miser* die uiterste smart van ’n jong vrou in haar liefde verlaat en daar kan met reg verwys word na Catullus se identifisering met Ariadne. Sy het met hul eerste ontmoeting op Theseus verlief geraak, sy liefde bo haar familie gekies en hom gevolg in die geloof dat hy tot dieselfde mate aan haar toegewyd was. Net soos Lesbia was hy ongeërg en het hy haar alleen op Naxos agtergelaat sonder enige besorgdheid oor haar lot: ...*desertam in sola miseram se cernat harena* (reël 57), “...bevind sy haarself, armsalig en verlate, op die eensame strand”. Die feit dat die strand ook “eensaam” genoem word, versterk die gevoel van uiterste ellende en magteloosheid en daarom het “armsalig” onmiddellik by my opgekom. In reël 71 is *miser* vir my nog meer gelaai met emosie soos versterk deur die uitroep “A”: *A misera assiduis quam luctibus externavit...Erycina...*, “A, rampsalige meisie vir wie Venus met ’n oneindige getreur / Waansinnig gemaak het...” Hier word verwys na die destruktiewe gevolge van Ariadne se liefde, soos die geval met Catullus in carmen 8, en “rampsalig” het vir my as die geskikste vertaling voorgekom.

Von Albrecht gebruik in reël 57 “elend” en in 71 “Ach, die Ärmste”. Eersgenoemde funksioneer goed in die konteks en is gelykstaande aan die Afrikaanse “ellendig”; ’n raak beskrywing van Ariadne se fisiese en emosionele verlatenheid. Von Albrecht se vertaling van reël 71 val egter vir my in dieselfde kategorie as die twee Engelse vertalings. Lee se “her poor self” en “Poor girl” asook Goold se keuses “poor thing” en “Unhappy girl” vind ek weer eens te selfbejammerend en te gematig om die oorweldigende ellende wat Ariadne ervaar het en waarmee Catullus hom kan vereenselwig, oor te dra.

Deur die res van carmen 64 word *miser* in ’n soortgelyke konteks gebruik en daarom in dieselfde trant vertaal. (Sien reëls 94, 119, 140, en 196.)



In carmina 68 en 101 gebruik Catullus *miser* wanneer hy verwys na sy smart met die afsterwe van sy broer. Hy gebruik telkens min of meer dieselfde frase sodat dit 'n soort refrein vorm wanneer hy van sy broer se skielike dood praat. *O misero frater adempte mihi...* (68:20), “O my broer, troosteloos is ek wat jou verloor het...” *Ei misero frater adempte mihi...* (68:92), “Helaas, my broer, troosteloos is ek wat jou verloor het...” *Heu miser indigne frater adempte mihi...* (101:6) “Helaas, my broer, onverdiend en wreedaardig van my weggeneem!” Daar is 'n interessante klemverskuiwing en 'n opbou van emosie as mens die drie aanhalings op hul eie lees soos hier: in die eerste twee voorbeelde is die spreker *miser*; in die derde voorbeeld is die broer *miser*. Ek moes noodgedwonge die verlede deelwoorde in die eerste twee frases omskryf om dit idiomaties te kan vertaal en het sodoende by “ek wat jou verloor het” uitgekóm. In hierdie konteks het “troosteloos” vir my as 'n gepaste vertaling van *miser* voorgekom. Waar Catullus Lesbia moet afstaan aan 'n ander minnaar en vernietig en verraai voel, verloor hy sy broer deur die dood. Hier is dus 'n gevoel van finaliteit betrokke wat nie in die geval van Lesbia teenwoordig is nie alhoewel hy hom daarvoor beywer. “Troosteloos” het vir my die gevoel van finaliteit en ontoesbare smart ten beste saamgevat.

In die derde aanhaling het ek *miser* taamlik vry vertaal aangesien ek dit as 'n voorbeeld van woordomspanning (hipallage) beskou: dit is die agtergeblewene wat ly; nie die afgestorwene nie. “Wreedaardig” het tog beide vir my ingesluit: enersyds het die broer skielik gesterf op 'n jong ouderdom, ver van sy geliefdes, en andersyds ervaar Catullus sy dood as 'n genadelose slag van die lot.

Von Albrecht se vertalings van die onderskeie reëls is as volg: “O Bruder, mir Armem entrissen!”; “Wehe! Bruder, mir Unglücklichem geraubt!”; “Weh! Armer Bruder, mir ungerecht entrissen!”; Goold: “O brother, carried off to my sorrow”, “O brother, stolen from me to my misery”, “alas, poor brother, so cruelly stolen from me”; Lee: “O brother, stolen from poor me”, “Alas, brother, stolen from poor me”, “Poor brother, unfairly taken from me”. Die Duitse taal leen hom baie goed toe tot die vertaling van verlede deelwoorde en Von Albrecht se vertalings weerspieël die Latyn effektief op grammatikale vlak. Verder het hy ook die opbou van emosie deur die drie frases vasgevang. Ek voel egter steeds dat daar 'n beter woord vir *miser* as “arm” is; “Unglücklichem” is 'n bewys hiervan. Goold se vertalings vang die groeiende emosie

vas met sy omskrywings van *miser*: “to my sorrow” word “to my misery”. Op dieselfde wyse word “carried off” vervang met “stolen from me” en laastens met “so cruelly stolen from me”. Die eenmalige gebruik van “poor” pla daarom nie aangesien dit met genoegsaam emosionaliteit gepaardgaan. Lee se herhaalde gebruik van “poor” bly vir my te lou vir die konteks en die gebruik van “taken” in die derde geval, na twee keer se gebruik van “stolen”, is ’n antiklimaks.

Claes vertaal bogenoemde reël uit carmen 101 as volg: “mijn arme, mij zo onverdiend ontrukte broer...”; Balmer: “alas, my poor brother, a theft unjustly dealt...”; Haarhoff: “Helaas, ontbied / So onverdiend deur bode van die Dood...” Kal laat carmen 68 sowel as 101 uit sy bloemlesing.

In carmen 50 gebruik Catullus die woord hiperbolies met betrekking tot ’n geliefde vriend. Hy wil vir Licinius sy waardering vir sy vriendskap en die feit dat hulle sielsgenote is, beklemtoon. Terselfdertyd wil hy deur oordrywing die soort humor skep wat iemand soos Licinius sal kan waardeer. *Ut nec me miserum cibus iuaret...*(reël 9), “Dat kos my in my armsaligheid nie kon versadig nie...” In die Afrikaanse idioom het “armsalig” dieselfde potensiële dubbele betekenis van *miser* waarmee Catullus speel. Dit kan sowel “ellendig” as “bejammerenswaardig” beteken; in die betrokke konteks soek Catullus wel laasgenoemde betekenis vir ’n humoristiese effek. Claes laat *miser* uit en sy vertaling lui eenvoudig “dat mijn eten me niet smaakte”; ’n gedeelte van die humor is egter verlore. Von Albrecht gebruik “mir Armen”, Goold “my poor body” en Lee “poor me”. Al drie hierdie vertalings wek die gewenste effek – ’n reaksie soortgelyk aan die uitroep “foeitog”. Balmer se “wretched” vind ek in die betrokke konteks te ernstig.

Waar Catullus *miser* in die verkleiningsvorm gebruik, is dit met ’n gevoel van bejammering of met die byt van sarkasme, maar hy gebruik dit in hierdie vorm nooit met verwysing na homself nie.

In carmen 3 betreur Catullus die dood van Lesbia se troetelmossie. *O miselle passer!* (reël 14). Omdat daar nie in Afrikaans ’n verkleiningsvorm van ’n byvoeglike naamwoord bestaan nie, verg hierdie frase ’n omskrywing in vertaling. Die gevoel

van jammerte in die uitroep en die teerheid wat in die verkleiningsvorm vervat is, het ek omskryf: “So onregverdig, liewe mossie!”

Von Albrecht se vertaling lui “O unseliger Sperling!”. “unselig” (ongelukkig, noodlottig, onsalig) vang die gevoel van bejammering en hartseer effektief vas. Kal se “O jij ongeluksvogel!” vind ek te hoogdrawend; iets van die teerheid gaan verlore. Dieselfde geld vir Goold: “hapless sparrow” het nie die omgangstaalkwaliteit of simpatie vervat in *miselle* nie. In hierdie konteks kan “arm/poor” as ’n effektiewe vertaalkeuse dien om die gevoel van betreuring oor te dra: Balmer, “our poor sparrow”; Lee, “O wretched sparrow!”; Claes, “mijn arme musje”; Haarhoff, “O, arme mossie”.

Die gebruik van die verkleiningsvorm in carmen 40, verskil egter drasties van die bogenoemde. Hier is Catullus hoogs sarkasties en dreigend teenoor Ravidus wat meeding om die liefde van Catullus se geliefde (waarskynlik Lesbia). In hierdie konteks maak “arme Ravidus” (*miselle Ravide*, reël 1) ’n goeie vertaling uit omdat dit die sarkastiese byt bevat waarmee Catullus sy teenstander wil bykom. Hy wil hom as’t ware waarsku dat hy bejammerenswaardig sal wees wanneer Catullus met hom klaar is. Sien ook carmina 15 (nie in die verkleiningsvorm) en 80 vir soortgelyke sarkastiese gebruik van *miser*.



## 4.2 Seksueel vulgêre woordeskat

Om ’n geskikte vertaling in Afrikaans, ’n relatief kuise en eufemistiese taal, te vind vir woorde soos *irrumare*, *pedicare*, *futuere* en *mentula*, is byna net so ’n groot uitdaging soos *miser*, hoewel op ’n totaal ander vlak. Selfs in die 2000 *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) word die seksuele, spreektaal konnotasies van woorde soos “stoot” en “pomp” nie aangedui nie; platvloerse, maar algemeen gebruikte terme vir die verwysing na seksuele omgang.

*irrumare* en *pedicare* word dikwels in dieselfde gedigte gebruik as dreigement. In carmen 16 wil Catullus vir Aurelius en Furius terugkry omdat hulle kritiek uitgespreek het teenoor sy erotiese gedigte. Hy begin sy gedig met die dreigement en

eindig weer met presies dieselfde frase: *pedicabo ego vos et irrumabo*. Daar bestaan nie in Afrikaans enkel werkwoorde wat eens naastenby die konnotasies van anale en orale seks bevat nie. Hoewel Catullus dit nie letterlik bedoel nie, maar as 'n vernedering, het ek dit met dieselfde kruheid probeer vertaal omdat ek voel hy juis sy punt wil illustreer deur oordrywing. Soos Garrison (1989:105) dit stel:

“Catullus aims a blizzard of obscenity at Furius and Aurelius, who have accused him of living indecently because he writes erotic poetry. The foul language has a point: there is a difference between the poet and the poetry he or she writes.”

Op die ou-end het ek *pedicabo* met “naai” vertaal en *irrumare* omskryf met “julle monde stop”. Alhoewel “naai” in die algemeen eerder gebruik word met verwysing na vaginale penetrasie, is Catullus se bedoeling in die geval vanselfsprekend. Binne die konteks van die gedig het “julle monde stop” vir my goed gewerk as vertaling vir *irrumare* omdat dit ook die idee van “julle (kritiese) monde snoer” bevat.

Von Albrecht maak van omskrywing gebruik: “euch werd ich Bürzel und Schnabel stopfen”; so ook Claes: “Ik ram hem in je kont en in je strot”. Die drie Engelse vertalers kies presies dieselfde werkwoorde: Goold, “Bugger you and stuff you”; Lee, “I’ll bugger you and stuff you gobs” en Balmer “Bugger off and get stuffed”. Alhoewel die bogenoemde vertalings almal effektief werk, is die Duitse en Nederlandse vertalings die kruste en daarom, myns insiens, die beste. “Bürzel” en “Schnabel” is albei terme wat gebruik word met betrekking tot diere en kan losweg vertaal word met “gat” en “snawel”; so ook is “kont” en “strot” omgangstaalterme wat nie aanvaarbaar is in goeie geselskap nie. In Engels word “bugger” en “stuff” so algemeen gebruik in die konteks van ’n uitroep of as skelwoord dat dit meer gematig geword het en nie so ’n skokkende uitwerking op die hoorder of leser het nie.

In carmen 21 tref ons weer die twee woorde saam aan en weer eens is Aurelius ter sprake. Hierdie keer probeer hy ’n jong minnaar van Catullus verlei en die digter spel vir hom die gevolge uit as hy nie die seun sou uitlos nie. Ek het volstaan by my keuses van “naai” en “in die mond stop”, behalwe by die vertaling van die verlede deelwoord wat ’n omskrywing in die Afrikaans vereis.

Catullus spreek Aurelius direk aan; hy beledig hom in die eerste drie reëls voordat hy in reël vier by sy rede kom: *pedicare cupis meos amores*, “Jy begeer om my geliefde te naai”. Hy brei in die volgende reëls uit op Aurelius se blatante aanlêery en in die middel van die gedig kom hy by sy dreigement, klimaksaal ingelei deur *frustra. nam insidias mihi instruentem / tangam te prior irrumatione* (reëls 7-8), “want terwyl jy verraad teen my beplan, sal ek jou eerste in die mond stop”. Die verlede deelwoord van *irrumare* het ek as volg omskryf: *ne finem facias, sed irrumatus* (reël 13), “sodat jy nie knielend, as ’n sekslaaf, ’n einde daaraan sal maak nie”.

Slegs Von Albrecht en die Engelse vertalers het carmen 21 aangedurf. Von Albrecht vertaal reël vier versagend met “du willst mit meinem Liebling schlafen”. Reël 8 word vertaal met “will ich als erster dir eine Ladung ins Maul verpassen” en reël 13 met “wenn ich dir das Maul gestopft habe”. Ek vind “schlafen” te kalm en ook te modern; dit impliseer nie die vernedering vir die ontvanger van die daad wat *pedicare* bevat nie en is te eufemisties vir die konteks. “Maul verpassen/stopfen” is toepaslik kru en daarom ’n goeie vertaalkeuse: “Maul” is gelykstaande aan die Afrikaanse “smoel” en nie ’n term wat aanvaarbaar is in goeie geselskap nie. Die Engelse vertalers volstaan al drie by “bugger” en “stuff”. Die verlede deelwoord word ook gemaklik met die Engelse “stuffed” vertaal.



In carmen 28 gebruik Catullus *irrumare* met verwysing na die manier waarop die goewerneurs soos Piso en Memmius hul personeel uitbuit. Reël 9-10: *...bene me ac diu supinum / tota ista trabe lentus irrumasti*; “...vir ’n lang tyd het jy my, op my laaste, vreedsaam uitgebuit met jou volle mag”. In hierdie geval moes ek van ’n meer figuurlike vertaling gebruik maak. Alhoewel hier ook vernedering geïmpliseer word, poog Catullus nie om kru te wees nie, maar eerder om ten sterkste uit te druk hoe die goewerneurs net na hul eie belange omsien en hul personeel armer terugkeer van die provinsies as voor hul vertrek. “uitbuit” het vir my as die beste vertaling voorgekom omdat dit ’n sterk finansiële konnotasie het. Die gedagte van misbruik word verder vererger deur die feit dat dit ’n uitgerekte proses was (*lentus*).

Claes vertaal *irrumasti* met “verneukt”. Alhoewel die woord in Nederlands eerstens ’n plat seksuele verwysing het, word dit ook gebruik soos die Afrikaanse “verneuk” waar die betekenis na “ingeloop” of “mislei” verander het. Ek vind Claes se vertaling

daarom baie gepas: dit bevat die letterlike sowel as die figuurlike betekenis van *irrumare*. Von Albrecht gebruik “mir das Maul...mit deinem Riesenbalken verrammelt”. “verrammeln” beteken “blokkeer” of “versper”. Von Albrecht maak dus ook van omskrywing gebruik. Sy vertaalkeuse bevat egter nie die idee van finansiële uitbuiting nie en vind ek daarom minder geslaagd. Goold en Lee kies weer eens “stuff”. “stuff” het ’n wye strekking van betekenis waarvan seksuele omgang en geksheerdery (’n *slang* gebruik van die woord) deel uitmaak. Die term het egter nie die finansiële konnotasies wat in die betrokke konteks verlang sou word nie. Balmer se “you fucked me up” is meer kru, maar bevat ook soos die Nederlandse “verneukt” die geïmpliseerde dubbele betekenis.

In carmina 94, 105, 114, 115, gebruik Catullus *mentula* as ’n eienaam en die resultaat is hoogs humoristies. Quinn (1976:430) verklaar die naam as volg: “The name Mentula is usually assumed to be the *nom de guerre* of Caesar’s henchman Mamurra rather than a pseudonym designed to conceal Mamurra’s identity...” Reeds in carmen 29 verwys die digter na die spandabelrige Mamurra se *diffututa mentula* (reël 13). In carmina 94, 105, 114 en 115 word dit vererger tot sinoniem aan Mamurra self. Ek het *Mentula* in elke geval met “Piel” vertaal. Ek moes ’n vulgêre, gesprekstaal term vind wat aan enige leser bekend sou wees en geensins eufemisties of dubbelsinnig is nie—Catullus probeer niks aan die verbeelding oorlaat nie. Dit was verder noodsaaklik om elke keer dieselfde woord te gebruik aangesien dit as ’n spesifieke persoon se naam dien.

In carmen 94 is daar alliterasie met *Mentula moecharur*. *Moecharur Mentula?* (reël 1). Ek kon egter nie ’n geskikte Afrikaanse werkwoord vir *moecharur* vind wat met ’n “p” begin nie. Ek het uiteindelik op “Piel forniker” besluit. “forniker” verwys, soos *moecharur*, na seks binne ’n buite-egtelike verhouding en impliseer ’n gebrek aan emosionele betrokkenheid. Die trefkrag van die gedig is in die idioom opgesluit: *ipsa olera olla legit*. Elke mens tree op volgens sy aard; dus sal ’n penis uiteraard forniker.

Die vertalers gebruik ook deurgaans dieselfde benaming vir *Mentula*. Party vertaal egter nie al die gedigte nie en sommige laat die “skurwe” gedigte geheel en al uit. Von Albrecht gebruik “Schwanz”: ’n dubbelsinnige woord wat sowel “stert” as

“penis” kan beteken. Goold gebruik “Cock”, Lee “Tool” en Balmer “Prick”. Dit wil dus voorkom of al hierdie vertalers op dubbelsinnige terme besluit het eerder as ’n blatante, voor die hand liggende vertaling. Bogenoemde dubbelsinnige vertaalkeuses werk aangesien die seksuele betekenis alom bekend is in gesprekstaal. “Tool” is egter te kalm en eufemisties vir die konteks en nie so algemeen soos “Cock” en “Prick” nie. Dit is vir my opvallend dat nie een van die Engelse vertalers van “Dick” gebruik maak nie. Ek sou glo dit is die algemeenste term soos dit blyk uit populêre vermaak en beslis ’n toepaslike skelnaam.

Omdat Catullus egter nie poog om dubbelsinnig te wees nie, verkies ek die vertaalkeuse van Claes: “Lullius is een lul van een vent”. “lul” is ’n baie plat term vir “penis” en met “Lullius” maak die vertaler op ’n kreatiewe wyse ’n gelatiniseerde eienaam daarvan. Claes behou dus die humor sowel as die volle steek van die belediging.

In carmen 105 dryf Catullus die spot met Mamurra se pogings as skrywer en skep by die leser ’n uiters amusante beeld van die Muses wat “Piel” van hul berg verjaag met drietandvurke. Heel toevallig skep die herhaling van die “p” in my Afrikaanse vertaling ’n bydraende gekseer-effek: “Piel probeer die Pipleïese berg bestyg” (*Mentula conatur Pipleium scandere montem*; reël 1).

In carmina 114 en 115 verwys Catullus na “Piel” se rykdom in terme van die groot eiendom wat hy besit, maar ondermyn die bewerings weer na die middel van elke gedig deur te dui op die swak gehalte van die grond. Ek verwys slegs na die laaste reël van carmen 115: *non homo, sed vero mentula magna minax*. In hierdie geval was dit vir my belangrik om die alliterasie te behou aangesien die finale steek van die gedig daarin vervat is. Garrison (1989:163) verwys daarna as “comic alliteration; like his land that is mostly swamp, Mamurra is mostly a big *mentula*”. Deur effense omskrywing het ek by “Geen mens nie, maar inderdaad ’n potente, parmantige piel” uitgekom.

Enkele vertalers maak van hoofletters gebruik om die oordrywing en humor te beklemtoon: Von Albrecht, “ein einziger großer, drohender SCHWANZ”; Lee, “a great intimidating TOOL”. Balmer se “not the biggest man but by far the biggest

prick” dra nie die humor van die beskrywing oor nie en laat myns insiens nie reg geskied aan die oorspronklike nie. Slegs Goold behou tot ’n mate die alliterasie en probeer iets van die oorspronklike weergee: “a mighty menacing cock”. Tog is nie een van bogenoemde vertalings ’n voldoende weergawe van die byt van die Latyn soos versterk deur die komiese alliterasie nie.

Sien carmina 29 en 37 vir die letterlike gebruik van *mentula*.

Verskeie vorme van *futuere* word ook in enkele gedigte aangetref. Ek het reeds hierbo verwys na Mamurra se *diffututa mentula* (carmen 29). In carmen 41 noem Catullus Mamurra se meisie *puella defututa* (reël 1). Dit blyk verder uit die gedig dat sy ’n prostituut is en haar dienste vir Catullus aangebied het. Sy het egter ’n groot som geld gevra en die digter was oortuig sy moes mal wees (*non est sana*) om te dink iemand sal so baie betaal vir háár dienste – sy oorskakel duidelik haar waarde (*nec rogare / qualis sit solet aes imuginosum*). Catullus is dus weer eens besig om Mamurra te beledig; hierdie slag deur sy meisie lelik voor te stel (*ista turpiculo puella naso*).

In bogenoemde konteks het “daai lendelam-genaaide meisiekind” vir my as ’n goeie vertaling vir *puella defututa* voorgekom. “lendelam” verwys na ’n meubelstuk waarvan die skarniere reeds swak geword het deur herhaalde gebruik; Ameana is as prostituut niks meer as ’n gebruiksartikel nie en immers ’n “opgebruikte” een (*defututa*: uitgeput deur oormatige seksuele omgang). “lendelam” gekombineer met “naai” het daarom vir my as ’n raak vertaling voorgekom; dit bevat genoegsaam oordrywing sowel as kruheid. “meisiekind” kan binne ’n sekere konteks ’n negatiewe betekenis hê wat “meisie” nie het nie; daarom het ek eersgenoemde in hierdie geval verkies as vertaling vir *puella*, veral met die teer gevoel wat *puella* in die Lesbia-gedigte het in ag geneem.

Von Albrecht vertaal *puella defututa* as “das abgeliebte Mädchen”. Die Duitse werkwoord “lieben” kan ook verwys na seksuele omgang; dus is ’n “abgeliebte” meisie, seksueel “opgebruik”. Von Albrecht se vertaling laat daarom reg geskied aan die Latynse teks. Claes se vertaling, “die afgereden meid”, is uiters direk en beledigend en dus baie raak. Mamurra se meisie is “opgery” en sy is nie ’n gewone meisie nie, maar op die vlak van ’n diensmeisie. Goold se “a well-laid girl” is ’n goeie



keuse. Dit is meer gematig as die Nederlandse vertaling, maar het tog 'n spesifiek seksuele betekenis. Lee se “the female fuck-up” is wel kru, maar alhoewel “fuck” 'n sterk seksuele konnotasie het, het die betekenis reeds so wyd geword dat 'n “fuck-up” veel eerder die idee van 'n gemors of mislukking by die leser oproep. Balmer se vertaling, “the girl who goes and goes”, gee nie die Latyn weer nie. Dit is vaag en los.

Ek het ook gebruik gemaak van “lendelam” in 'n seksuele konteks by carmen 6. In hierdie geval verwys Catullus na sy vriend Flavius se ledemate wat lendelam is weens herhaalde seksuele aktiwiteite: *non tam latera ecfututa pandas, / ni tu quid facias ineptiarum* (reël 13); “Jy sou nie sulke lam lieste vertoon het as jy nie met iets onheiligs besig was nie.”

In teenstelling met carmen 41 waar Catullus eksplisiet en beledigend wil wees, is hy in carmen 6 besig om sy vriend te terg. Hy skep humor deur die beskrywing van sy vriend se deurmekaar bed en sy eie verwaaide voorkoms. In die lig hiervan leen *latera ecfututa* toe tot meer gematigde vertalings. Die humor lê juis in die eufemisme van reël 14 met *quid...ineptiarum*; daarom het ek Von Albrecht en Claes se vertalings die beste gevind. Von Albrecht gebruik “deine Lenden lägen nicht so abgekämpft darnieder”. Die Duitse werkwoord “daniederliegen” word gebruik in die konteks van bedlêend wees weens siekte en “abgekämpft” sou mens in hierdie geval kon vertaal met “moeg gespook”. Claes se “je zag er niet so afgesjouwd uit” vertaal losweg met “afgerem”. Goold gebruik “you wouldn’t present such a debauched sight”. Alhoewel hy sy vertaling gematig hou, vind ek “debauched” te formeel en hoogdrawend vir die betrokke konteks. Sowel Lee se “you’d not present such fucked-out flanks”, as Balmer se “your poor crutch looks so fucked out” vind ek te kras en direk. Die humoristiese, tong-in-die-kies effek gaan verlore.

Ander vorme van *futuere* kom voor in carmina 32, 37, 71 en 97.

### **4.3 *deliciae***

'n Gewigtige woord wat slegs agt keer voorkom, maar nie deurgaans op dieselfde manier vertaal kan word nie, is *deliciae*.

Die bekendste voorkoms van *deliciae* is met verwysing na Lesbia se troetelmossie: *passer deliciae meae puellae* is die openingsreël van carmen twee en word geëggo in carmen drie. “Klein mossie, troeteldiertjie van my meisie.” *deliciae* se betekenis kan wissel vanaf plesier of bekoring tot ’n geliefde objek, liefling of skatlam. Dit is myns insiens laasgenoemde betekenis wat hier te sprake is. ’n Troeteldier is per definisie iets waarvoor ’n eienaar(es) baie lief is; hy het geen nut as werksdier nie en word bloot aangehou vir kameraadskap, vermaak en vertroeteling. So ook stort Lesbia haar liefde uit oor haar troetelmossie waar sy met hom sit en speel, salig onbewus van die gevoelens van die een wat haar dophou. Omdat ’n mossie so ’n klein voëltjie is en “troeteldier” nie “sag” genoeg klink nie, het ek die verkleiningsvorm gebruik. Dit is ook verder ’n algemene verskynsel om vir kinders en troeteldiere verkleinwoorde te gebruik. Om die gevoel van liefde en teerheid te versterk, het ek “klein” bygevoeg. “mossie” word in verskeie Afrikaanse uitdrukkings op ’n onsensitiewe wyse gebruik (“so dood soos ’n mossie”) en die byvoeging van “klein” doen weg met enige moontlike soortgelyke interpretasies.

As twee van Catullus se bekendste en gewildste gedigte, het al die vertalers die tweede en derde gedig vertaal. Ek verwys slegs na carmen twee aangesien die betrokke reël in carmen drie deurgaans dieselfde vertaal word.

Von Albrecht se “Sperling, meines Mädchens Wonne” vertaal losweg met “vreugde”; hy verkies dus die eerste betekenis van *deliciae*. Dit is ’n baie geldige interpretasie; veral as die mossie uit die digter se oogpunt beskou word as die bron van Lesbia se vreugde en sy daarom nie ’n behoefte aan sy liefde het nie. Hierdie interpretasie word verder ondersteun deur reël 9: *tecum ludere sicut ipsa possem*.

Die Nederlandse vertalings stem baie ooreen: Claes, “Musje, lieveling van mijn meisje”, en Kal, “Musje, lievelingsspeeltje van mijn meisje”. “lievelingsspeeltje” (lieflingsspeelding) is egter ’n meer gepaste keuse as bloot “lieveling”; laasgenoemde verwag ’n mens in ’n mens-tot-mens verhouding en nie in die konteks van ’n dier nie. Daar is iets kinderliks in die manier waarop Lesbia met haar mossie speel en “speelding” sluit goed aan by hierdie beeld. Goold is weer effens hoogdrawend met “O sparrow that are my sweetheart’s pet”(sic). Lee vertaal baie direk: “Sparrow, my

girl's darling". Balmer se "Sparrow, my own sweetheart's sweetness" vind ek die beste van die Engelse vertalings. "pet" klink byna tegnies en "darling" is nie 'n algemene aanspreekvorm vir 'n dier nie. "sweetness" bevat die liefalligheid en vertroeteling wat 'n mens sou verwag teenoor 'n geliefde diertjie.

Haarhoff vertaal wel die betrokke reël verskillend in die onderskeie gedigte: "Lieflike mossie deur my liefling so gelief" en "die liefling-mossie van my teer geliefde". Ek voel egter dat die digter opsetlik die twee reëls eenders gemaak het om as 'n *leitmotiv* te dien; net soos die *miser*-weeklaag oor sy afgestorwe broer (sien hierbo). Daarom voel ek dat Haarhoff by een vertaling moes gebly het, veral omdat hy pragtige woordspeling met "lief" in carmen twee verkry het.

In carmen drie is die mossie dood en Catullus beskryf Lesbia se hartseer en die spesiale band wat tussen haar en die voëltjie was: *passer mortuus est meae puellae / passer, deliciae meae puellae*. Met die eggo van die openingsreël van die vorige gedig, beklemtoon hy Lesbia se liefde vir die mossie en versterk die gevoel van hartseer.

Die gebruik van *deliciae* met verwysing na 'n troeteldier, het my in carmen 32 gelei tot 'n soortgelyke vertaling, maar in hierdie geval vir 'n mens. Catullus maak 'n seksuele voorstel aan Ipsitilla en spreek haar onder andere aan as *meae deliciae*. Garrison (1989:111) verwys na haar as volg: "Ipsitilla is an independent courtesan, a hetaera with her own house where she entertains male callers as she pleases." Sy is dus nie 'n gewone prostituut nie, maar steeds niks meer as 'n seksobjek nie. In die lig hiervan het "my diertjie" vir my as 'n goeie vertaling van *meae deliciae* geklink. Daar is beslis attraksie betrokke en vertroeteling, maar dit styg nie uit bo die vlak van dierlike instinkte nie. Catullus maak ook geen geheim van sy agenda nie: *paresque nobis / novem continuas fututiones* (reëls 7-8).

Interessant genoeg bly die meeste vertalers by dieselfde vertaalkeuse as in carmina 2 en 3. Von Albrecht gebruik "meine Wonne", Claes "mijn lieveling", Goold "my beloved", Lee "my darling" en Balmer "my own sweetness". "lieveling", "beloved" en "darling" het myns insiens te veel van 'n romantiese konnotasie om gebruik te word vir 'n courtesane. Garrison (1989:111) verwys wel na Catullus se lys van

komplimente aan Ipsitilla (*dulcis, deliciae, lepores*) as “buttering her up before the imperative *iube*”. Ek sou egter steeds vir *deliciae* ’n meer dubbelsinnige of oppervlakkige vertaling verkies sodat dit vir die leser duidelik sal wees dat Catullus geen romantiese intensies het nie. “Wonne” bly ’n goeie keuse. Hierbo het dit verwys na die mossie as Lesbia se bron van vreugde (emosionele vreugde). Met betrekking tot Ipsitilla verwys dit na die liggaamlike vreugde geassosieer met ’n courtesane. Balmer se “sweetness” is vleierend en sjarmant, maar het nie so ’n sterk emosionele konnotasie soos “lieveling” of “beloved” nie en werk daarom goed in die betrokke konteks.

In carmen 6, wat reeds hierbo bespreek is, verwys *deliciae* weer eens na ’n meisie. In hierdie geval is dit egter ’n vriend se meisie en nie sommer net ’n meisie van die straat nie. Flavius is baie geheimsinnig oor sy nuwe *deliciae* en Catullus probeer uitvis wie dit is deur haar te beledig en sodoende sy vriend te kry om haar te verdedig: *Flavi, delicias tuas Catullo, / ni sint illepidae atque inelegantes, / velles dicere nec tacere posses*; “Flavius, as jou meisie nie onelegant en onverfynd was nie, sou jy van haar gepraat het voor Catullus”.

In hierdie gedig het elke vertaler ’n ander keuse vir *deliciae* gemaak. Von Albrecht se “dein Liebchen” en Claes se “je liefje” is beide gelykstaande aan die Afrikaanse “jou liefjie”. “liefjie” het die nodige romantiese konnotasie wat verwag word en dryf terselfdertyd die spot met die taalgebruik van verliefdes; ’n geldige interpretasie aangesien Catullus deur die hele gedig spot met die tipiese tekens van iemand in ’n romantiese verhouding wat Flavius hard probeer om te verbloem (reëls 6-14). Goold volg dieselfde gematigde interpretasie as ek: “your new girl-friend”. Lee se gebruik van “your pet” vind ek vreemd aangesien hy “darling” gebruik het in die Ipsitilla gedig; dit is andersom meer gepas binne die konteks van elke onderskeie gedig. Balmer se “your darling” is ’n goeie keuse wat in betekenis staan tussen “meisie” en “liefjie”. Daar is vir al drie interpretasies geldige argumente en dit is slegs Lee se vertaling wat in hierdie geval nie die mas opkom nie.

*deliciae* word in carmina 45, 68 (reël 26), 69 en 74 gebruik om te verwys na ’n vreugdevolle geestestoestand. Ek verwys slegs na carmen 45 waar die sprokiesagtige

liefdesverhouding tussen Septimius en Acme beskryf word: *mutuis animis amant amantur* (reël 20).

*uno in Septimio fidelis Acme / facit delicias libidinesque* (reël 23-24): “In Septimius alleen vind getroue Acme al haar vreugdes en plesier”. Aangesien *libidines* in die algemeen gebruik word vir ’n intense, meestal seksuele, begeerte beskou ek *deliciae* in die betrokke konteks as ’n emosionele vreugde. Soos blyk uit die aanhaling in die vorige paragraaf, is die hele gedig gebaseer op die perfekte, byna onwerklike balans wat heers in die verhouding tussen Septimius en Acme. Hulle het mekaar ewe lief; op emosionele sowel as fisiese vlak. Dus word daar weer eens balans gehandhaaf tussen *delicias* en *libidines*.

Feitlik al die vertalers het ’n soortgelyke interpretasie gevolg. Von Albrecht vertaal “ihre Freude und Liebeswonne”, Claes “geluk en genot”, Goold “her pleasure and delight”, Lee “all desires and delights” en Balmer “takes delight, desire, in equal measure”. Slegs Goold en Lee wil voorkom asof hulle die volgorde van die woorde in die Latynse teks omgeruil het. Die woorde “pleasure”, “delight” en “desire” het egter almal ’n wye reeks van betekenisse waaronder geestelike sowel as vleeslike vreugdes tel. Dit berus dus op die ou-end op die persoonlike voorkeure van die Engelse vertaler watter interpretasie hy vir watter Latynse woord verkies.

In carmen 74 (reël 2) verwys *delicias* na vleeslike vreugdes.

#### **4.4 *lepidus* en *venustus***

*Cui dono lepidum novum libellum...* Reeds in die eerste reël van die eerste gedig kry ons te make met een van Catullus (en die ander *poetae novi*) se gunsteling woorde: *lepidus*. Soos Garrison (1989:95) dit in sy kommentaar uitlig: “a key term for Catullus and the *poetae novi*, emphasizing the charm and wit of their ideal...” As ’n woord wat soveel betekenisse opgesluit het (sjarmant, skerpsinnig, elegant, humoristies, aantreklik), kan dit nie deurgaans met dieselfde Afrikaanse ekwivalent vertaal word nie. In hierdie geval, as beskrywing van ’n boekie, het ek op “oulik” besluit aangesien “oulik” goed inpas by die geselstaal van die gedig as geheel en ook ’n verskeidenheid

van betekenis kan hê: knap, skrand, slim, mooi, aantreklik, sjarmant, ougat. Von Albrecht se “nett” en Claes se “leuk” is basies die Duitse en Nederlandse ekwivalente van “oulik”, waar Goold se “pretty” en Lee se “neat” myns insiens nie al die nodige betekenis van *lepidus* dek nie. Balmer se “polished” kan werk, behalwe dat dit die vertaling van *expolitum* (reël 2) bemoeilik. Vir laasgenoemde gebruik sy “smoothed” wat op sigself werk, maar tesame met “polished” in een reël te toutologies voorkom.

In carmen 6 (ook hierbo bespreek) word *lepidus* twee keer aangetref. In die eerste plek verwys dit na Flavius se meisie en word dit in die negatief gebruik: *ni sint illepidae atque inelegantes* (reël 2). Dit kan vanselfsprekend nie met “onoulik” vertaal word nie. Die meisie word ook in dieselfde reël *inelegantes* genoem. Ek het dit egter nie met “onelegant” vertaal nie, maar met “onverfynd” aangesien dit nader is aan die oorspronklike betekenis (“keurig” of “smaakvol”). Die moderne betekenis van “onelegant”, wat spesifiek verwys na ’n persoon se houding, is weer nader aan *illepidae* met die gevolg dat my vertaling van *illepidae atque inelegantes* “onelegant en onverfynd” lui. Von Albrecht vertaal *illepidae* met “ohne Anmut” wat losweg “sonder grasia” beteken. Sy interpretasie is dus soortgelyk aan myne. Goold se “devoid of wit” vind ek te kras en ernstig binne die spottende atmosfeer van die gedig. Catullus is nie daarop uit om Flavius in die gesig te vat nie; hy lok hom eerder uit om minder geheimsinnig te wees oor sy nuwe liefde. Balmer gebruik “stupid” en Lee “unsmart”, beide woorde te flou in die betrokke konteks, waarvan nie een vir my die Latyn goed genoeg weerspieël nie. Claes vervang *ni...illepidae* met “als ze leuk...was” en bly dus by een vertaling van *lepidus*; so ook in reël 17 waar dit ’n vers beskryf: *volo te ac tuos amores / ad caelum lepido vocare versu*. “oulik” sou egter ook nie in laasgenoemde konteks genoeg gesê het om die idee van gesofistikeerdheid tuis te bring nie en ek het gebly by “elegant”: “ek wil jou en jou geliefde na die hemele roep deur my elegante vers”.

*lepidus* word graag saam met *venustus* gebruik; nog ’n geliefde woord van die *poetae novi* wat ’n wye reeks moontlike vertalings het; enige iets van “sjarmant”, “pragtig”, “grasieus”, “aantreklik” tot “verruklik”. Soos Fordyce (1961:93) dit stel: “*venustus* is clearly one of the ‘fashionable’ words of Catullus’s society...he uses it of his friends (13.6), of his Lake Garda (31.12), of a fellow poet’s work (35.17), all objects which

call out his emotion”. Daarom sal die vertaler ook ’n woord moet soek wat sterk emosioneel is.

Die eerste en waarskynlik bekendste plek waar *venustus* aangetref word, is in die tweede reël van carmen 3 met die dood van Lesbia se mossie: *lugete, o Veneres Cupidinesque / et quantum est hominum venustiorum*; “Treur Venusse en Cupido’s en alle saggeaarde mense!” *venustiorum* is in die vergrotende trap en vertaal letterlik met “meer grasieuse”. Die digter spreek dus ’n uitgesoekte groep mense aan wat voldoen aan sy standaard van gesofistikeerdheid en selfs nog ’n trappie hoër is. Aangesien hulle in dieselfde asem genoem word as die liefdesgode is die klem hier op ’n sekere liefdevolle, sensitiewe gees wat geroer sal word deur die dood van ’n geliefde troeteldier; so het ek by “saggeaard” uitgekom. Von Albrecht “und all ihr Leute, die ihr zarter besaitet seid!” kan vertaal word met “julle mense wat fyner besnaard is”. Dit is myns insiens ’n uitstekende vertaling aangesien “fyn besnaard”, soos *venustus*, ’n soortgelyke wye reeks interpretasies het; dit kan sowel dui op fyn maniere as op ’n sagte hart. Claes se “mensen met smaak en gevoel” vertaal die inhoud, maar ’n enkele woord sou minder lomp geklink het. Kal se “en gij allen, o meer verfijnde lieden” is baie naby aan die oorspronklike teks en ’n gepaste, sensitiewe weergawe. Goold se interpretasie van “and all the lovers that there are” is te eensydig en plaas te veel fokus op die erotiek eerder as op die besondere status van mense wat *venustiores* is. Lee se “and all the lovelier people there are” is ’n goeie en getroue weergawe van die Latynse teks. “lovely” plaas egter ’n beperking op die moontlike interpretasies. Balmer neem redelike vryhede met haar vertaling: “all men who think and feel it”. “think” dui op die gesofistikeerde sy en “feel” op die sensitiewe ingesteldheid van sulke mense. Dieselfde kritiek as op Claes se vertaling is egter hier ook ter sprake. Haarhoff se vertaling stem baie ooreen met Von Albrecht s’n: “Fyn-besnaarde mense ween!”

In carmen 10 word *lepidus* en *venustus* byna as sinonieme gebruik in reël 4. Dit is ’n spottende gedig soortgelyk aan carmen 6, maar hierdie slag spot Catullus met homself en gee sodoende ’n kompliment aan Varus se *scortillum* wat hom in ’n leun uitgevang het: *non sane illepidum neque invenustum*. My vertaling lui “nie totaal onsjarman of onelegant nie”. Alhoewel hierdie gedig nie in al die betrokke vertalings opgeneem is nie, is die interpretasie soortgelyk aan myne waar dit wel voorkom. Von Albrecht kies

“gewiß weder an Witz noch an Charme fehlte” wat byna presies ooreenstem met Goold se vertaling: “though not without wit or charm”. Lee se vertaling is ook nie baie ver van die reeds genoemde vertalings nie: “by no means unwitty or unattractive”; so ook Balmer alhoewel sy blyk om *illegidum neque invenustum* om te ruil: “if not without some style or charm”. Alhoewel *lepidus* en *venustus* dikwels oorvleueling in betekenis het, dui eersgenoemde tog in hierdie betrokke gedig meer op houding en welsprekendheid en laasgenoemde op fisiese voorkoms.

Na gelang van die konteks is dit dus nie te moeilik om ’n gepaste vertaling vir *lepidus* of *venustus* te vind nie. Die groot uitdaging lê daarin om ’n woord te vind wat betekenisvol genoeg is om die ideale van die *poetae novi* te kan weergee. (Sien byvoorbeeld carmina 31, 78, 86, 89.) Ek wil egter ten slotte ’n reël uit carmen 86 uitlig aangesien dit veral in hierdie betrokke gedig ’n gelaaide betekenis het en ’n kardinale deel van die gedig uitmaak.

Catullus beskryf ’n sekere Quintia wat deur baie mense as baie aantreklik beskou word. In die eerste twee reëls noem hy drie enkele kwaliteite wat dalk aanleiding kon gegee het tot haar gevolg (*haec ego sic singula confiteor*): sy is *candida*, *longa* en *recta*; suiwer fisiese kenmerke. Maar in reël drie gee hy die rede waarom hy geheel en al nie kan sê dat sy mooi is nie: *nam nulla venustas*; “sy het geen sjarme”. Catullus plaas die woord *venustas* (hierdie keer ’n selfstandige naamwoord) op ’n beklemtoonde plek aan die einde van die reël en dit vorm die klimaks van die gedig. Sjarme en welsprekendheid is sulke onmisbare vereistes vir die *poetae novi* dat iemand wat daaraan kortkom nooit vir hulle *formosa* kan wees nie. Dit is alleen genoeg rede vir Catullus om beswaar te kan maak teen die bohaai van die massas oor Quintia se skoonheid.

Von Albrecht gebruik weer eens “Anmut” (grasie), ’n gepaste vertaling. Claes gebruik ’n baie moderne term, “sex-appeal”, wat ’n verdere byderwetse dimensie kry deurdat dit in Engels is; ’n algemene neiging in komtemporêre Nederlands. Ek vind egter hierdie vertaling te modieus en eensydig. Soos hierbo genoem, is Quintia fisies aantreklik genoeg, maar sy skort iets wat van binne kom en wat meer behels as “sex-appeal”. Catullus en sy groep nabye vriende strewe na ’n sekere houding wat ’n mens in ’n ander klas as ander plaas; dit wat verwoord word in *lepidus* en *venustus*. By die



drie Engelse vertalings is daar byna geen verskil nie. Goold en Lee kies beide “charm” en Balmer se “no real charm” voeg ’n ekstra klem by die feit dat Quintia se skoonheid baie oppervlakkig is.

#### **4.5 Enkele frases wat kommentaar vereis**

[Let wel: die bedorwe/ontbrekende reëls in carmina 25 (reël 5) en 95 (reël 4) het ek aangevul met behulp van Garrison se kommentaar.]

Afgesien van individuele woorde wat ’n uitdaging aan die vertaler stel, is daar ook verskeie frases of idiomatiese uitdrukkings wat uit die vertaling sal blyk nie maklik vertaalbaar was nie. Weens die volume van die gedigte, het ek enkele voorbeelde uitgekies waar die bewoording streng idiomaties-Afrikaans is en die verband met die oorspronklike nie so ooglopend is nie.

Die uitroep *Iuppiter* in reël 7 van carmen 1 het ek vervang met “inderdaad”, aangesien ons nie ’n ekwivalent vir die Engelse uitroep “by Jove” (soos gebruik deur Goold) het nie. Die funksie van die uitroep is om die geleerdheid (*doctis*) van Cornelius se werke te beklemtoon; dit word effektief gedoen met “inderdaad” wat ook op sigself as ’n uitroep kan funksioneer. Balmer, Lee en Von Albrecht gebruik “by Jupiter/beim Iuppiter” en Claes voeg dit saam met *doctis* as “donders geleerde”. In hierdie geval verkies ek Goold en Claes se vertalings, want, net soos wat Catullus se taalgebruik in hierdie gedig informeel en persoonlik is, weerspieël hulle vertaalkeuses tipiese geselstaal. “by Juppiter” is nie ’n natuurlike Engelse uitdrukking soos “by Jove” nie en dra nie die effek van ’n uitroep oor nie. Dieselfde geld vir die Duits “beim Iuppiter”.

’n Soortgelyke aanpassing van ’n uitroep word aangetref in my vertaling van carmen 53 met *di magni* (reël 5) wat ek met “liewe hemel” vertaal het. Die register van die gedig is lig en spottend en die taalgebruik gesprekstaalgebonde. Daarom vereis dit ook in vertaling ’n algemene uitroep. “liewe hemel” is ’n algemene Afrikaanse uitroep wat in die omgangstaal gebruik word. Net soos *di magni* druk dit verbasing

uit. Die woord “hemel” bring die Afrikaans nog nader aan die oorspronklike deurdat dit direk verband hou met die gedagte van ’n god/gode.

Die vertalers is almal eens oor die vertaling van *di magni*: Von Albrecht, “Große Götter”, en Claes, “Grote goden”. Goold en Lee gebruik ook beide “Great Gods”. Die woord “Gott”, “god” of “God” in die meervoud is egter nie ’n algemene uitroep in Duits, Nederlands of Engels nie; slegs in die enkelvoud druk dit verbasing uit (ongetwyfeld beïnvloed deur die monoteïsme van die Christendom). Daarom is Balmer se “God” die effektiëste weergawe in gesprekstaal. Die uitroep word daagliks in Engelse films gehoor en het so ’n gematigde betekenis gekry dat daar nie meer aan gedink word as potensieel lasterlik nie.

In carmen 2 is die interpretasie van reëls 7-8 nie voor die hand liggend nie; daarom ook nie die vertaling nie. *Et solaciolum sui doloris, / credo, ut tum gravis acquiescat ardor*; “As effense vertroosting vir haar pyn, glo ek, wanneer die hartstog swaar op haar druk” (my vertaling). ’n Letterlike vertaling sou lui: “en effense vertroosting vir haar pyn, glo ek, sodat die diepe hartstog dan tot ruste kom”. Die teks is bederf in hierdie reëls en kritici is nog nie ’n oplossing nie. Ook die feit dat daar geen werkwoord by *solaciolum* staan nie, maak dit moeilik om presies te verstaan hoe dit in die sin inpas. Catullus se bedoeling is egter duidelik: Lesbia kan speel met haar troeteldiertjie en vergeet van haar hartstog, maar hy kan geen verligting vind van die diep gevoelens wat hy vir haar koester nie. Ek het dit daarom aanvaarbaar gevind om vryer te vertaal en, deur te hou by die woorde van die oorspronklike, in idiomatiese Afrikaans die gedagte oor te dra van Lesbia se sorgeloosheid teenoor Catullus se intense passie wat vir hom soos sorg voel (*curas*). *gravis ardor* het ek omskryf met hartstog wat swaar op ’n mens druk aangesien *gravis* se primêre betekenis “swaar” of “drukkend” is. Dit dra ook ’n sterker boodskap oor as bloot “diepe hartstog”. Die gedagte wat die digter wil tuisbring, is juis die feit dat Lesbia, deur so ’n klein ietsie te doen soos speel met haar mossie, so ’n sterk gevoel kan kalmeer; iets wat hy begeer om te doen, maar nie kan nie. Die gevolgsin met *ut* het ek implisiet vertaal in die frase “as effense vertroosting vir haar pyn”. Die belangrike gedagte word natuurlik vervat in “as”.

Von Albrecht vervang *et* in reël 7 met *ut* en sy vertaling lui: “als kleinen Trost für ihren Schmerz, dann, glaub ich, wird die heftige Glut beschwichtigt”. “beschwichtigen” beteken “tot bedaring bring” en “Glut” (gloed) het ’n figuurlike betekenis wat sinoniem is met “passie”. Von Albrecht se vertaling is daarom gepas: dit lees idiomaties in die Duits, maar behou die sinskonstruksie van die oorspronklike. Kal skep ’n besonder mooi vertaling van die twee reëls wat getrou is aan die teks (sonder korreksies) en in idiomatiese Nederlands die digter se worsteling suksesvol oordra: “tot een klein beetje troost voor wat haar pijn doet, waardoor, meen ik, haar fel gemoed dan rust vindt”. “klein beetje troost” is ’n gepaste vertaling in geselstaal soortgelyk aan *solaciolum* en skep effektiewe kontras met “haar fel gemoed”. Claes se vertaling is taamlik vry: “moet jij als troost in haar verdriet haar vurige zinnen wat verzetten?” Hy skep die indruk dat die spreker die mossie beskuldig, veral tesame met sy vertaling van reëls 5 en 6: “wat zou mij stralende schat bezielen om zoveel pret met je te maken?” Ek voel egter nie dat dit Catullus se bedoeling is nie. Hy is duidelik gefrustreerd en belas deur die situasie, maar hy blameer nêrens die voëltjie vir Lesbia se onbereikbaarheid nie. Hy ervaar ’n diep persoonlike verlange en dit is sy *onvermoë* om daarvan ontslae te raak wat hy uitdruk in carmen 2; nie woede omdat Lesbia tyd met haar troeteldiertjie spandeer nie.

Haarhoff omskryf die Latyn baie vrylik, maar sy interpretasie stem ooreen met al die bogenoemde en die betekenis is onmiddellik duidelik: “Met sulke speelsheid vir die oomblik in haar skik, / Vergeet sy dalk haar hart se liefde-pyn”. Die klem is op Lesbia se speelsheid teenoor Catullus se erns.

*Paene insularum, Sirmio, insularumque / ocelle...*; “Sirmio, pêrel van skiereilande en waarlik van alle eilande...” (carmen 31, reël 1-2) Fordyce (1961:167) verwys na hierdie reëls in sy kommentaar as volg: “‘gem of all the peninsulas – and all the islands, for that matter’, enhancing the compliment”. Op grond hiervan het ek die woord “waarlik” by my vertaling ingevoeg. Sirmio is ’n skiereiland, maar Catullus plaas dit selfs ’n trappie hoër: dit is ook mooier as elke eiland. Die invoeging van “waarlik” vergemaklik verder die lees van die betrokke reël omdat “skiereilande” en “eilande” effens verder uit mekaar staan en sodoende die leser se aandag beter op die onderskeid vestig. Die Duitse en Nederlandse vertalings stem presies ooreen: Von Albrecht, “Perle aller Halbinseln und Inseln”, en Claes, “parel van alle schiereilanden

en eilanden”. Goold se vertaling blyk of dit ooreenstem met Fordyce se interpretasie: “Sirmio, gem of all-but-islands and of islands one and all”. Lee is die getrouste aan die oorspronklike: “Of almost islands, Sirmio, and islands the jewel”. Deur te bly by die Latynse woordorde word die onderskeid tussen skiereilande en eilande tipografies beklemtoon en sodoende die kompliment. Balmer is redelik interpreterend in haar vertaling: “Of pseud-islands and true islands, Sirmio, you’re the best sight for these eyes”. Catullus verwys wel in reël 4 na sy blydskap om sy geliefde skiereiland te aanskou waar reëls 1 en 2 vir my eerder dui op Sirmio se natuurskoon. Ek stem daarom nie saam met Balmer se omskrywing van *ocelle* nie. Haarhoff ruil wel die woordorde van die oorspronklike om, maar bly getrou aan die teks met “O Sirmio van al die eilande / En byna-eilande in see of meer / Die pêrel”. “byna-eilande”, soortgelyk aan Goold se “all-but-islands”, gee die unieke uitdrukkingswyse van die Latyn pragtig weer sonder om lomp te klink in die vertaling.

*Hoc est quod unum est pro laboribus tantis* (reël 11) het ek vertaal met “hierdie is reeds op sigself soveel inspanninge werd”. Ek het *quod unum est* idiomaties vertaal met “op sigself”. Aangesien dit “alleen” of “op sy eie” beteken, is dit maklik herleibaar na *quod unum est*, maar minder lomp in vertaling as wat die letterlike, “hierdie is die een ding wat alleen beloning is”, sou gewees het. Ek verwys slegs na enkele van die ander vertalings. Claes se vertaling is soortgelyk aan my eie, net vryer: “hiermee is al mijn gezwoeg vergoed”. Sy weglating van ’n woord soos “alleen” of “net” neem egter van die klem weg wat die spreker in die oorspronklike op sy oorweldigende vreugde plaas. Lee skep ’n effektiewe vertaling, getrou aan die bronteks: “This on its own makes up for all the hardship”; en Balmer se vertaling is kort en kragtig: “one spoil worth all the toil”. Haarhoff gebruik “Dit, dit alleen kan ooit vergelding word / Vir al die swoeg”. Sy herhaling van “dit” gee iets weer van die sinskonstruksie van die bronteks, maar bly vlot in die doeltaal.

In die *Ipsitilla*-carmen (32) waarna reeds verwys is, is daar nog ’n woord wat dinkwerk geverg het in vertaling. *Amabo, mea dulcis Ipsitilla* het ek vertaal met “wees tog so gaaf, my soete *Ipsitilla*”. Die figuurlike gebruik van *amabo* is soortgelyk aan “asseblief”. Catullus is egter nie besig om te smee nie. Hy skimp eerder om uitgenooi te word: “[he is] angling for a postprandial visit” (Garrison, 1989:111). Daarom het ek “wees tog so gaaf” as vertaling gekies; dit is nie so direk of desperaat

soos “asseblief” nie en dra die gedagte van ’n spottende versoek effektief oor. Catullus is nie besig om ernstig te wees nie. Eers maak hy haar sag met allerhande vleitaal (*dulcis, deliciae, lepores*); dan maak hy sy bedoelings baie duidelik in kru taal en oordadigheid (*novem continuas fututiones*) en laastens eindig hy sy versoek af met ’n oordrewe beeld (*pertundo tunicamque palliumque*). Soos Quinn (1976:188) dit stel: “Plainly Ipsitilla, if she existed, is being mocked”.

Von Albrecht bly by “asseblief” met die Duitse ekwivalent “Bitte”. Goold en Lee gebruik beide “Please” en Balmer brei dit effens uit met “Please please me”. Claes volg, soos ek, ’n meer subtile benadering: “Je bent een schat, Ipsicilla(sic)...als ik voor de siësta mag komen”. Sy vertaling is effektief spottend en informeel; daarom die geskikste van die lot.

In carmen 35 wil ek na twee reëls verwys wat ek taamlik idiomaties vertaal het. Eerstens het ek die teenwoordige deelwoord *euntem* (reël 9) omskryf met “met sy vertrek”. Soos reeds genoem, is deelwoorde, veral die teenwoordige, moeilik vertaalbaar in Afrikaans aangesien dit byna uitsluitlik informeel gebruik word en selfs dan relatief obskuur voorkom. ’n Voorbeeld sou wees “al spartelende het hy die wal bereik”. Dit word egter nie as “goeie” Afrikaans beskou nie en meestal moet die spreker maar berus by ’n konstruksie wat die woord “terwyl” insluit. (Die uitsonderings is gevalle waar die deelwoord as ’n byvoeglike naamwoord funksioneer soos my vertaling van carmen 70, reël 4.) Ek het daarom “met sy vertrek” as ’n goeie idiomatiese vertaling van *euntem* beskou; dit sluit die gedagte van ’n gelyktydige handeling in en dra die betekenis van “weggaan”. Von Albrecht gebruik “beim Aufbruch”. “Aufbruch” is die Duitse ekwivalent van “vertrek”; dus is sy Von Albrecht se interpretasie dieselfde as myne. Die Engelse taal leen homself natuurlik tot teenwoordige deelwoorde en Goold se “going” is die naaste aan die oorspronklike van al die vertalings. Balmer se “on his way out” funksioneer presies dieselfde as my vertaling en omskryf die deelwoord effektief. Lee laat die deelwoord uit.

*illum deperit impotente amore* (reël 12) het ek vertaal met ’n Afrikaanse idioom: “sy...is tot oor haar ore verlief op hom”. Dit kom waarskynlik voor as ’n baie vry vertaling en geensins bronteks-georiënteerd nie, maar tog dra dit die betekenis van magtelosheid weens liefde (*impotente amore*). Verder word die frase *deperire amore*

figuurlik gebruik om “waansinnig verlief” te beteken; soos Garrison (1989:113) dit noem: “a comic idiom”. In die lig hiervan het my figuurlike vertaling heeltemal gepas voorgekom. Die vertalers onder bespreking het feitlik almal die vertaling letterlik benader. Von Albrecht gebruik “Sie vergeht jetzt...vor heftiger Liebe zu ihn”; Goold: “loves him to distraction with an uncontrollable love”; Lee: “Dying of desperate love for him” en Balmer, “she’s wasting away, consumed with love”. Ek beskou Goold se vertaling as die beste weergawe aangesien hy dit meer figuurlik benader het. In al die ander vertalings word *deperire* te letterlik vertaal met woorde wat na die dood verwys. Soos hierbo genoem, is die frase *deperire amore* dikwels in komedies gebruik; daarom is dit veilig om te aanvaar dat Catullus dit nie letterlik sou gebruik nie.

In carmen 37 het ek van ’n Engelse woord gebruik gemaak aangesien ons eerstens nie ’n geskikte woord in Afrikaans het nie en tweedens die Engelse woord so algemeen gebruik dat dit nie meer uit plek klink in ’n Afrikaanse konteks nie. Verder leen die inhoud en kru woordgebruik van die gedig ook tot ’n vertaling in minder gesofistikeerde taal. Quinn (1976:203) verwys na die *contubernales* (reël 1) as “habitueés of the same *taberna*”. Ek het dit daarom met “regulars” vertaal. Ek het egter gevoel dit funksioneer as ’n aanvaarbare woord in Afrikaanse gesprekstaal en dit daarom nie in kursief geplaas nie. Die kantien waar die beskuldigdes uithang is *salax* (“wellustig”); dit vererger daarom die feit dat hulle *gereeld* daar uithang. Claes se “Vaste kliente” en Goold se “regulars” is vertaling. Von Albrecht se vertaling bly meer algemeen met “Kneipengänger”, so ook Lee met “Inn-attendants” en Balmer met “inn-mates”. Hulle verwys dus na kliente van die kroeg in die algemeen en nie noodwendig na gereelde besoekers nie. Beide interpretasies werk goed in vertaling; dit blyk egter of Catullus diegene ken wat hy aanspreek, hy noem immers een op die naam (Egnatius). Daarom beskou ek “regulars” of “vaste kliente” as die beste vertalings.

In carmen 38 het ons weer eens te make met ’n uitroep wat nie direk vertaalbaar is in idiomatiese Afrikaans nie. Anders as *di magni* druk *me hercule* woede en frustrasie uit. Ek moes dus in Afrikaans gaan soek vir ’n woord wat daardie gevoelens uitdruk en steeds die erns van Catullus se gevoelens oordra. Ek het op die ou-end met “demmit” vorendag gekom. Hierdie is egter nie ’n leenwoord nie, maar ’n erkende


Afrikaanse woord met 'n eie Afrikaanse spelling (sien die HAT van 2000). Die feit dat dit in Afrikaans is, versterk die betekenis aangesien 'n kragwoord vir Afrikaanssprekendes meer gematig klink as dit in 'n ander taal is. Goold het dieselfde interpretasie as ek gevolg en sy vertaling lui “dammit”. Von Albrecht, Lee en Balmer het 'n letterlike benadering gevolg: “beim Hercules”/“by Hercules”. Laasgenoemde het egter hoegenaamd nie die trefkrag wat 'n Duitse of Engelse idiomatiese uitdrukking sou hê nie; dit dra nie Catullus se diep frustrasie na die vertaling oor nie en laat iets van die oorspronklike verlore gaan.

Ek het ook bogenoemde benadering in gedagte gehad met my vertaling van *irascor tibi* (reël 6): “ek is die moer in vir jou”.

In carmen 50, reël 3, het ek *delicatos* met “gruwelik” vertaal. Ek is na hierdie vertaling gelei deur Garrison (1989:120): “*delicatos* covers a range of meanings, including frisky, risqué, elegant, naughty”. “gruwelik” dek vir my 'n soortgelyke reeks betekenisse wat strek vanaf “afgrypslik” tot “ondeund” of “onnutsig”. Weens die vrolike stemming van die gedig en die verwysing na Catullus en Licinius se speelsheid (*lusimus*) “oor 'n glasië wyn” (*per iocum atque vinum*) het “gruwelik” vir my as 'n baie gepaste vertaling voorgekom. Von Albrecht gebruik “ausgelassen” wat vertaalbaar is met “uitgelate” of “uitbundig”. Alhoewel dit nie werklik die konnotasie van ondeundheid het nie, bevat dit tog die gedagte van oordadigheid en is in daardie opsig 'n effektiewe vertaling. Goold se “having agreed to enjoy ourselves” vind ek te flou en onspesifiek. Lee se vertaling, “as we'd agreed to be frivolous” (“ligsinnig”), vind ek gepas. Catullus en Licinius was duidelik nie besig met ernstige verse nie – hy noem dit immers “versies” (*versiculos*) – en daarom pas “ligsinnig” by die konteks. Balmer se “for we'd agreed to be salacious” (“wellustig”) vind ek egter weer te spesifiek en oordrewe. “wellustig” het 'n baie negatiewe konnotasie wat “onnutsig” of “naughty” nie het nie. Laasgenoemde verwys eerder na 'n onskuldige soort stoutheid soos wat 'n mens sou verwag tussen goeie vriende. Claes laat *delicatos* uit sy vertaling.

Ek wil ten slotte verwys na die meriete van alternatiewe vertalings, selfs deur dieselfde vertaler. Ek het twee vertalings van carmen 75 gedoen. Die eerste vertaling is volkome getrou aan die oorspronklike teks. Die enigste verskil is dat ek die woorde

wat na *mens* terugverwys, manlik vertaal het, aangesien die vroulik te vreemd sou klink in 'n taal waar selfstandige naamwoorde nie geslagte het nie. In die tweede vertaling het ek gestreef na 'n estetiese weergawe met 'n mate van rym wat nogtans relatief naby aan die oorspronklike is. Waar die eerste vertaling die leser toegang bied tot die konstruksie van die Latynse teks en die unieke uitdrukking van gedagtes in die brontaal (soos die personifikasie van *mens*), bevat die tweede vertaling al die betekenis van die eerste in 'n meer gekonsentreerde, poëtiese weergawe. Dit word 'n interessante en uitdagende spel vir die vertaler om ná 'n filologiese vertaling, 'n poëtiese vertaling aan te pak en sodoende die idiomatiese kwaliteit van sy eerste vertaling te meet.






## Slot

Ongelukkig vir die leser wat nie kennis van die brontaal dra nie, bly 'n literêre vertaling altyd 'n kopie van die oorspronklike vergelykbaar met die afdruk van 'n meesterlike kunswerk: die geheelbeeld is daar en dikwels soortgelyk esteties, maar die kunstenaar se unieke kwashale en verfaanwending is nie sigbaar nie. Net so gaan die unieke styl van 'n digter of prosaskrywer deels verlore in vertaling. Nie eens die beste moontlike vertaling, in die hande van die grootste woordkunstenaar, kan die rykheid van die metrum, woordorde, woordkeuses, beeldspraak en bekoring van 'n Goue Latynse gedig ten volle weerspieël nie. Tog is daar vertalings wat reg kan laat geskied aan die oorspronklike, ten spyte van tekortkomings. Die onus rus op die vertaler om vir sy lesers die beste moontlike toegang tot die bronteks te bied, afhange van hul spesifieke behoeftes. Dit is hier waar die belangrikheid van die vertaalopdrag inkom.

In my strewe na 'n bronteks-georiënteerde Afrikaanse vertaling van Catullus, het die subjektiwiteit van vertaling my opnuut bygeval. 'n Gedig roep 'n spesifieke gevoel by elke leser op en daardie gevoel kan verskil van mens tot mens, in 'n meerdere of mindere mate. 'n Mate van interpretasie vorm daarom 'n onlosmaaklike komponent van vertaling en op 'n debateerbare punt moet die vertaler eenvoudig 'n keuse maak. Indien die vertaler egter voortdurend hou by die vertaalopdrag, word subjektiwiteit geminimaliseer en word die behoeftes van die ontvangers bo dié van die tussenganger (vertaler) gestel. Dit is presies waarna ek gestreef het in my vertaling van die *Catulli Carmina*. Ek vertrou daarom dat ek, na die beste van my vermoëns, iets van Catullus se besondere styl en inhoud weergegee het. Tesame hiermee hoop ek om die potensiaal van Afrikaans as toegangsmiddel tot 'n antieke teks, opnuut onder lesers se aandag te bring.

Vir die vergelykings in die laaste hoofstuk moes ek berus by die nuutste vertalings wat tot my beskikking was. Hulle verteenwoordig slegs 'n druppel in die emmer, maar 'n mens word tog baie wys uit hierdie enkele voorbeelde. Eerstens dra elke taal van nature iets van sy individuele karakter aan die vertaling oor; dit is onvermydelik indien 'n mens 'n idiomatiese vertaling verlang. Tweedens word 'n mens bewus van

die onophoudelike aktiwiteit rondom die vertaling van klassieke tekste. Met soveel vertalings in soveel tale beskikbaar, kom daar steeds voortdurend nuwes te voorskyn. Die behoefte word nooit versadig nie en omdat perfeksie nie bereikbaar nie, sal daar nooit ontbreek aan motivering vir nog 'n nuwe vertaling nie.



## Bronnelys

- Balmer, Josephine. (vert.) 2004. *Catullus. Poems of Love and Hate*. Tarsset:Bloodaxe Books.
- Basson, Catherina S. 2002. 'n Funksonalistiese benadering tot Bybelvertaling. Tesis (MPhil, vertaling) – Universiteit van Stellenbosch.
- Claes, Paul. (vert.) 2000. *Catullus. Liedjes voor Lesbia*. Amsterdam:Athenaeum – Polak & Van Genneep.
- Fairclough, H. R. (vert.) 1966. *Horace. Satires, Epistles and Ars Poetica*. London:William Heinemann.
- Fordyce, C.J. (red.) 1961. *Catullus. A commentary*. Oxford:Clarendon.
- Garrison, Daniel H. (red.) 1989. *The Student's Catullus*. London:Routledge.
- Goold, G.P. (vert.) 1983. *Catullus*. London:Duckworth.
- Haarhoff, T.J. (vert.) 1937. *Die liefde van Catullus*. Bloemfontein:Nasionale Pers.
- Hatim, Basil. 2001. *Teaching and Researching Translation*. Harlow:Longman.
- Hubbell, H.M. (vert.) 1949. *Cicero. De inventione. De optimo genere oratorum. Topica*. London:William Heinemann.
- Kal, Jan. (vert.) 2000. *Catullus. Laat ons leven en minnen. De mooiste liefdesgedichten*. Amsterdam:Bert Bakker.
- Lee, Guy. (vert.) 1990. *The Poems of Catullus*. Oxford:Clarendon.
- Munday, Jeremy. 2001. *Introducing translation studies. Theories and applications*. London:Routledge.
- Nord, Christiane. 1997. *Translating as a Purposeful Activity. Functionalist Approaches Explained*. Manchester:St. Jerome.
- Nord, Christiane. 2002. "Bridging the cultural gap. Bible Translation as a case in point." *Acta Theologica* 22(1):98-116.
- Quinn, Kenneth. (red.) 1976. *Catullus. The Poems*. London:Macmillan.
- Von Albrecht, Michael. (vert.) 2001. *Catull. Sämtliche Gedichte*. Stuttgart:Philipp Reclam jun.